

***Die ontwikkeling, stand en toekoms van Afrikaans in
SWA/Namibië***

Elizabeth Gertruida van der Merwe, B.A., B.A. Hons., M.A.

Proefskrif goedgekeur vir die graad Doctor Litterarum in Afrikaans-Nederlands in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor : Prof. H.G.W. du Plessis

Potchefstroom

1989

C₉H₁₀O₈Yn

Voorwoord

Ek spreek my oopregte dank uit teenoor die volgende persone en Instansies sonder wie se hulp dit nie moontlik sou gewees het om hierdie proefskrif te skryf nie:

- prof. Hans du Plessis, my promotor, vir sy tyd, raad en leiding, vir al sy boeke, tydskrifte, verslae, ens. wat allyd tot my beskikking was, vir data en inligting wat hy gereeld van SWA/Namibië af vir my saamgebring het, vir hulp met rekenaarprobleme en ook vir sy voortdurende aanmoediging;
- prof. G.S. Nienaber vir waardevolle raad en die beskikbaarstelling van sy kopie van die Quellen asook voorlopige proewe van gedeeltes van Khoekhoeense slamname;
- dr. K.F.R. Budack vir sy hulp tydens my besoek aan Windhoek;
- personeel van die Staatsargief in Windhoek;
- personeel van die Estorff-naslaanbibliotheek in Windhoek;
- personeel van die ELC se argief in Windhoek;
- personeel van die Staatsargief in Kaapstad;
- personeel van die NG-Kerkargief in Kaapstad;
- mev. M.E. Turley van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Kaapstad vir haar hulp met die identifikasie van die Bybel wat deur Knudsen gebruik is;
- personeel van die museum op Polchetsvlei vir hulle pogings om 'n Bybel te vind wat gebruik kon word vir 'n vergelyking tussen die Ryksboek en 'n Bybel;
- prof. J. van der Elst, hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands, PU vir CHO, vir die leen van sy Statebybel wat 'n familie-erfstuk is, asook vir voortdurende aanmoediging;

- mnr. Allie Coetzer, adjunk-sekrelaris van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, vir inligtingstukke;
- dr. C.P. Heese vir 'n kopie van *Sendingonderwys in Suidwes-Afrika 1806-1870*;
- personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek van die PU vir CHO;
- personeel by die PU vir CHO se Rekenaardienste ;
- proff. Daan Wybenga en Daan Wissing vir waardevolle raad en aanmoediging;
- die RGN en FAK vir finansiële bysland;
- Ann Dry vir die Engelse vertaling van die opsomming;
- my ouers, skoonouers, grootouers, broers en sussie vir hulle voordurende belangstelling en aanmoediging, en in die besonder my ma vir hulp met die proeflesery;
- my man, Jannie, vir sy geduld en aanmoediging asook vir sy hulp met alles wat op 'n rekenaar gedoen moes word.

Bo alles, my dank aan God.

Inhoudsopgawe

1.0 Hoofstuk 1	1
 Inleiding	1
 1.1 Probleemstelling	1
 1.2 Doelstelling	1
 1.3 Ondersoekmetodes	3
2.0 Hoofstuk 2	5
 Die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië	5
 2.1 Inleiding	6
 2.2 Die Oorlams	7
 2.3 Die laal van die Oorlams	15
 2.4 Die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië	16
 2.4.1 Die Basters	17
 2.4.2 Die blankes	21
 2.5 Die funksie van Afrikaans	23
 2.6 Samevatting	29
3.0 Hoofstuk 3	30
 Oorlam-Afrikaans	30
 3.1 Inleiding	31
 3.2 Dalaversameling	32
 3.2.1 Inleiding	32
 3.2.2 Dalaversameling	32
 3.2.3 Betroubaarheid van die data	35
 3.3 Dalaverwerking	39
 3.3.1 Inleiding	39
 3.3.2 Hantering van teksle	39
 3.3.3 Vergelykingsbasis	41
 3.3.4 Die skrywers van die teksle	44
 3.3.4.1 Die Ryksboek	44
 3.3.4.2 Die Vredestraktaat van !Hoaxa!nas	45
 3.3.4.3 Afrikanerbrief	46

3.3.4.4	Briewe uit die Quellen	47
3.3.4.5	Gevolgtrekking	49
3.4	Data-interpretasie	49
3.4.1	Inleiding	49
3.4.2	Leksikale variante	50
3.4.3	Fonologiese variante	54
3.4.3.1	Fonologiese varlante wat ooreenstem met standaard-Afrikaans	54
3.4.3.2	Fonologiese variante wat ooreenstem met Oranjerivier-Afrikaans	60
3.4.3.3	Samevatting	65
3.4.4	Grammatiese varlante	66
3.4.4.1	Verbale vorme	67
3.4.4.2	Nominale vorme	71
3.4.4.3	Lidwoordweglating	77
3.4.4.4	Besitkonstruksies	78
3.4.4.5	Afleidingsmorfeme	80
3.4.4.6	Samevatting	81
3.5	Samevatting	81
4.0	Hoofstuk 4	84
	Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië	84
4.1	Inleiding	85
4.2	Die stand van 'n taal	85
4.2.1	Taalkennis	85
4.2.2	Taalgebruik	86
4.2.3	Taalvoorkeur	88
4.3	Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië	89
4.3.1	Die stand van Afrikaans in die 20ste eeu	90
4.3.1.1	Taalkennis	91
4.3.1.2	Taalgebruik	92
4.3.1.3	Taalvoorkeur	93
4.3.1.4	Samevatting	98
4.3.2	Die stand van Afrikaans teen die middel van die 19de eeu	98
4.3.2.1	Taalkennis	98

4.3.2.2 Taalgebruik	99
4.3.2.3 Taalvoordeur	99
4.3.2.4 Samevalting	100
4.4 Die groei/agteruitgang van Afrikaans in SWA/Namibië	100
5.0 Hoofstuk 5	102
Taalbeplanning	102
5.1 Inleiding	103
5.2 'n Definisie van taalbeplanning	103
5.3 Die anatomie van taalbeplanning	105
5.3.1 Inleiding	105
5.3.1.1 Korpusbeplanning	106
5.3.1.2 Statusbeplanning	107
5.3.1.3 Hulpbronbeplanning	107
5.3.2 Die taalbeplanningsproses	108
5.3.2.1 Hulpbronbeplanning	109
5.3.2.2 Inligtingversameling	109
5.3.2.3 Doelwitbepaling	110
5.3.2.4 Implementering	115
5.3.2.5 Evaluasie	117
5.3.2.6 Skemaliese voorstelling van die taalbeplanningsproses	119
5.4 Taalbeplanners	120
5.5 Voorwaardes vir die sukses van taalbeplanning	122
6.0 Hoofstuk 6	124
Slot	124
6.1 Samevalting en gevolgtrekking	124
6.2 Aanbevelings	126
6.2.1 Aanbevelings vir korpusbeplanning	127
6.2.2 Aanbevelings vir statusbeplanning	129
7.0 Bylae A	133
Die Ryksboek van die Bethaniërs	133

8.0 Bylae B	184
Die Vredestraktaat van Hoaxalnas	184
9.0 Bylae C	187
Oorspronklike Afrikanerbrief	187
10.0 Bylae D	189
Afskrifte van brieve uit die Quellen	189
11.0 Abstract	202
12.0 Bronnelys	205
Argivale bronne	224

1.0 Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Probleemstelling

Die onafhanklikwording van SWA/Namibië sal aan die einde van 1989 nie net 'n regeringsverandering meebring nie, maar heel moontlik ook 'n verandering van die taalbeleid. Die taalbeleid van die nuwe regering kan vir die toekoms van Afrikaans 'n ernstige bedreiging inhoud, aangesien die taalbeleid van die grootste politieke partye in die land voorsiening maak vir slegs Engels as amptelike taal. Afrikaans kan moontlik sy amptelike status en daarmee saam baie aansien en hoë funksies verloor. 'n Verlies van hoë funksies kan lei tot 'n verlies van lae funksies (vgl. Steyn, 1981:18). Die voortbestaan van Afrikaans in SWA/Namibië kan dus ernstig bedreig word deur agteruitgang na die onafhanklikwording van die gebied.

Afrikaans is volgens die UNIN (1981:3, 8) deur die Suid-Afrikaanse Regering in SWA/Namibië ingevoer en op die mense daar afgedwing (vgl. 2.1). Hierdie bewering oor Afrikaans word onder ander gebruik om die taal te stigmatiseer as onderdrukkerstaal. Daarom word Afrikaans as amptelike taal deur die groot politieke partye in SWA/Namibië versigtig hanter in die formulering van 'n taalbeleid.

Die vraag is of die bewerings van die UNIN enige waarheid inhoud, of die stigmatisering reeds enige invloed gehad het op die stand van Afrikaans en wat gedoen kan word om die moontlike agteruitgang van Afrikaans in SWA/Namibië te voorkom.

1.2 Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om vas te stel of die UNIN se bewering dat Afrikaans deur die Suid-Afrikaanse Regering afgedwing is op die mense van SWA/Namibië waar is, om vas te stel of die stigmatisering van Afrikaans reeds

enige invloed gehad het op die stand van die taal in SWA/Namibië en om vas te stel wat gedoen kan word om die inoontlike agteruitgang van Afrikaans in SWA/Namibië te voorkom. Om hierdie doelstelling te probeer bereik, word soos volg te werk gegaan.

Eerslens word die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië nagegaan om vas te stel of Afrikaans werlik deur die Suid-Afrikaanse Regering daar ingevoer en op die inwoners van die gebied afgedwing is. Taalpropagandiste kan die geskiedenis, of 'n verdraaide weergawe daarvan, gebruik om 'n taal se status te verhoog of om die taal en sy sprekers te stigmatiser. Ter wille van wetenskaplike taalbeplanning moet vasgestel word wat die feite is. Dit moet dan aan die taalgemeenskap bekend gemaak word, sodat hulle objekief oor propaganda kan oordeel. Die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië word in Hoofstuk 2 beskryf.

Tweedens is dit nodig om vas te stel of die vroegste vorme van Afrikaans in SWA/Namibië inderdaad Afrikaans was en nie dalk Nederlands nie. Dit sal dien as 'n verdere bevestiging of weerlegging van die UNIN se bewering dat Afrikaans deur die Suid-Afrikaanse Regering op die mense van SWA/Namibië afgedwing is. 'n Beskrywing van die kenmerke van die vroeë variëteit van Afrikaans, soos wat dit neerslag vind in geskrifte, word in Hoofstuk 3 gegee.

As Afrikaans in die 19de eeu deur die Oorlams na SWA/Namibië gebring is en toe hoë funksies gehad het, beleken dit egter nie dat die taal vansomselfsprekend vandag nog daar van waarde sal wees nie. Daarom sal daar derdens ondersoek ingestel word na die huidige stand van tale in SWA/Namibië en 'n poging sal aangewend word om vas te stel of en, indien wel, in watter opsig die stand van die taal verander het sedert die 19de eeu. Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië word in Hoofstuk 4 bespreek.

Taalbeplanning vir Afrikaans kan, soos vir enige ander taal, nie gedoen word sonder 'n raamwerk waarbinne die beloog gevoer word nie. Tot dusver is gebruik gemaak van verskeie beskrywings en besprekings van aspekte van taalbeplanning. Dit is egter nie voldoende vir deeglike en wetenskaplike be-

planning nie. Daarom word 'n raamwerk vir taalbeplanning in Hoofstuk 5 bespreek.

In die lig van bevindinge oor die geskiedenis van Afrikaanssprekendes en die stand van tale in SWA/Namibië word sekere aanbevelings aan die hand van bogenoemde teorie in Hoofstuk 6 gemaak vir die beplanning van Afrikaans se toekoms.

1.3 Ondersoekmetodes

Omdat taalbeplanning die taal in al sy faselle raak, is gebruik gemaak van verskeie ondersoekmetodes.

In Hoofstuk 2 word die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië weergegee. Hier is gebruik gemaak van historiese navorsing. In hierdie hoofstuk word die volgende sentrale teoreliese stelling beredeneer: Afrikaans is deur die Oorlams na SWA/Namibië gebring en was prestigetaal lank voor die kom van die blankes na die land. Om vas te stel vir watter funksies Afrikaans deur die Oorlams gebruik is, is aanmerkings oor die taal in byvoorbeeld geskrifte van sendelinge bestudeer.

In Hoofstuk 3 word 'n beskrywing gegee van die linguistiese kenmerke van die Oorlams se variëteit. Hier is te werk gegaan volgens die metodes van die variasietaalwetenskap en die historiese taalkunde. Dalaversameling, -verwerking en -interpretasie is gedoen. Die metode van dalaversameling verskil van dié van moderne variasieondersoeke omdat geskrewe argivale tekste versamel moes word en nie bandopnames van gesproke taal nie. Dalaverwerking is gedoen deur die taalgebruik in die lekste te vergelyk met standaardvorme en nie-standaardvariëteite van Nederlands en Afrikaans. Hieruit is dan algelei of die Oorlams Afrikaans of Nederlands gebruik het en watter variëteit van die betrokke taal. Die sentrale teoreliese stelling wat hier beredeneer word, is dat die Oorlams se skryftaal wel nog Nederlands was, maar hulle spreektaal het nader aan Afrikaans as aan Nederlands gestaan.

In Hoofstuk 4 word die stand van Afrikaans in SWA/Namibië bespreek. Die volgende sentrale teoreliese stelling word in hierdie hoofstuk beredeneer:

Afrikaans staan vandag sterker as ooit tevore en sterker as enige ander taal in SWA/Namibië, maar dit kan agteruitgaan as gevolg van veral politieke stigmatisering. Gegewens oor die huidige stand van tale is hoofsaaklik verkry uit verslae oor ondersoeke na die stand van tale in SWA/Namibië deur die RGN en die UNIN. Aangesien daar geen verifieerbare feite oor die stand van tale in die 19de eeu bestaan nie, is afleidings oor die stand van Afrikaans gemaak uit gegewens in Hoofstuk 2. Gegewens oor die huidige stand van Afrikaans is dan vergelyk met afleidings oor die stand van die taal in die 19de eeu sodat vasgestel kan word of en, indien wel, in watter opsig die stand van Afrikaans in SWA/Namibië verander het.

In Hoofstuk 5 word 'n raamwerk vir taalbeplanning bespreek. Aan die hand hiervan word in Hoofstuk 6 enkele aanbevelings gemaak om te beplan vir die toekoms van Afrikaans in SWA/Namibië. Hierdie aanbevelings hou onder andere in dat pogings aangewend moet word om die stigmatisering van die taal teen te werk.

2.0 Hoofstuk 2

Die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië

SENTRALE TEORETIËSE STELLING

Afrikaans is deur die Oorlams na SWA/Namibië gebring en was prestigelaaf lank voor die komst van die blankes na die land.

DOELSTELLING

Om vas te stel

1. wie die Oorlams was;
2. watter taal die Oorlams gepraat het;
3. wie die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië was;
4. watter funksies Afrikaans in die 19de eeu in SWA/Namibië vervul het.

INHOUD

2.1 Inleiding

2.2 Die Oorlams

2.3 Die taal van die Oorlams

2.4 Die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië

2.5 Die funksie van Afrikaans

2.6 Samevatting

2.1 Inleiding

Afrikaans is die sterkste taal in SWA/Namibië; dit kan deur die grootste deelte van die bevolking gepraat word (Fourie, 1978:2). Visser (1982) het bevind dat dit net die inwoners van Kaokoland, Owambo, die Caprivi en sommige van die Hereros is wat geen Afrikaans ken nie.

In die UNIN-verslag (1981:3) word beweer dat Afrikaans "as a result of South Africa's illegal occupation of the territory has become the effective lingua franca" in SWA/Namibië. In die verslag word Afrikaans "an imposed or colonial language" genoem (op. cit.) Volgens Goldblatt (1971:9) is Afrikaans nie deur die Suid-Afrikaanse Regering na SWA/Namibië gebring nie, maar deur die Oorlams: "The Dutch language thus had arrived in South West Africa via the Hottentots." Du Plessis (1987c:10) het bevind dat "...Afrikaans, of dan Kaaps-Hollands reeds prestigetaal en lingua franca is meer as 'n eeu voor die oornname van die gebied deur die RSA." Dit was volgens Du Plessis (op. cit.: 11) ook nie moontlik dat die Unie van Suid-Afrika sy mandaat oor SWA/Namibië op Afrikaans kon oorneem nie, omdat Engels in 1919 nog die enigste amptelike taal van die Unie was.

Uit bogenoemde blyk duidelik dat daar nie ooreenstemming is oor die geskiedenis van Afrikaans en sy sprekers in SWA/Namibië nie. Die UNIN se bewerings kan gebruik word in negatiewe propaganda oor Afrikaans en kan lei tot funksie- en statusverlies vir die taal as sprekers aan ander tale groter voorkeur begin gee om stigmatisering te probeer vermy. In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië weergegee. Op grond hiervan kan besluit word of die UNIN se bewerings korrek is.

Die sentrale teoreliese stelling wat in hierdie hoofstuk beredeneer word, is dat Afrikaans deur die Oorlams na SWA/Namibië gebring is en prestigetaal was lank voor die kom van die blankes na die land.

Voordat die bogenoemde stelling ondersoek word, is dit nodig om eers te definieer presies wie die Oorlams was.

Die doel met hierdie hoofstuk is dan om vas te stel

1. wie die Oorlams was,
2. watter taal die Oorlams gepraat het,
3. wie die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië was,
4. watter funksies Afrikaans in die 19de eeu in SWA/Namibië vervul het.

Omdat daar eers in 'n latere hoofstuk aandag gegee word aan die vorm van die taal wat in die 19de eeu in SWA/Namibië gepraat is, word die benaming Afrikaans in hierdie hoofstuk gebruik om na hierdie vroeë vorm van Afrikaans te verwys sonder dat dit duidelik is presies watter vorm van die taal ter sprake is.

2.2 *Die Oorlams*

Volgens Vedder (1966:171) is **Oorlam** "a word of Malay origin, derived from the Malay **Orang lama**, an old person, and came to mean 'one who knows the world thoroughly', and so 'one who is wide awake'. According to Velk, **Ult Oost en West** (Arnhelm, 1889), p.10, the Hottentot tribe of orlams adopted this name because they had a great opinion of their own abilities."

Volgens Nienaber (1989:800) is die woord **oorlams** 'n sametrekking van "**orang lama (datlang)**" met die betekenis van 'n mens of iemand wat al lank gelede (na die Ooste) gekom het, bekend is met die land, die mense en hulle gebruikte en nie meer sondig teen bv. sensitiwe gewoontes wat aan die mense eie is nie." Nienaber (*op. cit.*) noem verder dat **oorlams** reeds teen 1654 in vrye omloop was, "veral in die sin van **bedrewe, geleerd, kundig**. "Dit is hierdie woord wat in sy gunstige betekenisse oorgeneem is in toepassing op Khoekhoense stamme."

Dit is moeilik om vas te stel presies wie almal as Oorlams beskou is. Volgens Vedder (1966:171) was hulle nakomelinge van die blankes wat aan die Kaap vermeng het met Hollentotvroue. Hulle het meestal Kaaps-Hollands gepraat,

Europese klere gedra en party was Christene. Legassick (1982:302) het die vroegste definisie van die term **Oorlams** gevind by 'n inskrywing van Albrecht en Seidenfaden op 12 Oktober 1805 in die Londense Sendinggenootskap-joernale. Hiervolgens was die Oorlams "Hottentotte" wat "by die boere gebore en getoë is" en van wie "die meeste die plat Hollandse taal verstaan en dit praat." (op. cit.:274) Ook Goldblatt (1971:9) noem dat die Oorlams van gemengde afkoms was en Nederlands gepraat het. Volgens Legassick se bevindings was die Oorlams dus Koikoi, terwyl Vedder en Goldblatt hulle beskou as persone van gemengde afkoms. Nienaber (1989:802) tref 'n duideliker onderskeid tussen Oorlams en Basters wat ooreenstem met Legassick se siening: "En tog moet die Oorlam tweede plek inneem teenoor die Baster. 'n Oorlam is maar net 'n vereuropeeste en beskaafde Khoekhoen, maar 'n Baster het nog iets ekstra, hy het in sy are op een of ander stadium die bloed van 'n Blanke bygekry, dit wil sê in sy bloedlyn is daar érens 'n Blanke as vader. Baster en Oorlam is in hierdie middelstand twee lae met verskill in statuswaarde."

In teenstelling met Legassick en Nienaber se siening dat Oorlams van geboorte Koikoi was, stel Dellus en Trapido (s.j.:54) dit duidelik dat daar waarskynlik ook maniere anders as deur geboorte was om 'n Oorlam te word.

Volgens Lau (1982:50-51) was die leiers van die Oorlamkommando's "of 'mixed' descent and were baptised. They had clearly broken away from the social relationships which characterised Khoi groups. The people they collected around themselves had diverse origins: they were runaway slaves, dispossessed Khoi retainers and the like."

Uit wat tot sover oor die Oorlams gesê is, is dit duidelik dat bale van hulle algeheel of gedeeltelik van Koikoiherkoms was. Om hierdie rede is dit van belang om kortlik te kyk na die geskiedenis van die Koikoi tot met die vorming van Oorlamkommando's wat na SWA/Namibië getrek het.


Die Koikoi het oorspronklik in of naby die noorde van Botswana gewoon. Hulle was jagters wat vee bekom het van landbouers wat in die gebied ingetrek het. Om genoeg welding vir hulle vee te kry, moes die Koikoi trek en só

versprel hulle dan oor Suid-Afrika. Hulle trek waarskynlik eers suidwaarts tot aan die Oranjerivier. Hier verdeel hulle: een groep trek verder suid en die ander trek al met die Oranje langs weswaarts. Naby die weskus verdeel laasgenoemde groep weer: een groep trek noord in SWA/Namibië in en die ander trek suid in die rigting van die Kaap, waar hulle met blankes kennis maak (Giliomee & Elphick, 1982:5-6). Die trekkrigtings van Koikoi oor Suider-Afrika word duidelik aangebeeld op die meegaande kaart.

Die Koikoi wat die blankes aan die Kaap aangetrof het, was verwant aan die Koikoi wat in SWA/Namibië gaan woon het. Soos reeds gesê, was die Oorlams (deels) afstammelinge van die Kaapse Koikoi. Die nakomelinge van die Namibiaanse Koikoi staan vandag bekend as die Nama (Goldblatt, 1971:3). Die Oorlams was dus verwant aan die Nama wat hulle in die 19de eeu in SWA/Namibië leen gekom het - albei groepe was afstammelinge van die Koikoi (vgl. Du Plessis, 1987c:5).

Vandal Dias in 1488 by Mosselbaai aangedoen het, was daar sporadiese kontak tussen Koikoi en blankes in die Wes-Kaap. 164 jaar lank word ruithandel gedryf met verbyvarende seelui en mettertyd begin die Koikoi glo dat die blankes nooit permanent in Suid-Afrika sal bly nie. Toe dit ná 1652 tot hulle deurdring dat die blankes nou permanent aan die Kaap woon, was hulle nie in staat om weerstand daarteen te bied nie (Elphick, 1977:72). Dat hulle al sterker onder die invloed van die Nederlandse kultuur gekom het, blyk uit die feit dat hulle hul eie taal mettertyd verruil het vir Nederlands. Van Riebeeck berig reeds op 15 Junie 1656 dat die Hollentotte in die onmiddellike nabijheid van die Fort Nederlands "al redelijck fray beginnen te leeren spreken." (Nienaber, 1953:77 en Steyn, 1980:107) Dr. O. Dapper deel ons mee dat teen 1662 "(a)lle of de meeste Hollentots, te weten, die dicht aan het Fort van goeder hope wonen... spreken door het dagheleit verkeren met d'onzen de Duitsche tale..." (Nienaber, 1953:112-113) Dr. H. Lichtenstein wat in 1803 - 1806 twee jaar lank in die binneland was, berig soos volg: "Wenig Hollentotten, die in der Colonie geboren sind, wissen von ihr (hulle eie taal) mehr, als ein Paar hängen gebliebene Idiotismen. Alle (sy kursivering) sprechen sie Holländisch. Nur gegen die Gränzen der Colonie findet man noch hin und wieder einen Hollentotten, der zu den seinigen in eigner

Map I: Suggested Khoikhoi Expansion Patterns



Uit: Elphick, 1977:16

Mundart redel, aber auch diese ist lange nicht mehr das ächte Hollentottische, sondern untermischt mit einer grossen Zahl Holländischer Wörte und Phrasen..." (Nienaber & Raper, 1977:16)

Ook die voorkoms van Europese volksverhale wat as ou Namastories oorvertel is (Schmidt, 1982:3), dui op die vernederlandsing van Koikoi-afslammelinge. Hierdie Europese verhale moes volgens Schmidt (1984:32) reeds aan die begin van die 19de eeu die Oranjerivier oorgesteek het en Namastories geword het nog voordat enige blankes SWA/Namibië binnegegaan het. Die verhale het 'n Kaaps-Hollandse oorsprong en is deur die Oorlams na SWA/Namibië gedra (op. cit.:40).

Hierdie Koikoi wat hulle so sterk vereenselwig het met die Nederlandse kultuur, het hulle as verhewe bo die stamgebonden Koikoi beskou; vergelyk onder andere Gallon (1853:68 soos aangehaal deur Nienaber, 1986c:1): "Oerlam was a nickname given by the Dutch colonists to the Hottentots that hung about their farms; It means a barren ewe, a creature good for neither breeding nor fattening, a worthless concern, one that gives trouble and yields no profit. However, all things are relative, and what these oerlams were to the Dutchmen, that the Namaqua Hottentots were to the oerlams." Uit ou geskrifte vind Nienaber (1989:801) ook nog die volgende inligting aangaande die invloed van die Nederlandse kultuur op die Oorlams: "Baie Ooramme het Christene geword en hulle vry gemaak van die voorvaderlike gelowe. Ook uiterlik het hulle hulle by die leefwyse van die koloniale aangesluit. 'n Oorlam was ook iemand wat klere volgens die styl van die koloniste gedra het, broek en hemp, hoed en skoene, en die deurtrekker en die karos, die mus en sandale, het hulle gelos. Die grootste aardse besittings was 'n geweer en 'n perd, 'n wa en osse."

Die Oorlams was dus sero-geneties verbonde aan die Koikoi en kultureel aan die blankes (vgl. Du Plessis, 1987c:5-10). Hulle was 'n heterogene groep mense wat sosiaal hoër as die Hottentotte en laer as die Basters gesratifiseer was. Nienaber (1986d) stel die sosiale stratifikasijsie van die Kaapse bevolking teen die 18de eeu soos volg: "Boesmans, slawe, Hottentotte, Oorlams, Basters, blankes. Die Hottentotte het neergesien op die slawe omdat hulle nie

vry was nie; die Orlams was ontstamde Hollentotte wat Nederlands gepraat het en die blankes se kultuur en lewenswyse aangeneem het - hulle het neergesien op Hollentotte wat nie Nederlands kon praat nie; die Basters was 'n trappie hoër as die Orlams, omdat hulle nie net die blankes se lewenswyse aangeneem het nie, maar ook 'n beetjie blanke bloed in hul are gehad het." Giliomee & Elphick (1982:418) onderskei tussen drie sosiale groepe: "Heel bo was daar die Europeërs wat oor grond beskik het. Heel onder was die onderworpenes en onvryes wat in hierdie stadium naas die slawe ook die Khoikhoi ingesluit het. Hulle was óf glad nie van Europese afkoms nie óf net deels van Europese afkoms. Tussen die twee kategorieë was daar 'n derde, bestaande uit Europeërs en nie-Europeërs wat vry was, maar deur die bank arm."

Die Orlams as vry mense was dus hoër gesratifikiseer as die onvry slawe en omdat hulle kultureel verbonde was aan die hoogste sosiale groep, naamlik die blankes, was hulle ook hoër gesratifikiseer as die stamgebonden Koikoi wat nie die Europese kultuur aangehang het nie. Die Koikoi het volgens Nienaber (1986c:5) dan ook daarna gestreef om Orlams te word; sodoende sou hulle nader aan die blankes kom en hul sosiale aansien sou styg. Dit was moontlik omdat sosiale stratifikasie nie bloot op afkoms berus het nie; Europeërs was volgens Giliomee & Elphick (1982:398) dikwels meer gekant teen kulturele gebrulke as teen aangebore fisiese eienskappe. Dit sou dus verwag kon word dat die Orlams met hulle Europese kultuur sondaal bale na aan die blankes moes kom. Tog is hulle deur die Europeërs uitgesluit (op. cit.:419); vergelyk ook die vroeëre aanhaling van Galton.

Die Orlams is nie alleen deur die hoë sosio-ekonomiese klasse verwerp nie. Hulle posisie in die Kaapse samelewing is verder verswak deur teenstrydighede in die Kompanjie se beleid oor wat die wetlike posisie van die Kolkol was (Giliomee & Elphick, 1982:396). Dit het meegebring dat vryburgers "Khoikhoi in een asem met slawe genoem het" - iets wat vir die Koikoi totaal onaanvaarbaar was (op. cit.:397). Hulle is boonop uitgesluit van die koloniale stelsel van grondbesit (op. cit.:407). Sodoende is hulle sosiale status deur die grondwette verder verlaag. As die Orlams, ten spye van hul kulturele bande met die blankes, as Kolkol gereken is op grond van hul herkoms, sou hierdie

soort behandeling vir hulle nog meer onaanvaarbaar gewees het, omdat hulle hulself as verhewe bo stamverwante Koikoi beskou het.

Teen die einde van die 18de eeu het baie van die Oorlams wat deur blankes verdryf is of verplig is om vir hulle te werk en te veg, na die middel-Oranjerivier begin trek (*op. cit.*:412). Hulle was georganiseer in kommando-groepe wat bestaan het van roofloote en ruilhandel (Lau, 1982:51). Omdat hulle wou vry wees en nie kans gesien het vir die swaar slawework nie en ook omdat party vir die polisie bang was, vlug hulle na die noorde van die land en trek later oor die Oranjerivier na SWA/Namibië (Vedder, 1966:171).

Die Oorlams verlaat Suid-Afrika dus as gevolg van sosiale druk en ook omdat hulle nie kon of wou aanpas by die samelewing suid van die Oranje nie.

Teen die einde van die 18de eeu en begin van die 19de eeu trek die volgende vyf Oorlamsgroepe SWA/Namibië binne:

1. die Booisgroep;
2. die Bersebagroep;
3. die Gobabisgroep;
4. die Afrikaners;
5. die Wilbois (Vedder, 1966:173).

Die **Booisgroep** onder Jan Boois kom in 1815 op Bethanie aan. Nadat hulle 'n tyd lank daar gebly het, trek hulle na weivelde wes van Rehoboth. Hierdie groep het nooit 'n permanente woonplek gehad nie (*op. cit.*:172).

Die **Bersebagroep** onder Dietrich Isaak steek die Oranjerivier in 1816 oor en vestig hulle in die Karrasberg. Na Isaak se dood word sy skoonseun, Paul Gollath, die leier van die groep. Nadat hulle heelwat rondgetrek het, maak die groep Berseba hulle hoofkwartier (*op. cit.*).

Die **Gobabisgroep** onder Amraal Lambert kom ook in 1815 na SWA/Namibië en woon 'n tyd lank op Belhanie. Metterlyd trek hulle ooswaarts en vestig hulle op Gobabis (op.cit.). Amraal was ook bekend as Lammerl Lammerles. Hy was die eerste soldaat in die Corps vrije Hottentotten wat teen die einde van Augustus 1803 by Rielvlei tot stand gekom het (De Villiers, 1970:191). Die opleiding wat Amraal en waarskynlik heelwat ander Oorlams as soldate gekry het, verklaar waarom hulle so goed kon skiet en perdry toe hulle in SWA/Namibië gekom het.

Die **Afrikaners** onder Jager Afrikaner was die eerste Oorlamsgroep wat SWA/Namibië teen die begin van die 19de eeu binnegetrek het (Lau, 1982:53; 'n presiese jaartal word nie in enige van die geraadpleegde bronne genoem nie, maar dit moes baie vroeg in die eeu gewees het, want teen 1805 was hulle volgens Van der Merwe (1967:17) reeds by Warmbad). Hulle hoofkwartier is later by Windhoek (Vedder, 1966:172). Jager was waarskynlik ook 'n lid van die Corps vrije Hottentotten, tensy hier verwys word na 'n ander "Jaag Africaner" (De Villiers, 1970:247).

Jager en sy familie het op veldkornel Piet Pienaar se plaas by die huidige Calvinia gewoon. Op 'n dag het Jager en Pienaarstry gekry, Pienaar het vir Jager met die vuur platgeslaan en Jager se broer Titus het vir Pienaar doodgeskiet. Hierna moes Jager en sy volgelinge oor die Oranjerivier vlug. In 1805 vestig hulle hulle by Warmbad (Van der Merwe, 1967:17). Jager is in 1823 oorlede, waarna Jonker leier van die groep geword het (op. cit.).

Die Afrikaners het volgens Du Bruyn (1981:2) waarskynlik hul naam te danke aan die feit dat hulle "were the descendants of slaves as well as Khoikhoi. At the Cape the descendants of unions between slaves and Khoikhoi or whites, were called 'Afrikaners'." Dit lyk dus of ten minste die Afrikanerleiers van gemengde afkoms was en nie suiwer KoiKoi nie.

Die **Witboois** onder Kido Witbooi was die laaste groep Oorlams wat in SWA/Namibië aangekom het; hulle trek eers in 1850 oor die Oranjerivier (Liebenberg, 1966:79). Nadat hulle lank rondgetrek het, vestig hulle in 1863 by Gibeon (Vedder, 1966:172).

Kido is na sy dood op 31 Desember 1875 opgevolg deur Moses, Hendrik Witbool se vader (op. cit:410). In 1887 abdikeer Moses en sy swaer, Paul Visser, word leier van die Witbools. In Februarie 1888 laai Visser vir Moses doodskiel en Hendrik besluit om sy vader se dood te wreek. Op 12 Julie 1888 skiel hy vir Visser dood en word kaptein van die Witbools (op. cit.:494-498).

2.3 Die taal van die Orlams

Nienaber (1986c:1-3; vgl. ook Nienaber, 1989:794-798) gee 'n aantal uittreksels waaruit inligting oor die Orlams se taal verkry kan word. Hierdie uittreksels is "op twee na afkomstig van mense wat uit persoonlike kennismaking kan praat." (Nienaber, 1986c:3) Omdat ons hier baie betroubare inligting het, word 'n paar van die uittreksels aangehaal.

C. Albrecht, 1806: "Das Volk hier (op Adam Kok se plaas) nennt man **Orlammers**, das sind Hollentotten, die im Oberland bei den Buren geboren und aufgewachsen sind und **meist Niederdeutsch verstehen und sprechen können...**" (Nienaber, 1989:794; my kursivering)

Campbell, 1815: "In this kraal there are of persons who speak the Dutch language and who are called **orlams...**" (op. cit.)

Knudsen, 1844: "Die Orlams sind solche, welche aus der Cappegend sind, und desshalb auch die holländische Sprache sprechen..." (Nienaber, 1989:795)

Knudsen, 1844: "Orlam oder Orlammi (auch mit den 3 Endungen) sind diejenigen Hollentotten, die früher in der Nähe von Capstadt gewohnt haben und also erst die holländische Sprache gelernt haben, weshalb alle Hollentotten, die holländisch verstehen und etwas geschickter und klüger sind als die anderen, schlechtweg Orlams oder Manlaan, d.i. die Holländisch oder Deutschsprecher genannt werden..." (Nienaber, 1986c:1)

C. en A. Albrecht, 1849: "'Orlam' heißen alle Namaqua, welche etwas holländisch reden..." (Nienaber, 1989:794)

J.C. Waltman skryf in 1861 dat Willem Swartbooi en sy mense "nicht mehr in der Väler Zunge reden, sondern sie radebrechlen ihr Capholländisch." (op. cit.:797)

Op grond van inligting uit onder andere die aangehaalde sitate kom Nienaber tot die volgende gevolgtrekking: "Die opvallendste teken van Oorlamskap was die toeëiening (sic) van Hollands as die eie taal." (op. cit.:801)

In November 1843 besoek Knudsen Paul Goliath se mense (die Bersebagroep) en merk die volgende op: "They were dressed very decently, and many of them spoke Dutch." (Lau, 1982:59)

Die sitate wat tot sover aangehaal is, gee reeds 'n duidelike aanduiding dat die Oorlams Afrikaans gepraat het en nie Hottentots nie. Verdere ondersteuning hiervoor is onder andere die feit dat die Bethaniërs se Ryksboek en ook Hendrik Witbooi se Dagboek in Afrikaans geskryf is (vgl. Hoofstuk 3; Bylae A; Van der Zwan, 1986).

Watter vorm van Afrikaans gebruik is, is nie hier ter sprake nie - dit word in die volgende hoofstuk bespreek.

2.4 Die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië

Soos reeds genoem, is Afrikaans vandag nog die eerste taal van die Basters en sommige blankes in SWA/Namibië. Volgens die UNIN (1981:3) is Afrikaans deur die Suid-Afrikaanse Regering in SWA/Namibië ingevoer en op die bevolking afgedwing.

Die stelling is egter reeds gemaak dat Afrikaans deur die Oorlams na SWA/Namibië gebring is en nie deur een van die huidige groepe moedertaalsprekers van Afrikaans of die Suid-Afrikaanse Regering nie. Om vas te stel of dit inderdaad so is, is dit nodig om nou kortlik die geskiedenis van die Basters en die blankes in SWA/Namibië na te gaan en ook vas te stel van wanneer af die Suid-Afrikaanse Regering enige invloed kon uitoeft op die taalsituasie in die gebied.

2.4.1 Die Basters

Die Basters was die afstammelinge van blankes, Koikoi en slawe; vergelyk onder ander Barrow, 1801: "The coachman is generally one of those people known in the Colony by the name of Basters, being a mixed breed between a Hottentot woman and European man, or a Hottentot woman and a slave." (Nienaber, 1989:170) 'n Verdere verwysing vind ons by Knudsen, 1844, as hy skryf oor die "Bastardhottentotten, Abkömmlingen von Weissen und Afrikanern." (Nienaber, 1986b:1)

Hierdie beskouing van Basters as persone van gemengde afkoms laai onmiddellik die vraag ontstaan wie dan vroeër beskou is as Basters en wie as Orlams, want ook sommige van die Orlams was blybaar van gemengde afkoms (vgl. 2.2). Soos reeds genoem, beskou Nienaber die Orlams as vereuropeste en ontsamde Kolkoi, terwyl die Basters ook blanke bloed by het (vgl. 2.2). Beskou 'n mens egter die sitate waaruit Nienaber Inligting oor die Basters verkry het, besef 'n mens dat die benaminge **Baster** en **Orlam** baie deurmekaar gebruik is.

In 1806 skryf Anderson in 'n brief aan die Londense Sendinggenootskap onder ander oor die boosheid van die "Bastard Hollentots", "a mixed breed from other tribes, not excluding Europeans and colonists on the father's side" (Nienaber, 1989:171). Hierdie boosheid het toegeneem "especially after one Afrikaner, a Hottentot, who had murdered a Colonist and escaped justice, came among them about fourteen years ago." (op. cit.; my kursivering) Samuel J. Hahn noem Kupido Witbooi se mense in 1835 "Bastards" (op. cit.:172).

In bogenoemde sitate word na die Afrikaners en Witboois verwys as **Basters**, terwyl Wallman in 1858 na Jonker Afrikaner verwys as die "bedeutendsten Orlam-Kapitän" (Nienaber, 1986b:10).

Vedder tref die volgende onderskeid tussen die Orlams en Basters: "Es befanden sich darin viele, deren Vorfahren weisse Männer gewesen waren. Diese Mischlinge pflegte man Bastards oder, wenn sie im Dienst von Europäern gestanden hatten, Orlams zu nennen." (Nienaber, 1989:173)

Uit die geraadpleegde bronne oor Oorlams en Basters is dit duidelik dat 'n walerdigte onderskeid tussen die twee groepe nie op grond van herkoms getref kan word nie. Dat daar wel duidelike onderskeid was tussen Oorlams en Basters, besef 'n mens egter as daar gekyk word na die verskillende groepe wat Olpp (soos aangehaal deur Nienaber, 1989:173 en 803) in 1876 noem. Die vyt Oorkloofgroepe is reeds genoem; vergelyk 2.2. Olpp noem verder ook vier groepe Basters:

1. die De Tuingroep onder Herman van Wyk met hulle hoofsetel op Rehoboth;
2. die De Tuingroep onder Klaas Zwart met Geious, Grootfontein as hoofsetel;
3. die Steinkopfgroep onder Elias Vries met hul hoofsetel op Gaibes, Kalkfontein;
4. die Peillagroep onder Dirk Vylander met Has, Rietfontein as hoofsetel (**op.** cit.:173). (Let wel: In die literatuur word ook die spelvorm Vilander gebruik. In hierdie studie sal egter deurgaans van Vylander gebruik gemaak word, behalwe in direkte aanhalings.)

Uit betroubare ou geskrifte kry Nienaber (**op. cit.**:176) onder ander die volgende inligting oor die Basters: hulle was trots op die blanke bloed in hul are, omdat dit hulle verhef het bo hulle volksgenote en hulle ingeskakel het by die hoogste klas; hulle het die blankes nagevolg wat betrek kleredrag, gebruik, die Christelike geloof en godsdiens en ook "Nederlands" as moedertaal aangeneem.

Die nakomelinge van die Basters woon vandag in die Rehobothgebied, in die distrik Mallahöhe en by Rietfontein en Mier (Nienaber, 1989:179).


Vir die doel van hierdie ondersoek is dit nie nodig om verder in te gaan op die onderskeid tussen Basters en Oorlams nie. Dit is alleen van belang dat hier wel sprake is van twee verskillende groepe mense tussen wie daar blykbaar op grond van sosiale status onderskei is (**op. cit.**:802). Albei die groepe het Afrikaans gepraat.

Die vraag is nou of Afrikaans nie dalk deur die Basters na SWA/Namibië gebring is nie - hulle nakomelinge woon immers nog daar en praat nog Afrikaans, terwyl die Oorlams vandag nie meer 'n onderskeibare groep is nie. Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind, word die geskiedenis van die Basters vervolgens kortlik bespreek.

As gevolg van druk van die blanke gemeenskap begin Basters teen die einde van die 18de eeu uit die Kaapkolonie noordwaarts trek (Du Plessis, 1950:4). Teen die begin van die 19de eeu het hulle in die Onder-Bokkeveld saamgetrek (Van Vreeden, 1965:1). Die Basters was "the vanguard of the Whites who followed closely on their heels after new territory had been made relatively save for habitation." (Carstens, 1970:190) Vroeg in die 19de eeu trek blanke veeboere die Onder-Bokkeveld binne. Die Basters was ook veeboere en het die weivelde waar hulle gewoon het self nodig gehad, maar omdat hulle "geen elendomsreg gehad het nie, kon hulle die blanke veeboere weidingsreg nie ontsê nie." (Van Vreeden, 1965:3) Omdat die weivelde nie voldoende was vir die blankes én die Basters nie, het die Basters besluit om verder noordwaarts te trek en in 1861 begin 'n groot uitlog van Basters na Boesmanland. Teen die einde van 1861 het daar reeds twee groot Bastergroepe by De Tuin saamgetrek onder leiding van Van Wyk en Bok. Laasgenoemde is ná sy dood opgevolg deur sy skoonseun, Dirk Vylander.

Vylander het nie lank in Boesmanland vernoef nie; teen 1865 was sy geselskap reeds by Mier en Rietfontein (op. cit.); vergelyk die meegaande kaart.

Die Van Wyk-trek het eers 'n tyd lank by De Tuin vernoef. "Toe die blanke veeboere in 1866 hulle verskyning in Noord-Boesmanland maak, het die Basters 'n versoek aan die Regering gerig om De Tuin en 'n gebied van 3,960 vlerkante myl om De Tuin as 'n Baster woongebied te verklaar. Die Regering het die versoek geweier en gevoleklik het Van Wyk en sy volgelinge De Tuin in 1868 verlaat en na Suidwes-Afrika getrek." (Van Vreeden, 1965:4) Op 16 November 1868 het hulle die Oranjerivier oorgesleek (Van Zyl, 1963:21) en in 1870 het 30 van die 90 gesinne wat die trek begin het, Rehoboth bereik (Van Vreeden, 1965:4). Die grondgebied by Rehoboth het die Basters van die Swartboois ('n Namastam) gekoop teen betaling van een perd per jaar (Du



(Vgl. Van Vreeden, 1965:2.)

Plessis, 1950:5). Hier het die Basters dus eindelik die grond besit wat hulle so lank begeer het en vandag nog behoort die gebied aan hulle nakomelinge.

'n Vergelyking van die feite in 2.2 en 2.4.1 dui daarop dat die Basters nie die eerste Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië was nie. Die eerste Basters kom in 1865 in SWA/Namibië aan - vyftig jaar na die Afrikaners en vyftien jaar na die Wilboois, die laaste Oorlamgroep wat SWA/Namibië binnegetrek het. Afrikaans was dus reeds in gebruik in SWA/Namibië lank voor die Basters daarheen getrek net. Die posisie van Afrikaans in SWA/Namibië is egter versterk deur die koms van die Basters - nie net wat getalle betref nie, maar ook wat status betref, want die Basters was sosiaal selfs hoër as die Oorlams gesratifiseer (vgl. 2.2).

2.4.2 Die blankes

In hierdie afdeling word hoofsaaklik gebruik gemaak van gegewens in 'n D.Phil.-studie van G.P.J. Trümpelmann soos gepubliseer in die Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 11 (2), 1948. Trümpelmann se studie is gegrond op "oorspronklike stukke en dokumente in die Argiewe in Windhoek, Kaapstad, Bloemfontein, Pretoria, publikasies in die Staatsbiblioteek in Berlyn, brieue en berigte van die eerste Rynse sendelinge in Suidwes-Afrika en publikasies van die Duitse owerheid en ander gesaghebbende persone" (Trümpelmann, 1948:xii). Hierdie gegewens blyk dus betroubaar te wees.

Die eerste Boere wat in SWA/Namibië gewoon het, was waarskynlik Gideon Visagie en sy gesin. Willem van Reenen berig dat sy geselskap, wat op 'n verkenningstog in SWA/Namibië was, die Visagies op 18 November 1791 by Modderfontein (Keetmanshoop) aangetref het. Visagie het daar met vee en perde geboer en handel gedryf (*op. cit.*:8).

In geskrifte van reisligers, jagters en sendelinge word tot 1854 net van drie Boere melding gemaak, naamlik bogenoemde Visagie, Dyk wat in 1861 op Otjimbingwe was en Van Reenen wat in 1858 op Rehoboth was (*op. cit.*:11).

Die volgende Boer van wie ons weet dat hy in SWA/Namibië gewoon het, is Hendrik van Zyl. Aan die begin van 1874 trek hy met sy gesin na Hereroland

waar hy na bewering wou handeldryf (Trümpelmann, 1948:14). Van Zyl is in 1880 deur sy bediende vermoor (**op. cit.**:18). Die Boere wat later geleidelik in SWA/Namibië ingetrek het, was geografies in twee groepe verdeel, naamlik dié in Damaland in die noorde (dit is die Dorslandtrekkers) en dié in Namaland in die suide (Trümpelman, 1948:123).

In die noorde van SWA/Namibië het Boere vir byna vier jaar lank rondgetrek voordat hulle in 1879 na Angola is (Trümpelmann, 1948:33). Op 4 Januarie 1881 kom 55 gesinne op Humpata aan (**op. cit.**:34). Baie van die Boere was ongelukkig en ontevrede in Angola en het besluit om terug te trek (**op. cit.**:36). 'n Groep van hulle stig in 1885 die Republiek Uplingtonia (Von Moltke, 1940:38) op grond wat 'n sekere Jordan, 'n handelaar, van die Owambo's gekoop het (Trümpelmann, 1948:41). Hierdie poging om 'n Boerestaat te stig het misluk. In 1887 en 1888 het party Boere teruggetrek na Transvaal en ander na Angola (Jooste, 1974:79). Op 1 Januarie 1902 was daar volgens Trümpelmann (1948:107) 145 Boere in Damaland. Eers teen 1928 het die aantal Boere in hierdie deel van die land baie vermeerder. In 1928 en 1929 het 1 925 Dorslandtrekkers weer uit Angola na SWA/Namibië teruggetrek (vgl. Van der Merwe, 1951:218-253), omdat hulle steeds nie gelukkig was in Angola nie (Jooste, 1974:194). Die Dorslandtrekkers het dus wel in die 19de eeu reeds deur SWA/Namibië gelrek, maar die trek het eers in 1874 in Transvaal begin (**op. cit.**:28) - lank na die aankoms van die Oorlams en die Basters in die land - en eers in die 20ste eeu het 'n beduidende aantal Dorslandtrekkers hulle in SWA/Namibië gevestig.

Die immigrasie van Boere na Namaland het blykbaar maar stadiig gevorder, want volgens eerwaarde Wandres was daar teen 1888 geen wesenlike vordering nie (Trümpelmann, 1948:68). Nadat die Nama en Oorlams in 1894 deur die Duitsers onderwerp is, was SWA/Namibië vir die Boere veiliger en het die getalle vinniger toegeneem (**op. cit.**:80-81). Teen die einde van 1893 was daar nog net 200 Boere (30 gesinne) in Namaland, maar teen die einde van 1894 was daar reeds 538 en teen die einde van 1895 610 Boere (**op. cit.**:81, 83). Op 1 Januarie 1896 was daar in die hele SWA/Namibië 782 Boere (Trümpelmann, 1948:86).

As die geskiedenis van die Afrikaanssprekende blankes, Basters en Oorlams vergelyk word, is dit duidelik dat die blankes die laaste van hierdie groepe was wat na SWA/Namibië getrek het. Hoewel die eerste blanke teen 1791 reeds in SWA/Namibië was, duif inligting tot ons beskikking daarop dat die blankes eintlik eers in die laaste kwart van die 19de eeu daarheen begin trek het en eers teen 1894 het blanke getalle begin toeneem.

Die blankes kom dus in SWA/Namibië aan +/-75 jaar na die Oorlams en +/-25 jaar na die Basters. Gegee dat 'n vorm van Afrikaans die moedertaal van sowel Oorlams as Basters was, volg dit dat Afrikaans nie deur blankes na SWA/Namibië geneem is nie.

Eers op 12 September 1919 het die Unie van Suid-Afrika sy mandaat oor SWA aanvaar (Liebenberg, 1970:47). Om te sê dat Afrikaans deur die Suid-Afrikaanse Regering in SWA/Namibië ingevoer is, is daarom heeltemal onwaar - Suid-Afrika het daar aan bewind gekom 'n eeu nadat Afrikaans deur die Oorlams daarheen gebring is.

Uit historiese fekte is dit duidelik dat Afrikaans die omgangstaal in SWA/Namibië was lank voor die koms van die blankes en die bewindsoorname van die Suid-Afrikaanse Regering (vgl. Du Plessis, 1987b:31).

2.5 Die funksie van Afrikaans

Volgens Steyn (1980:15) onderskei taalsosioloë tussen hoë en lae taalfunksies. "Die "hoë" funksies is die gebruik van taal in staatsinstellings, kerkdienste, universiteitslesings, radio en televisie, en "lae" funksies soos die gebruik van taal in gesprekke met vriende en familielede, vir vloek en grappe vertel." 'n Taal met hoë funksies word dus gebruik om 'n land te regeer, in kerke, as onderrigmedium en vir hoër kommunikasiedoelendes.

Die feit dat die Oorlams Afrikaans gepraat het en dat ooreenkomsle met Afrikaans ook in Hendrik Witbooi se Dagboek voorkom (vgl. Van der Zwan, 1986), duif reeds daarop dat Afrikaans in die 19de eeu lae funksies in SWA/Namibië gehad het. Die vraag is of die taal ook hoë funksies gehad het,

dit wil sê waarvoor is Afrikaans gebruik behalwe as spreektaal vir die Oorlamsgroepe?

In die sendingargief van die Evangeliese Lutherse Kerk (voortaan word die amptelike afkorting ELC gebruik) in Windhoek is die oorspronklike

"RYKSBOEK

bevallende alle wetten en regte van het Kapiteinschap te

Bethanië,

1. Het Boek der Ryks-geschiedenis,

2. Het Boek der Wetten

3. Het Boek van Aanmerkingen."

Hierdie Ryksboek is in Januarie 1847 in gebruik geneem en is 'n duidelike bewys dat Afrikaans toe reeds 'n regeringstaal in SWA/Namibië was. Hierdie feit word bevestig deur die bestaan van die

"WETBOEK
der
REHOBOTHER BASTARDS

BESLOTE VAN DEN

KAPTEIN en zynen RAADSLIEDEN
in den jaaren
1872 & 1874."

'n Afskrif van hierdie wetboek, gemaak deur "E. Just, Lehrer" in 1911, is in die Staatsargief in Windhoek beskikbaar.

In 1858 word 'n ooreenkoms van samewerking onderteken deur sowel Oorlam-as Namakapteins: "Van ons vereenigde Kapilijs op den 9 January 1858 op de plaats !Hoaxalnas. "Besproken en goed gekeurd een slimig aangenomen van ons Capilijsne

Cornelius //Oaseb

Kanabi Willem Zwartboot

Jager !Aimab

Garieb

Hendrik Hendriks

Piel Koper

Kido Witboot

Amraal Lambert

Jonker Africander

David Christiaan

Paul Goliath."

Hierdie ooreenkoms tussen Namasprekende en Afrikaanssprekende kapteins is in Afrikaans opgestel. Dit lyk dus of die Namas hul eie taal net vir lae funksies gebruik het; vir hoë funksies het hulle die Oorlams se taal gebruik. Hieruit kan ons aflei dat Afrikaans 'n hoër status as Nama gehad het.

In die "Kirchenbuch Gibeon" (1863 - 1867) en ook in die "Kerkboek van de Gemeente Gibeon aangelegd en begonne in de maand January 1868 door J. Olpp" (albei in die ELC se sendingargief in Windhoek) is alle inskrywings in Afrikaans gemaak, hoewel die sendelinge Duits was. Die Duitse sendelinge het ook in hul kerkdienste Afrikaans gebruik. Dit blyk onder andere uit 'n

aanlekening wat F.S.Eggert, sendeling op Gobabis, op 29 Desember 1856 gemaak het: "Leider mussten heute, da wieder kein Dolmetscher auf dem Platze war, holländische Gottesdienste gehalten werden, wovon die Hälfte der Leute nichts versteht." (Quellen, Band 7) G.Krönlein het reeds op 12 September 1851 die volgende opgeteken: "Unsere Missionare hier in Afrika sind alle für die Abschaffung der Namaqua- und Einführung der holländischen Sprache." (Quellen, Band 10)

Afrikaans was dus ook die kerktaal in SWA/Namibië, ten spye daarvan dat die sendelinge Duits en nie Nederlands was nie en baie van die gemeenteledie nie eens die taal geken het nie (soos blyk uit Eggert se opmerking).

Die derde tipe hoë funksie wat Steyn noem, is dié van onderrigmedium, dit wil sê die taal wat gebruik word vir universiteitslesings en dan ook op skool. In die 19de eeu is die onderwys in SWA/Namibië deur die sendelinge behartig. Uit aanlekeninge in hul dagboeke en verslae blyk dit dat sowel Oorlams as Namas verkies het om in Nederlands onderrig te word; dié wat die taal nie geken het nie, wou dit op skool aanleer. F.H.Völlmer skryf op 6 April 1858/1859 op !Hoaxalnas soos volg: "Ein gewisser Waterboer machte sich hier über die Leute lustig, dass sie in ihrer Schule nicht in holländisch unterrichtet würden, obwohl seine eigenen Kinder kein Wort holländisch sprechen können und doch keinen anderen als holländischen Unterricht bei dem alten Missionar Tindall genossen haben. Darauf kamen die Leute zu mir und verlangten, dass ich in meiner Schule auch die holländischen Bücher einführen sollte, wie es in meiner Schulen auf Rehoboth, Berseba, etc. gesehen sei." (Quellen, Band 5) Reeds in 1807 is "Hollands" op Warmbad "gebruik as medium vir die onderrig van lees en spelling asook vir die aanleer van die Bybelse geskiedenis deur middel van die vraag-en-antwoordmelode." (Heese, s.j.:15) Volgens Vedder (1966:240-241) het Knudsen ook op Bethanie ondervind dat sy gemeente Afrikaans as skooltaal verkies; kaptein David Christian het daar in 'n vergadering uitgeroep: "Only Dutch, nothing but Dutch! I despise myself and want to creep into the bushes for very shame when I speak Hollentot."

Uit die sendelinge se berigte is dit duidelik dat Afrikaans van die begin van die 19de eeu af die skooltaal was, omdat die ouers dit so verkie het.

Die paar bewyse wat hier aangehaal is ter ondersteuning van die bewering dat Afrikaans gebruik is as kerktaal, skooltaal en regeringstaal, kan aangevul word met baie meer. Dat dit ook die taal was wat vir algemene kommunikasie gebruik is, blyk uit die talte Afrikaanse briewe in Hendrik Witbooi se dagboek en in die argiewe. Dil sluit onder anderse briewe in aan en van Oorlam- en Namakapteins en sendelinge, byvoorbeeld "Willem Christiaan Capilijn der Bondelzwarts" se brief aan "Den Weledelen Administrateur van British Bechuanaland" op 19 Oktober 1892, briewe aan en van Karel Bloedoog, "Onderkaplyn van den Veldschoendragers op =Giris", briewe van Samuel Maherero "Aan den Keiserlike Landeshauptmann Lieve Herrn Major" op 10 September 1896 en talte briewe van Cristiaan Jonker, Jan Jonker Afrikaner en Hendrik Witbooi.

Afrikaans was dus ook die lingua franca wat gebruik is waar Duitssprekende sendelinge en offisiere, Afrikaanssprekende Oorlamkapteins en Basters en Namasprekendes wou kommunikeer.

Die vraag ontslaan nou waarom Afrikaans, wat maar eers in die begin van die 19de eeu na SWA/Namibië gebring is, 'n hoër status gehad het as Nama, die taal van inwoners wat baie vroeër reeds in die land gevestig was. Waarom is Afrikaans so vroeg reeds gebruik vir hoë funksies, terwyl baie van die gevestigde inwoners net Nama geken het?

Volgens Steyn (1980:18) hel 'n taal prestige "op grond van sy egte of vermeende hoedanighede. Daar kleef 'n stigma aan 'n taal as sy eie sprekers dink (of meer dat andertaliges of selfs sy eie sprekers dink) dat mense hul taal vereenselwig met agterlikheid, ongeletterdheid, armoede en, in 'n stedelike gemeenskap, met bekveldagtigheid." Milieure sukses kan bydra tot 'n taal se prestige. Dit skep "vir 'n taal die moontlikheid om uit te brei, maar die taal moet die draer wees (of word) van 'n meer hoogstaande kultuur as dié in die reeds gevestigde tale." (op. cit.:38) Dil is ook tot die taal se voordeel as daar 'n noue band is tussen die taal en die godsdiens (op. cit.:20, 43). Alles in ag

genome, is dit duidelik dat mense 'n taal aanleer "omdat dit voordelig is om dit te ken, nie omdat dit maklik is nie." (op. cit.:47)

In 1844 berig Knudsen dat die Namas op Bethanie hul taal verag: "Bei ihrem grossen Hochmut verachten sie doch beides, sich selbst und ihre Sprache bei Vergleichung mit anderen." (Quellen, Band 3) Ook Krönlein berig in 1851 dat "Der Kapitän mit seinem ganzen Volk wollte nicht mehr die Namaquasprache. Die Leute schämen sich ihrer und verachten sie mit charakterlosem Abscheu." (Quellen, Band 10) Hierdie houding blyk ook baie duidelik uit die reeds aangehaalde woorde van kaptein David Christian. Dis duidelik dat die Namas hul eie taal verag het en Afrikaans verkieks het.

Volgens Lau (1982:61) was die Namas "militarily inferior to the Orlam raiding parties as they did not own guns and horses." In 1828 skryf Schmelen dat "(w)e hear of nothing but oppression and persecution. The poor Nama are often so badly treated by the Orlams that my heart bleeds (for them)." (Lau, 1982:67-68) Die Orlams, veral die Afrikaners onder Jager en later Jonker en die Witboois onder Hendrik, het geroof en geplunder en die Namas onderdruk.

Die Orlams was egter nie net op militêre gebied die meerderes nie. Die Namas "felt that they were by no means the equals of the new-comers, even if some of their own people were in possession of guns and knew how to use them. They were forced, too, to recognise their intellectual superiority." (Vedder, 1966:173) Vir die Namas het dit gelyk of die Orlams hoogs ontwikkelde mense was, omdat hulle met die Westerse beskawing in aanraking was, Hollands gepraat het en vuurwapens en perde besit het (Heese, s.j.:12).

Omdat die Namas besef het dat die Orlams op alle gebiede hul meerderes was, het hulle die Orlams se taal as prestigetaal beskou en hul geskaam vir hul eie taal en dit selfs verag. Dit is waarskynlik waarom die Namas daarop aangedring het dat die sendelinge hulle in Nederlands moes onderrig, al het hulle die taal nie eens geken nie.

Die Namas het waarskynlik die godsdiens en onderwys met die Orlams geassosieer, omdat dit deur die sendelinge behartig is wat SWA/Namibië saam met die Orlams binnegekom het. Hulle het nie net op Nederlandse

onderwys aangedring nie; ook die Bybel moes in Nederlands wees. Vollmer berlig in 1860 vanaf !Hoaxalnas soos volg: "Die Orlam halten meinen Leuten vorgeschwatzt, dass die Bibel nur in der holländischen nicht aber in der ihrigen Sprache gelesen werden dürfte." (Quellen, Band 5)

Nama het dus 'n laer status as Afrikaans gehad, omdat die Namas hul taal vereenselwig het met hul eie ongeletterdheid. Die Orlams se militêre sukses het dit moontlik gemaak dat hul taal kon uitbrei. Afrikaans was die draer van 'n meer hoogstaande kultuur as Nama én dit het die voordeel gehad van 'n noue band tussen taal en godsdienst en tussen taal en onderwys.

Afrikaans het ook ekonomiese voordeel gehad. Vollmer skryf in 1858 soos volg: "Der Abgesandte sage mir auch erlich, dass der holländische Unterricht gewünscht würde, damit die Leute besser mit den Händlern umgehen und Ihnen sagen könnten: Für dieses Schaf will ich so und soviel Messer haben usw." (Quellen, Band 5) Die Namas wou Afrikaans dus aanleer omdat dit vir hulle voordelig sou wees om dit te ken.

2.6 *Samevatting*

Dit is duidelik dat daar bewyse is dat die stelling wat aan die begin van hierdie hoofsluk gemaak is, korrek is.

Afrikaans is deur die Orlams na SWA/Namibië gebring, nie deur die Basters, blankes of Suid-Afrikaanse Regering nie. Afrikaans was teen die middel van die 19de eeu reeds 'n prestigetaal wat in hoë funksies gebruik is, 'n taal wat die Namas graag wou aanleer. Dit was dus prestigetaal +/-75 jaar voordat die Suid-Afrikaanse Regering daar aan bewind gekom het; daarom is die stelling in die UNIN-verslag dat Afrikaans deur die Suid-Afrikaanse Regering tot *lingua franca* verhef is verkeerd.

Afrikaans is deur die Orlams na SWA/Namibië gedra en die oorspronklike inwoners van die land het dit verhef tot prestigetaal en *lingua franca*.

3.0 Hoofstuk 3

Oorlam-Afrikaans

SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die Oorlams se skryfstaal was wel nog Nederlands, maar hulle spreektaal het nader aan Afrikaans as aan Nederlands gestaan.

DOELSTELLING

Om 'n beskrywing te gee van die vroegste variëteit van Afrikaans wat in SWA/Namibië gebruik is, naamlik dié van die Oorlams, soos wat dit neerslag vind in geskrifte.

INHOUD

- 3.1 Inleiding
- 3.2 Dataversameling
- 3.3 Dataverwerking
- 3.4 Data-Interpretasie
- 3.5 Samevatting

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van die vroegste variëteit van Afrikaans wat in SWA/ Namibië gebruik is, naamlik dié van die Orlams, soos wat dit neerslag vind in geskrifte.

Om vas te stel wat die kenmerke van hierdie variëteit was, is 'n sosiolinguistiese variasieondersoek gedoen. Hier word dan ook 'n beskrywing gegee van die drie stappe in die ondersoek, naamlik dataversameling, -verwerking en -interpretasie.

Die ondersoek is gegrond op Halliday (1978:4) se teorie oor die wisselwerking tussen die taalgebruik van die individu en sy taalgemeenskap: "Language is as it is because of the functions it has evolved to serve in people's lives." Taal word aangeleer deur middel van die interaksie tussen sprekers; die kenmerke van die individu se taalgebruik word dus bepaal deur die taalgemeenskap waaraan hy behoort (**op. cit.**:18,14). Hoewel die databasis bestaan uit geskrifte van net 'n paar skrywers, kan daar op grond van Halliday se teorie aanvaar word dat die data linguistiese kenmerke van die Orlams se taalgemeenskap sal toon en nie net individuele kenmerke van die skrywers nie.

Volgens Labov (1980:153 e.v.) kom sosiale taalverandering eerste by die laer sosiale groepe voor. Dit kan lei tot 'n normverskuiwing wat van die onderste sosiale groep af geïnisieer word (Van Rensburg, 1987:159).

Die Orlams was een van die lae sosiale groepe in die Kaapprovincie waar hulle die Kaaps-Hollandse omgangstaal aangeleer het. Taalverandering en normverskuiwing in die rigting van Afrikaans kan dus by hulle verwag word.

Die sentrale teoretiese stelling wat in hierdie hoofstuk beredeneer word, is dan ook dat die Orlams se skryftaal wel nog Nederlands was, maar dat hulle spreektaal nader aan Afrikaans as aan Nederlands gestaan het. As variasie op die Nederlandse skryftaal in die data ooreenstem met Afrikaans sal dit hierdie stelling korrek bewys.

Omdat die databasis uit geskrewe argivale teks bestaan en nie uit bandopnames soos in moderne varlasieondersoeke nie, is spesiale aandag gegee aan die betroubaarheid van data (vgl. 3.2.3) en aan die metode van dataverwerking wat die betroubaarheid van data-interpretasie kan verhoog (vgl. 3.3).

3.2 *Dataversameling*

3.2.1 Inleiding

Die doel met hierdie linguisiese analise is om vas te stel watter vorm van Afrikaans eerste in SWA/Namibië gebruik is. Volgens Schollz (1982:42) beskik die taalhistorigie oor twee soorte bronne, naamlik mededelings oor die taal en geskrifte waaruit gevolgtrekkings oor die taal se ontwikkelingsgeskiedenis gemaak kan word. In Hoofstuk 2 waar beredeneer is dat die Oorlams die eerste gebruikers van Afrikaans in SWA/Namibië was, is gebruik gemaak van aanmerkings oor die Oorlams se taal. Om inligting oor die taalvorm te verkry, moet met geskrifte gewerk word.

Die ondersoek word beperk tot geskrifte van die eerste groep Afrikaanssprekendes in SWA/Namibië, dit wil sê die Oorlams, in die tydperk voordat die tweede groep Afrikaanssprekendes, die Basters, in 1865 in SWA/Namibië aankom (vgl. 2.4). Die databasis bestaan dan ook uit geskrifte uit dié tydperk wat opgespoor kon word. Geskrifte wat ná 1865 geskryf is, is nie by die databasis ingesluit nie. Dit sluit onder ander in die dagboek van Hendrik Witbooi en nog 'n groot aantal briewe.

3.2.2 Dataversameling

Op aanbeveling van prof. G.S. Nienaber is die dataversameling begin met 'n soeklog na geskrifte in die *Quellen zur Geschichte von Südwestafrika* by die RGN in Pretoria. Dit is argiefmateriaal wat deur H. Vedder versamel is. 'n Aantal briewe en 'n afskrif van die Vredestraktaat van !Hoaxa!nas (1858) is hier opgespoor.

In die Windhoekse Staatsargief is ook 'n afskrif van die Vredestraktaat van !Hoaxalnas gevind, asook 'n getikte afskrif van die Ryksboek van die Bethaniërs (1847). Volgens die personeel van die Staatsargief sou die oorspronklike Ryksboek moontlik in die argief van die ELC (Evangeliese Lutherse Kerk) in Windhoek gevind kan word; hulle kon egter nog nie toegang daar toe verkry om die betroubaarheid van hul afskrif vas te stel nie.

Dit was slegs met groot moeite moontlik om vir 'n paar uur lank toegang te verkry tot die ELC se argief. Die oorspronklike Ryksboek word inderdaad daar bewaar, asook die oorspronklike **Kirchenbuch Gibeon** en **Kerkboek van de Gemeente Gibeon**. In laasgenoemde twee boeke is inskrywings in Afrikaans gemaak. Toestemming om fotostatiese afdrukke te maak, kon nie verkry word nie en 'n skrifstellige versoek om fotostale te bekom is nooit beantwoord nie. Tydens 'n latere besoek van professor H.G.W. du Plessis kon hy daarin slaag om fotostatiese afdrukke van die Ryksboek te maak. Die ander twee geskrifte kon ongelukkig nie by die korpus gevoeg word nie.

Navrae en 'n soeklog by die Estorff-naslaanbibliotheek en die NG-Kerkargief in Windhoek asook die Kaapstadse Staalsargief het nijs opgelewer nie.

In die NG-Kerkargief in Kaapslad is 'n oorspronklike brief van Jager Afrikaner, gedateer 9 Februarie 1803, gevind.

By die School of Oriental and African Studies (University of London) kan moontlik nog data gevind word. Geen fotostatiese afdrukke kon egter bekom word nie en weens die hoë koste is besluit om nie die beskikbare mikrofiche aan te koop nie.

Opsommend kan gesê word dat die database uit vier uiteenlopende tipes geskrifte bestaan:

1. die Ryksboek van die Bethaniërs (1847) (vgl. Bylae A);
2. die Vredestraktaat van !Hoaxalnas (1858) (vgl. Bylae B);
3. oorspronklike Afrikanerbrief (1803) (vgl. Bylae C); ..
4. afskrifte van briewe uit die Quellen (1845, 1851, 1852, 1853, 1854, 1855, 1856, 1859, 1860) (vgl. Bylae D).

Omdat die Ryksboek die grootste deel van die databasis uitmaak, word hier 'n kort beskrywing daarvan gegee.

Die Ryksboek bestaan uit drie dele:

1. Het Boek der Ryksgeschiedenissen.
2. Het Boek der Wetten.
3. Het Boek van Aanmerkingen.

In die eerste boek is die "Getuigenis" van "Kaptein" David Christian, sy twee "Rigters" en sewe "Raadslieden" opgeteken.

Hierdie getuigenisse was blybaar reeds met kaptein Christian se ampsaanvaarding op 1 Januarie 1847 (Heese, s.j.:80) klaar geskryf, want dit is die datum wat daarby verskyn. By later inskrywings in die eerste boek kom die jaartalle 1880, 1881, 1893, 1904, 1905, 1897, 1899 en 1916 voor. Omdat hierdie ondersoek beperk is tot geskrifte wat voor 1865 geskryf is (vgl. 3.2.1), is hierdie inskrywings buite rekening gelaat. Waar voorlaan verwys word na die Ryksboek, sluit dit nie hierdie inskrywings in nie.

Die tweede boek bestaan uit twee dele:

Deel 1 bevat 21 reëls, waarvan 18 en 19 "wetten v. 22 de Nov. 1842" is; die wette is dus waarskynlik op Raadsvergaderings gemaak.

Deel 2 bevat "Wetten alleen uit Gods Woord". Dit sluit die volgende in:

- die Tien Gebooie,
- "Wetten der barmhartigheid",
- "Krygwetten" en
- "Kerkelyke Wetten en vermaningen enz."

Onder die Kerklike wette is opgeteken

- "Wetten voor de Onderdanen",
- "Wet voor de Overheid",
- "Algemeene wetten" en 'n
- "Vergelyking des Ouden en Nieuwen Testaments".

In die derde boek is geen inskrywing gemaak nie.

Die grootste deel van die Ryksboek is in Nederlands geskryf. Slegs die "Geluigenis" van kaptein Christian en dié van sy twee Rigters is in twee tale geskryf, naamlik Nederlands en 'n vreemde taal wat volgens professor G.S. Nienaber (1988) 'n Nama-vertaling van die Nederlandse gedeelte is.

Met die uitsondering van die volgende gedeeltes is die hele Nederlandse gedeelte van die Ryksboek wat voor 1847 geskryf is uit 'n Nederlandse Bybel oorgeneem:

Iste Boek:

Die eerste bladsy; die eerste paragraaf van Kaptein David Christian se "Geluigenis"; die eerste sin van die Rigters en die Raadslieden se "Geluigenis"; en natuurlik die name en datums.

IIde Boek:

Deel I: reëls 1-20

Deel II: die paragraaf oor persone "die de vuilziekte hebben" onder die afdeling "Welten der barmhartigheid"; die sin oor "De doden zult gij begraven, ..." onder die afdeling "Krygswetten"; die drie paragraafies "Aan den Kapitein".

3.2.3 Betroubaarheid van die data

Om 'n betroubare gevolgtrekking te kan maak oor die Afrikaanse taalvorm wat eerste in SWA/Namibië gebruik is, is dit noodsaaklik dat slegs oorspronklike geskrifte gebruik word. 'n Afskrif wat verskil van die oorspronklike kan lei tot 'n verkeerde gevolgtrekking.

Oor die betroubaarheid van die Ryksboek is daar geen twyfel nie, want die oorspronklike kopie is gebruik. Die afskrif in die Windhoekse Staatsargief verskil van die oorspronklike; eersgenoemde is dus nie gesik vir betroubare ttaalhistoriese analyses nie.

Van die Vredestraklaaf van !Hoaxa!nas is slegs twee afskrifte beskikbaar: dié in die Quellen en dié in die Windhoekse Staatsargief. Volgens die Direkteur van Argiewe in Windhoek (1987) is die Staatsargief se kopie 'n "getroue afskrif van die oorspronklike" en kan die afskrif in die Quellen nie as betroubaar beskou word nie, omdat "Vedder korreksies in die spelling aangebring het." Ter wille van betroubaarheid is die Staatsargief se afskrif gebruik.

Die enigste oorspronklike brief wat opgespoor kon word, is dié van Afrikaner (9 Februarie 1803) in die NG-Kerkargief in Kaapsstad. Omdat dit die oorspronklike geskrif is, kan dit as volkome betroubaar beskou word.

Die ander elf briewe is almal afskrifte in die Quellen. Om hulle bruikbaarheid te bepaal, moet die betroubaarheid van die Quellen bepaal word. Indien Vedder slegs spellingkorreksies aangebring het, kan die Quellen as redelik betroubaar beskou word. Spellingkorreksies sal slegs die analise op klankvlak beïnvloed; analyses op al die ander vlakke sal betroubare gegewens oplewer. Indien die Quellen meer as net ten opsigte van spelling verskil van die oorspronklike kan die betroubaarheid van hierdie deel van die databasis bevraagteken word.

Die betroubaarheid van afskrifte in die Quellen kan bepaal word deur dit met die oorspronklike of 'n getroue afskrif van die oorspronklike te vergelyk. Die enigste geskrif in die Quellen waarvan 'n getroue afskrif beskikbaar is vir so 'n vergelyking is die Vredestraklaaf van !Hoaxa!nas. 'n Vluglike vergelyking van die twee afskrifte het onder andere die volgende opgelewer:

Staatsargief-afskrif	Quellen-afskrif
Kapilijs	Kapiteine
hem	hen
verdigen	verdedigen
wapenen	wapen
frakteats-Hoofden	Traktaats-Hoofde
eenstemig	eenstimmig
hun	hen

Kapilijs	Kapiteine
hem	hen
verdigen	verdedigen
wapenen	wapen
frakteats-Hoofden	Traktaats-Hoofde
eenstemig	eenstimmig
hun	hen

Kopral	Corporal
toestemming	toestimming
de	deze
te kennis gezet	in kennis gezet
verbontenis	verbintenis
tractat	traktaat
oorloog	oorlogen
gered	gereed
een man	iemand
vlugteling naar	vlugtenaar
em	eene
welkes	welks
des selfve	dezelfde
verpligting	verpligtien
griqualand hoofd	Griqua Hoofde
de ander hoofde	de andere Hoofde
hoofd in de wijsk	Eykshoofd (waarskynlik 'n tikfout en veronderstel om te wees Wykshoofd)
vergadierung	vergadering
Bestaanbaarheid	bestaanbaarheid
Regler	regeering
beregtiegt	beregtigt
een burger	eenen burger
zijn have	zyne have
aan te klagen	anteklagen
zal moet onderzoek worden	zal moet onderzocht worden

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar heelwat meer as net spellingverskille tussen die twee afskrifte is. Die verskille raak alle analysevlakte; vergelyk byvoorbeeld:

Klankvlak: eenstemig x eenslammig
Kopral x Corporal

Morfologese vlak: **Kapitijn x Kapiteine**
Zijn have x zyne have

Leksikale vlak: **vlugteling** naar x **vlugtenaar**
 een man x lemand

Sintakiese vlak: hun x hen
 zal moeten onderzoek worden x zal moet onderzocht worden

Daar kan nie met sekerheid gesê word dat die briewe in die databasis net sulke swak afskrifte is soos die Vredestraktaat nie. Hierdie bewys van onbetroubaarheid kan egter nie geignoreer word nie, omdat dit die datainterpretasie kan beïnvloed.

Afgesien van die linguistiese onbetroubaarheid moet selfs feitelike inligting uit die Quellen versigtig hanter word. Dit blyk duidelik uit die feit dat die afskrif van die Vredestraktaat in die Quellen deur dertien persone onderteken is, terwyl die Staatsargief se afskrif slegs elf name bevat:

Staatsargief-afskrif

Quellen-afskrif

Cornelius //Oasib	Cornelius //Oasib
	+ Karab
Kanabi Willem Zwartbooi	Willem Swartbooi
	+ Hulsib
Jager !Amab	Jager + Aimab
Garieb	= Garib
Hendrik Hendriks	Hendrik Hendriks + Namib
Piet Koper	Pit Koper /Gamab
Kido Witbool	Witboot + A//éib
Amraal Lambert	Amraal + Gal/nub
Jonker Africanner	Jonker Afrikaner /Haramûb
David Christiaan	David Christian //NaiXab
Paul Goliath	Paul Goliath = HobeXab

Dit is duidelik dat geskrifte uit die Quellen nie as betroubare data beskou kan word nie. Linguistiese gegewens wat hieruit verkry word, kan slegs gebruik word as kontrole vir gevolgtrekkings wat op grond van betroubaarder data gemaak is en kan nie gebruik word as enigste bewys vir enige bewering oor die taalvorm nie.

3.3 Dataverwerking

3.3.1 Inleiding

Om meer te wete te kom oor die spreektaal van die eerste helfte van die 19de eeu is die taalhistorikus aangewese op geskrewe tekste. Hierdie sekondêre bronne kan nie beskou word as 'n getroue weergawe van die spreektaal nie, want die skryftaal is gewoonlik meer konserwatief as die spreektaal (Conradie, 1986:88). Daar kan dus slegs met die grootste versigligheid gevolgtrekkings oor die spreektaal gemaak word.

3.3.2 Hantering van tekste

By die hantering van die tekste moet aandag gegee word aan die volgende aspekte.

Dit is belangrik om vas te stel watter taal die skrywer probeer skryf het, omdat dit sal bepaal na watter tipe verskynsels gesoek moet word. Nederlands was tot diep in die 19de eeu nog die skryftaal aan die Kaap (Raidt, 1980:101). Die Oorlams het dus uit Suid-Afrika weggetrek met Nederlands as kerk-, Bybel-, skool- en skryftaal. Daar beslaan geen rede om te vermoed dat enige van die geskrifte 'n poging sou wees om Afrikaans te skryf nie. Ook uit die linguistiese analyses van die tekste blyk dit duidelik dat die skrywers probeer het om so goed as moontlik Nederlands te skryf. In hierdie tekste moet dan gesoek word na afwykings van Nederlands wat 'n aanduiding kan gee van hoe goed die skrywer se kennis van Nederlands was en of dit sy spreektaal ook was of net skryftaal. Afwykings kan volgens Raidt (1980:102) toegeskryf word aan spreektaalinvoede maar dit kan ook hiperkorrekte of bloot foutiewe forme wees as gevolg van skryfonwennigheid of 'n gebrekkige kennis van Neder-

lands. Hoewel alle afwykings dus nie aan spreektaalinvloed toegeskryf kan word nie, is die afwyking volgens Conradie (1986:89) minstens 'n aanduiding dat die norm nie gerealiseer word nie.

Om afwykings in die tekste op te spoor, moet die taalgebruik in die tekste met Nederlands vergelyk word. Gerieflikheidshalwe kan moderne standaard-Nederlands as vergelykingsbasis gebruik word, maar voorsiening moet gemaak word vir verskille tussen die 19de- en 20ste-eeuse Nederlandse skryftaal. Afwykings moet dan weer vergelyk word met Afrikaans, ook vroeë en nie-standaardvorme van Afrikaans wat moontlik kan verskil van die hedendaagse standaard-Afrikaans (op. cit.).

Dit is belangrik om te let op die frekwensie van 'n verskynsel (op. cit.). As dit slegs een keer of net in een teks voorkom, is dit moontlik net 'n skryffout en nie so 'n betroubare aanduiding van die spreektaalvorm soos 'n verskynsel wat in verskeie tekste voorkom nie. By die lae frekwensie van 'n afwyking wat ooreenstem met 'n Afrikaanse vorm moet egter ook rekening gehou word met die skryftaaltradisie. Vorme met 'n lae status of wat kenmerkend is van die spreektaal, is doelbewus en konsekwent vermy (Raidt, 1980:102). Die hoë frekwensie van sekere vorme en die lae frekwensie van ander vorme verskaf dus nie sonder meer genoeg inligting om tot 'n gevolgtrekking oor die spreektaal te kom nie.

Dit is laastens ook belangrik om vas te stel presies wie die skrywer van 'n teks was, want as Nederlands nie die moedertaal van die skrywer was nie, kan sommige afwykings moontlik aan moederlaalinvoed toegeskryf word. By so 'n anderstallige skrywer kan afwykings egter ook huis dui op spreektaalinvoed omdat hy/sy moontlik nie die verskil tussen die spreek- en skryftaalvorme ken nie (op. cit.:10). Huis uit hierdie geskrifte kan dan betroubare alleidings gemaak word oor die taalgebruik van die taalgemeenskap. Uit al bogenoemde is dit duidelik dat bronre ultijs versigtig hanteer moet word om betrouwbaarheid van data-interpretasie te verseker.

3.3.3 Vergelykingsbasis

As vergelykingsbasis om variante op te spoor, is na die voorstel van Conradie (1986:89; vgl. 3.3.2) moderne standaard-Nederlands gebruik. Voorslēning vir verskille tussen 19de- en 20ste-eeuse Nederlands is gemaak deur awykings wat nie ooreenstem met 'n vorm van Afrikaans nie te vergelyk met ouer vorme van Nederlands.

Soos reeds genoem, is die grootste deel van die Ryksboek van die Bethaniërs uit 'n Nederlandse Bybel oorgeneem. Hierdie deel van die data moes dus met die Bybel self vergelyk word om vas te stel of dit presies net so oorgeskryf is en indien nie wat die aard van die verskille is. 'n Groot probleem was om vas te stel watter Bybelvertaling gebruik is. Aanvanklik is vermoed dat dit die Statebybel was wat algemeen in Suid-Afrika gebruik is. 'n Spellingverskil het egter twyfel laat ontstaan - waar die gewone IJ in die Statebybel gebruik is, word in die Ryksboek deurgaans y geskryf. Gegevens in Darlow en Moule (1963:297-331) toon duidelik dat 'n Bybelleser nie alleen uit 'n groot aantal verskillende vertalings kon kies nie, maar boonop ook uit verskeie uitgawes van elke vertaling.

Volgens mevrou M.E. Turley (1988), bibliotekaresse by die Bybelgenootskap in Kaapsstad wat die Ryksboek met verskeie Nederlandse vertalings vergelyk het, het Knudsen beslis die Statevertaling gebruik. In sekere uitgawes van die Statebybel word wel die y gebruik, hoewel nie deurgaans nie; vergelyk byvoorbeeld die meegaande afskrifte uit 'n Statebybel.

Hierdie spellingenaardligheld is dus nie heeltemal vreemd nie en is beslis geen bewys dat Knudsen nie die Statevertaling gebruik het nie. Walter uitgawe hy gebruik het, kon nie vasgestel word nie. Dit wil egter voorkom of dit nie so belangrik is nie, omdat die verskillende uitgawes waarskynlik nie veel van mekaar verskil wat taalgebruik betref nie. Volgens Darlow en Moule (1963:311) is die 1656-uitgawe gesuiwer van drukfoute. In 1842 is die spelling gemoderniseer en in 1943 is die Bybel "ingerig overeenkomstig die thans meest gebruiklike taal en spelling." (op. cit.:322) Van die ouer uitgawes is egter steeds herdruk sodat die publikasiedatum nie werkelik 'n aanduiding gee



DE STATEN GENERAEL

der Vereenigde Nederlanden,

Allen den genen die desen sullen sien oste hooren lezen, Saluyt,
DOEN TE WETEN: dat wy van den aenbeginne der refor-
matic af in dese Landen ter herten genomen, ende met alle vlijt ende
forghvuldigheyt getracht hebben te besorgen alles wat tot goeden wel-
stant ende voortplantinge van de Oprechte, Ware, Christeliche Ge-
reformeerde Religie, ende den suyveren Godsdienst heeft mogen
strecken ende noodigh was: ende onder anderen mede dat Godts
Heylygh Woort, na den rechten sin, ooghmerck ende verstant van
den gront-text ende sprake, daer inne Godt de Heere Almachtigh
genadelick' geliefst heeft sijne Leere ende Godsdienst door ingeven des
Heylygen Geests te openbaren, mochte worden uytgeleyt, geleert,
ende gepredickt, op dat daer door de saligheyt der zielen, ende het
ceuwigh welvaren meer ende meer gevoordert soude worden. Doch
aengemerekt zijnde dat noyt eenige oversettinge van de Heylyge Schrif-
ture uyt den originelen Text in de Nederlantsche sprake en was ge-
daen, hadden wy al overlange versocht ende gecommitteert eenige
voorname geleerde Mannen, Theologanten ende Dienaren van de
Gereformeerde Kereken, om een nieuwe Nederlantsche Oversettinge
der Heylyge Schrifture uyt de oorspronkeliche talen te voorschijn te
brengen, by deweleke dit werck van tijt tot tijt losselicken begonnen
wesende, is de voortgangh daervan nochtans door haerlieder ontijdigh
afsterven tot noch toe verhindert geworden. Waeromme, op dat dit
soo noodigh ende Goddelick werck cnydelick eens ten effecte ge-
bracht, ende dese onse Christeliche yver ende voornemen voldaen
mochte worden, hebben wy volgens het exemplē der eerster Kercken
by de tijden der Oudtvaderen, als oock op liet exemplē der nabuerige
ende andere Gereformeerde Rijcken, Furstendommen, ende Repu-
blijcken, goet gevonden gehadt, die van de Synode Nationael in den
jare 1618 en 1619, tot Dordrecht vergadert, te versoecken, autho-
riseren ende lasten, de voorseyde oversettinge by der hant te nemen,
ende daer toe, als oock tot de Revisie van dien, eenige geleerde ende
ervarenc Theologanten te deputeeren. Ende de oversettinge door den
genadijen zegen van Godt Almachtigh by de voorsz. voortreffeliche
Mannen in de Hebreeusche ende Grieksche talen ervaren, ten cynde
gebracht, ende door andere geleerde Theologanten naerder oversien.

* 2

zijn-

van hoe die taalgebruik in 'n sekere uitgawe lyk nie. Die Ryksboek is uiteindelik vergelyk met 'n 1864-uitgawe van die Statebybel, omdat dit, van al die beskikbare uitgawes op Potchefstroom, die meeste met die Ryksboek ooreenstem.

Nadat afwykings van Nederlands opgespoor is, is dit met Afrikaans vergelyk. Die Oorlams se taalgebruik kan volgens Van Rensburg (1989:438, 454-455) se indeling as 'n vorm van Oranjerivier-Afrikaans beskou word. Daar is dus gevoog om vas te stel of variante wat verskil van standaard-Afrikaans nie dalk ooreenstem met variante van Oranjerivier-Afrikaans nie. Ongelukkig is geen beskrywing van 19de-eeuse variëteite van Oranjerivier-Afrikaans beskikbaar nie en moes inligting oor 20ste-eeuse variëteite, byvoorbeeld Grikwa-Afrikaans, noodgedwonge gebruik word.

3.3.4 Die skrywers van die tekste

Soos reeds genoem, moet moontlike invloede van ander tale in ag geneem word as die skrywer se moedertaal nie Nederlands was nie (vgl. 3.3.2). Daarom is dit belangrik om te kyk wie die skrywers van die verskillende tekste is.

3.3.4.1 Die Ryksboek

Die Ryksboek is geskryf deur Hans Christian Knudsen.

Knudsen, 'n Noorweër, is op 18 Maart 1816 te Bergen gebore en is op 26 Mei 1864 te Hafjelldalen in Noorweë oorlede (Trümpelmann, 1972:422). Op 3 November 1842 kom hy as sendeling van die Rynse Sendinggenootskap op Bethanië in SWA/Namibië aan (Heese, s.j.:80).

Die tradisionele mondelinge oorgelewerde regstelsel was onvoldoende en regstoepassing en administrasie kon nie meer aan die kaptein alleen oorgelaat word nie (Trümpelmann, 1972:422). Daarom is Knudsen op 'n Raadsvergadering, gehou op 22 November 1842, gevra om 'n wetboek vir Bethanië op te stel (Heese, s.j.:80). Hierdie Ryksboek is op 17/18 Oktober 1848 in gebruik

geneem. Nadat sekere aanpassings gemaak is, is die wetboek ook op Berseba en Rehoboth in gebruik geneem (Trümpelmann, 1972:422).

By Knudsen as Noorweér moet rekening gehou word met die moontlike invloed van Noors. Duitse invloed is egter ook moontlik, omdat die Rynse sendelinge meestal Duitssprekend was. Sommige Rynse sendelinge het eers aan die Kaap die spreektaal aangeleer voordat hulle met sendingwerk begin het (Strassberger, 1969:11). Knudsen het 'n tyd lank op Tulbagh gewerk (op. cit.:30). Dit is dus moontlik dat hy reeds met die spreektaal kennis gemaak het voordat hy in SWA/Namibië aangekom het. Knudsen het Nama so goed bemeester dat hy 'n grammatica- en 'n spelboek vir Nama kon skryf en ook dele van die Bybel in Nama kon vertaal (Trümpelmann, 1972:423). As 'n mens Knudsen se vermoë om vreemde tale te bemeester in ag neem, is dit te betwyfel of daar sterk Noorse of Duitse invloed in sy Nederlandse geskrifte verwag kan word. Die enigste wal aangetref is, is dan ook die gebruik van "Christo Jesu" in plaas van Christus Jezus en "Christli" in plaas van Christus.

3.3.4.2 Die Vredestraktaat van !Hoaxalnas

In Januarie 1858 vergader al die kapleins van Groot-Namaland op !Hoaxalnas in die Rynse sendeling F.H. Vollmer se huis om vrede te sluit. Die voorstalter van die vergadering en skrywer van die traktaat is die Griekwa Andries van Rool, 'n gewese kommandant van Waterboer (Goldblatt, 1971:27).

Omdat die Griekwas ook 'n vorm van Oranjerivier-Afrikaans gepraat het (en nog praat), het Van Rool se spreektaal waarskynlik nie veel van die Orlams s'n verskil nie (vgl. Du Plessis, 1987c:9). Daar is in elk geval nie sprake van vreemdtaalinvoloed by Van Rool nie.

Dit is moontlik dat Vollmer Van Rool kon gehelp het met die skryf van die traktaat. In so 'n geval kan Duitse invloed moontlik voorkom. Daar is egter geen beduidende Duitse invloed in die traktaat te bespeur nie. Die enigste moontlike aanduidings van Duitse invloed is 'n paar spelvorme, naamlik die onnodige gebruik van hoofletters by sommige selfstandige naamwoorde en die dubbele ff in gestrafft (artikel 5). Dit kan egter ook beskou word as biale skryffoute en buite rekening gelaat word.

3.3.4.3 Afrikanerbrief

Aan de Heeren
alle die God lief het
Vroome menschen
aan de Caab.


Myne Waarde Heere alle die God lief het

Gehoort hebbende Van Een Leraar die van de andere Leraars de Groot revier is af gekomen om naa Kammis le gaan; dat de vrome mensche aan de Cab Leraars rond uit stuure, Zoo verzoekie ik alschoon dat ik de Groote Kwaad doender ben evenwel ootmoedig om een Leraar want ik kan niet zonder Leraar meer blyven en ik zal van nu af aan van alle kwaad af laate en zoeke hulpe voor myne ziele die ander verlooren moet gaan, ag help mij Schielik eer ik sterfs en bij de andere Leraars boven in de Revier zou ik wel gaan, maar die menschen zoude mij niet verdraagen ten minste al zouden de kinders die dag stout zyn kwaad spreeken en hier is ook nog veel volk die gaan Leeren wiel.

Ziet myn kwaad doen niet aan maar hebt meelye met mij en helpt my zoo gy God Lief het dat dit my opregte wille is

onderfeekende ik met myne hand

Dit is de handtekening van

Africander 
Jager 
Tidis 

Bijna aan de onderkant
Van de Groot Rivier
de 9 Februarij
1803

Dit was nie moontlik om vas te stel wie die skrywer van hierdie brief is nie.
Dit is wel onderteken "met myne hand", maar die kruisies na die name toon duidelik dat dit nie regtig deur die ondertekenaar self geskryf is nie.

In hierdie brief kom geen verskynsels voor wat op moonlike vreemde invloede dui nie.

3.3.4.4 *Briewe uit die Quellen*

Soos gesien by die oorspronklike Afrikanerbrief beteken die name onderaan briewe nie veel nie. Die brief is dikwels deur iemand anders geskryf en die persoon wat die brief laat skryf het, het dan net 'n kruisie agter sy naam getrek.

Ten spye van die feit dat dit nie moonlik was om met sekerheid vas te stel wie die skrywer van elke brief was nie, is die briewe gefynkam vir vreemde-taalinvloede. Die volgende is gevind.

Brief aan Kolbe, 1851

Aan de Reverend Heer Kolbe.

Ik groop om te say mein groot janmer en hartseer oor de oorlocht die ik aan u gethan hap om che cheren de arme Damaras huise, die derchte by u huis um, en wohn unter U trusten, en de is end in U werft destroyet.

Ik wiel, dat U under die Engelse Goverment hier wohn, und ik groop, dat U de Engelse Goverment mak fragt dat wat ik gethan hap, meen vergief soll worte. Ik belooft U dat nicht van dieser dinge vier soll angaan.

gez. Jonker Afrikaner, kaptien.

Witnesses to the above signature

Francis Galton Timotheus Snems (?)

In hierdie brief kom duidelike Engelse en Duitse invloede voor (vgl. velgedrukte gedeeltes).

Engels:	Reverend	Duits:	gethan hap
	say		wohn
	Goverment		und
	trusten		

Brief aan die "Rheinlandsche Genootschap", 1853

den 29den July 1853

Aan de hoogwaardige

Rheinlandsche Genootschap.

Geliefde Heeren,

Ik heb **einen** brief van de Wesleyansche Genootschap gekregen, en in die brief word my gezegd, dat ik niet meer van die Genootschap eenen Leeraar zal krygen, maar dat ik van de Rheinlandsche Genootschap eenen Leeraar krygen zal.

Nu is het al over de twee jaar geheeden, dat myn Leeraar, de heer Tindall van my weg is. Ik heb altyd gewacht, dat mynheer Tindall sou weer terug komen, maar nu zie ik, dat hy niet weer achteruit zal komen. Daarom versoek ik de Rheinlandsche Genootschap, dat sy my toch ook moge eenen Leeraar toesturen; die my en myn Volk in het woord Gods onderwyzen moge.

Ik hoop, dat de hoogwaardige Genootschap myne bede verhoren zal, en in deze blyde verwachting groet ik al de Heeren.

Ik ben Kapitein

Amraal Lamberts.

(gelekeend met drie) + + +

In hierdie brief dui die gebruik van **einen** moontlik op geringe Duitse invloed.

Brief aan David Christian, 1860

Beseba de 29 November 1860

Myn Lieve broeder

ik Schryf U deze paar regels om U daar mede bekend te maaken dat de eerwardig Heer Knauer is op de 28 dag gekomen en heb ons geverhal dat de Namaqus is in //Holeb met hun komando en van daar hebben sy beesten genomenen in het veld van

Gebeon, en daar op is de Kaptien Willbooi opgestaan en op de spor gegaan en zoals ik verstaan door die verhal Is onzen broeder Kaptien Willbooi is nog niet trou gekomen, hy is daar en zyn Volk is hem achen na gegaan nu wet ik niet wat Ich U zal verders verhalen ik heb gemeent dat ik zal zoek om vrede te maaken inaar de ding kom nu werom andrens en nu wat denk U my lieve broeder zal ons maar nog stil zullen en geen werk van maken, wel broeder dan nog niet bykommen om zaak reg te verslaan, ik verzoek U om my loch hastiglyk eene antwoord te Stuuren.

hartelyk groetenis

ik ben Uwe Liefhebbende broeder

Paul Goliathia

Kapitien van Beseba

Die woordjie Ich in hierdie brief kan of 'n spellfout wees of dui op Duitse invloed.

In die ander brieue is geen vreemde invloede opgemerk nie.

3.3.4.5 Gevolgtrekking

Vreemdtaalinfluoede in die data is ignoreerbaar min. Uit 'n volledige analyse blyk dit duidelik dat afwykings van Nederlands in die meeste gevalle dui op invloed van die Afrikaanse spreektaal van die taalgemeenskap (vgl. 3.4) en nie op die skrywer se moedertaalinfluoede nie.

Bogenoemde bevinding is ondersteuning vir Halliday se teorie dat die individu se taalgebruik kenmerke van die taalgemeenskap se omgangstaal sal toon (vgl. 3.1).

3.4 Data-Interpretasie

3.4.1 Inleiding

By die Interpretasie van data is die FI (frekwensie-indeks) van varlante gewoonlik baie belangrik, omdat dit kan aantoon of 'n sekere variant kenmerkend is van 'n taalgemeenskap en of dit bloot 'n verspreking is of dalk 'n verskynsel

wat net by een spreker voorkom. Weens die aard van die databasis in hierdie ondersoek kan egter nie te veel betekenis aan 'n FI geheg word nie. Hier word naamlik gewerk met 'n poging om Nederlands te skryf. Die FI van afwykings van Nederlands sal dus in 'n groot mate bepaal word deur die skrywers se kennis van Nederlands en nie 'n werklike weergawe wees van hul taalgebruik nie. Veral afwykings van die Statebybel in die Ryksboek kan 'n aanduiding van spreektaalvorme wees al is die FI baie klein. Dit kan aanvaar word dat die FI van vorme wat "per ongeluk" in die skryftaal gebruik is, in die werklike taalgebruik baie hoër sou wees.

Volgens Antilla (1972:84) is een van die beperkings op die historiese taalkunde dat dit dikwels suiwer deskriptief is. Die taalveranderinge wat waargeneem word, kan beskryf maar nie allyd verklaar word nie. Die data-interpretasie in hierdie studie is dan ook meer deskriptief as verklarend.

3.4.2 Leksikale variante

Leksikale verandering is 'n aanduiding van sosiale verandering (Verhoef, 1988:167). Volgens Conradie (1986:15) toon die woordeskataloog 'n beeld van die sprekers se woonplek, bedrywighede en van die aard van hul kontakte met ander groepe. Die woordeskataloog is die veranderlikste komponent van die taal (Raidt, 1980:155). Indien die Oorlams se spreektaal Afrikaans was en nie meer Nederlands nie, behoort die woordeskataloog dit dus aan te toon.

Ongelukkig bied die beperkte databasis nie die geleentheid om veel te wete te kom oor die woordeskataloog nie. Die geskrifte is formeel en handel nie oor die alledaagse lewe nie. Leksikale variante is dan ook beperk tot die onderwerpe waaroor geskryf is.

Nog in die Vredestraktaat van !Hoaxa!nas nog in die Afrikanerbrief kom enige leksikale variante voor wat aandui dat die skrywers se spreektaal nie Nederlands was nie. Dis egter nie so vreemd nie as in ag geneem word dat meer as 90% van Afrikaans se woordeskataloog in elk geval ooreenstem met dié van Nederlands (De Villiers, 1983:29). In die Ryksboek kom egter wel 'n aantal

Ieksikale variante voor wat daarop dui dat die Nederlandse Bybel nie so maklik verslaanbaar was vlr die Oorlams nie.

Hier volg nou 'n Inventaris van Ieksikale variante in die Ryksboek met daar-naas die variant wat in die Statebybel gebruik is.

Ryksboek	Statebybel
getuigenis	gerucht
verordend	geordineerd
bestraft	gekastijd
gedood	gesteenvigd
dooden	met steenen steenigen, dat zij sterven
gedood worden	sterven
zoo zal hy dienen voor zyne dievery	verkocht worden
vee	ezel
os	ezel
geenen overlast doen	niet onderdrukken
by u bewaren	binnen in uw huis vergaderen, dat zij bij u zijn
het pad	den weg
werft	leger
onregtaardigen	ongereglijgen
geen valsch maat of gewigt	geen tweederlei weegstenen geene tweederlei Ephraim
onderdanig wezen	cijnsbaar zijn en u dienen
ze kloppen	haar belegeren
om des gewetens wil	om der conscientie wil
broeders	broederschap
dienstknechen	huisknechten
om Gods wil	om de conscientie voor God
kralen	paarlen
schoft, schoften	mijt, mijlen
heidenen	tollenaars
de groot Engel Michael	Michaël, de Archangel

Gij zult den Naam des Heeren	Gij zult den Naam des Heeren niet ijdelik
niet onheiligen	gebruiken
niet liegen	geene valsche geluigenis spreken
afgod	gesneden of gegolen beeld
indien	als
indien	wanneer
omdat	voor dat
omdat	ter oorzake dat
dat	opdat
als	wanneer
toen	als
want	opdat
dan	zoo
het	hetzij
jegens	togen
over al	van al
er	daar
na	naar
zijne ouders	zijnen vader of zijne moeder
aannemen	antwoorden
straffe	bestrafte
uitschuwende	opschuimende
Gy zult niet vreemde Goden hebben	Gy zult geene andere goden hebben
2 of 3 getuigen moeten er zyn	op den mond van twee getuigen, of op den mond van drie getuigen zal de zaak bestaan
Als iemand eenigen mensch zal gedood hebben	Als eenige ziel des menschen zal verslagen hebben
Maar wie eenig vee zal ge- dood hebben	Maar wie de ziel van eenig vee zal verslagen hebben

Sommige van die variante toon duidelik dat Knudsen probeer het om die Bybelse gegewens aan te pas by die Oorlams se lewenswyse, byvoorbeeld:

kralen	in plaas van	paarlen
heidenen	in plaas van	tollenaars
werft	in plaas van	leger
gedood	In plaas van	gesteenigd
schoft	in plaas van	mijl

Ander variante is waarskynlik gebruik omdat dit meer bekend was as die Bybelse, byvoorbeeld:

bestraft	in plaas van	gekastijd
onderdanig wezen	in plaas van	cijnsbaar zijn en u dienen
om Gods wil	in plaas van	om de conscientie voor God

In byna alle gevalle staan die Ryksboek se variante nader aan Afrikaans as dié in die Bybel. Pad in plaas van weg is dan ook tipies Afrikaans. Wat vreemd is, is die konsekwente gebruik van er in plaas van daar. Afrikaans toon 'n opvallende voorkeur vir nadruklike vorme en ken net die vorm daar. In Nederlands word byna altyd die verkorte, onnadruklike er gebruik (Raidt, 1980:179). Die gebruik van er is nie alleen opvallend omdat dit so frekwent voorkom waar die Statebybel daar het nie, maar ook omdat dit die enigste leksikale variant is wat nie dui op spreektaalinvloed en normverskuiwing in die rigting van Afrikaans nie. Knudsen se gebruik van er is "meer Nederlands" as selfs die Statebybel se Nederlands en kan dalk toegeskryf word aan hiperkorreksie. Dit kan moontlik wees omdat aanpassing by die Oorlams se spreektaal hier nie werklik nodig is om die Ryksboek vir hulle meer verslaanbaar te maak nie.

Die aanduidings dat die Oorlams se spreektaal op leksikale vlak nader aan Afrikaans as aan Nederlands gestaan het, word bevestig deur enkele variante in die briewe uit die Quellen:

banje	in plaas van	veel
plaas, plaast	in plaas van	plaats

Weens die uiteenlopende aard van die geskrifte en die onderwerpe waaroor geskryf is, is 'n vergelyking van geskrifte op leksikale vlak nie moontlik nie.

Die leksikale variante wat bespreek is, toon duidelik dat Knudsen die Statebybel op leksikale vlak moes aanpas om dit vir die Oorlams meer verstaanbaar te maak. Die feit dat hierdie aanpassings nader aan Afrikaans staan as die oorspronklike Statebybelvorme, dui op 'n normverskuwing in die rigting van Afrikaans.

Antilla (1972:89) stel dit dat waar klankverandering intree, die ou uitspraakvorm nie onmiddellik in onbruik verval nie: "For a time they occur side by side, until one is assigned to a clear social or stylistic context, or until one variant is lost." Dieselfde geld vir leksikale variante. As in ag geneem word dat die skryftaal baie konserwatief, en in die geval van die Statebybel en Ryksboek ook nog formeel is, kan dit aanvaar word dat die Oorlams se spreektaal op leksikale vlak nog nader aan Afrikaans gestaan het as wat blyk uit die aanpassings in die Ryksboek.

3.4.3 Fonologiese variante

Omdat die geskrewe woord nie 'n getroue weergawe is van 'n taal se uitspraakvorme nie, is afleidings oor fonologiese variante nie altyd betroubaar nie. Tog kan spelvorme wat reëlmalig voorkom dui op uitspraakvorme.

Die fonologiese variante in die data kan in twee groepe verdeel word:

- variante wat ooreenstem met standaard-Afrikaans;
- variante wat ooreenstem met Oranjerivier-Afrikaans.

3.4.3.1 Fonologiese variante wat ooreenstem met standaard-Afrikaans

3.4.3.1.1 Stemlooswording van [z]

Die Nederlandse [z] het in Afrikaans stemloos geword (Conradie, 1986:98). In die Ryksboek kom Jesus twee keer voor en besweerde een keer. In dié deel wat deur Knudsen self geskryf is, kom ook een keer **salving** in plaas van **zalving** voor.

Dit is moontlik dat die [s] algemeen gebruik is in plaas van [z] in die spreektaal. Dit lyk egter of Knudsen bewus was daarvan dat dit nie die korrekte Nederlandse vorm was nie en daarom het hy dit probeer vermy. Sy gebruik van [z] waar Nederlands in werklikheid 'n [s] het, kan dan toegeskryf word aan hiperkorreksie; vergelyk byvoorbeeld:

verzierden,	in plaas van	versierden,
verzieren,		versieren,
verziersel		versiersel
zommige,	in plaas van	sommige,
zommigen		sommigen
kruizes	in plaas van	kruises
zuurdezem	in plaas van	zuurdesem

In die Vredestraklaat en die Afrikanerbrief is nie voorbeeld van [s] in plaas van [z] gevind nie. Dat dit meer dikwels voorgekom het as wat uit hierdie twee geskrifte en die Ryksboek blyk, word bevestig deur die volgende voorbeeld uit die Quellenbrieve (die aantal voorkomste van elke variant word tussen hakies gegee):

soon (1)	in plaas van	zoon (5)
saak (2)	in plaas van	zaak (0)
besoek (1)	in plaas van	bezoek (1)

3.4.3.1.2 Nederlandse [v]

"Die Nederlandse klank voorgestel deur v is in Afrikaans onbekend." (De Villiers, 1983:13) Aan diewoordbegin het Nederlands twee onderskeibare klanke, naamlik [f] en [v], wat in Afrikaans albei ooreenstem met [f] (Scholtz, 1970:44). Die intervokaliiese v het in Afrikaans in sommige gevalle oorgegaan in 'n w en in ander gevalle heeltemal verdwyn (Raidt, 1980:175).

Uit die Statebybel skryf Knudsen verkeerdelik:

onverdervelyk	in plaas van	onvorderelijk
ontvermer	in plaas van	onfermer
veesthouden	in plaas van	feesthouden

Knudsen self skryf ook:

de zelvde in plaas van de zelfde

Dit is moontlik dat ons hier te doen het met hiperkorrekte vorme, dat Knudsen die **v** gebruik juis omdat hy bewus is van die Nederlandse klank wat in die spreektaal nie meer gehoor is nie.

Dat daar in die spreektaal waarskynlik nie meer 'n **v** gehoor is nie, word bevestig deur die gebruik van

fragt in plaas van vraagt en
geblyfen in plaas van geblijven

in die Quellenbriewe.

3.4.3.1.3 Apokope en paragoge

Die Nederlandse slotklanke van sekere woorde in die Bybelse gedeelte van die Ryksboek is wegelaat:

Heer in plaas van Heere
insgelyk in plaas van insgeliks
desgelyk in plaas van desgelyks

Knudsen self skryf verder:

ongeregt in plaas van ongerechtigd

Waarom Knudsen in bogenoemde gevalle die slotklanke weglaat, is nie duidelik nie.

In die brief aan die Heer Connellen word **ja** in plaas van **jagen** aangetreft. Dit is 'n Afrikaanse variant. Die enigste ander geval van apokope in die databasis is:

ander in plaas van anders

In die Afrikanerbrief. Dit is moontlik net 'n skryffout.

Voorbeeld van paragoge kan moontlik toegeskryf word aan hiperkorreksie, byvoorbeeld by Knudsen:

werft	in plaas van	werf
verstandiglyk	in plaas van	verstandig

en in die Quellenbrieve:

nogt	in plaas van	noch
bezigt	in plaas van	bezig
plaast	in plaas van	plaats
werft	in plaas van	werf
brielt	in plaas van	brief
verders	in plaas van	verder
zelfs	in plaas van	zelf
zendelings	in plaas van	zendeling
Edeler	in plaas van	Edele
gegroede	in plaas van	gegroet

Paragoge is waarskynlik die gevolg daarvan dat die skrywers bewus is van apokope en dit probeer regstel.

3.4.3.1.4 Aksentverskil

In Afrikaans word 'n samestelling gekenmerk deur eenheidsaksent (Van der Merwe, 1982:117). Dit is opvallend dat Knudsen in die Ryksboek vyf keer **kleinvée** skryf en slegs een keer **klein vee** terwyl die Statebybel deurgaans **klein vee** het. Omdat dit hier bloot net oor 'n spelreg gaan, kan dit afgemaak word as 'n skryffout. Die hoë FI van hierdie "skryffout" laat egter die vermoede ontstaan dat ons hier te doen het met 'n samestelling wat met eenheidsaksent uitgespreek is soos in Afrikaans. Knudsen het dit waarskynlik as een woord geskryf omdat hy dit gebruik het as een woord met eenheidsaksent en ook betekeniseenheid.

3.4.3.1.5 Sinkopee en epentese

In die Bybelse gedeelte van die Ryksboek kom enkele woorde voor waarin sekere klanke ontbreek:

nedrigen	in plaas van	nederigen
doodlyk	in plaas van	dodelijk
volkomelyk	in plaas van	volkomenlik
opregtheid	in plaas van	opregtigheid

Knudsen self skryf ook:

ewigheid	in plaas van	eeuwigheld
----------	--------------	------------

en in die Afrikanerbrief staan:

meelye	in plaas van	medelijden
--------	--------------	------------

In al die gevalle, behalwe **volkomelyk**, het ons hier Afrikaanse variante. Selfs **volkomelyk** staan nader aan Afrikaans as die Statebybelvarlant met die **n**. Ook die Quellenbrieve toon aan dat baie woorde waarskynlik reeds 'n Afrikaanse klankvorm gehad het en nie meer uitgespreek is met die tussenklanke wat kenmerkend is van Nederlands nie. Vergelyk byvoorbeeld:

trug	in plaas van	terug
naamlyk	in plaas van	namelijk
vriendlyk,	in plaas van	vriendelik,
vriendlyke		vriendelike
Kaplien, Kaplyn	in plaas van	Capilijn

Hoewel ons in Afrikaans steeds skryf **nederig**, **dodelik**, **terug**, ensovoorts, kom die variante met sinkopee dikwels in die spreektaal voor. Daarom lyk dit of ons hier tog wel te doen het met spreektaalinvloed.

'n Eg Afrikaanse woord wat in die Quellenbrieve voorkom, is **plaas**. Die hiperkorrekte **plaast** dui aan dat die skrywers wel deeglik bewus was daarvan dat hulle spreektaal verskil van die Nederlandse skryftaal.

Dat Knudsen en die skrywer van die Afrikanerbrief waarskynlik ook besef het dat hulle sekere klanke in party woorde weglaat, word bevestig deur gevalle van epentese wat aan hiperkorreksie toegeskryf kan word. Vergelyk byvoorbeeld in die Bybelse gedeelte van die Ryksboek:

vrouwenkleed in plaas van vrouwekleed
kwaaddoenders in plaas van kwaaddoeners

in die gedeelte deur Knudsen self geskryf:

ten mindste, in plaas van ten minste
mindsten

en in die Afrikanerbrief:

doender in plaas van doener

'n Enkele voorbeeld van epentese kom voor wat nie toegeskryf kan word aan hiperkorreksie nie. In albei die gevalle waar daar in die Bybelse gedeelte van die Ryksboek sprake is van koring skryf Knudsen **koren** in plaas van **koorn**.

Die [ø] is waarskynlik die gevolg van Afrikaanse spreektaalinvloed terwyl die [n] steeds gebruik is in plaas van [ŋ] onder invloed van die Nederlandse skryftradisie. Dit is egter ook moontlik dat Knudsen die Afrikaanse [ŋ] doelbewus probeer vermy het; vandaar dan sy hiperkorrekte

het verkiezen in plaas van het verkiezing.

3.4.3.1.6 Vokaalwisseling

Die opvallendste vokaalvariant kom voor in die Ryksboek waar Knudsen deurgaans

rlgter in plaas van regter

soos in die Statebybel gebruik, asook:

geritzaken in plaas van geregtzaken

Albei variante is bekend in sowel Nederlands as Afrikaans. Hierdie verskil tussen die Statebybel en die Ryksboek sê dus niks meer nie as net dat Knudsen nie alles presies soos in die Bybel oorgeskryf het nie.

Die enigste ander vokaalvariant wat ooreenslem met standaard-Afrikaans kom ook in die Ryksboek voor:

diegene in plaas van degene

Dit is in ooreenstemming met die Afrikaanse voorkeur vir sterk beklemtoonde vokale (Raidt, 1980:179).

3.4.3.2 Fonologiese variante wat ooreenstem met Oranjerivier-Afrikaans

3.4.3.2.1 Vokaallengte

Die onbepaalde lengte van vokale is kenmerkend van Griekwa-Afrikaans (Van Rensburg, 1984:277, 315-317).

In die Bybelse gedeelte van die Ryksboek kom die volgende voorbeeld van vokaalverkorting voor:

naslen in plaas van næasten
mogl in plaas van moogt

Knudsen self skryf:

elken in plaas van elkeen

In die Afrikanerbrief staan:

Cab (een keer) in plaas van Caab (ook een keer)

In die Vredesstraktaat van !Hoaxa!nas kom 'n hele aantal voorbeelde voor:

tractaat (4 keer)	in plaas van	tractaat (2 keer)
gevragt	in plaas van	gevraagt
oordeel	in plaas van	oordeel
gered	in plaas van	gered
bestaanbaarheid	in plaas van	bestaanbaarheid
By en Komst	in plaas van	bijeenkomst

Die neiging tot vokaalverkorting word bevestig deur 'n hele aantal voorbeelde
In die Quellenbriewe:

gemakt	in plaas van	gemaakt
an, ann	in plaas van	aan
kwallyk	in plaas van	kwalijk
vrag, fragt	in plaas van	vraag
Wesleyansche	in plaas van	Wesleyaansche
daroom	in plaas van	daarom
mak	in plaas van	maak
angaan	in plaas van	aangaan
klar	in plaas van	klaar
tiegelat	in plaas van	toegelaal
darlse	in plaas van	daarloe
betaamt	in plaas van	betaamid
eerwardig	in plaas van	eerwaarde
verhal, geverhal	in plaas van	verhaal
hastiglyk	in plaas van	haastig
spor	in plaas van	spoor
nottig	in plaas van	nodig
genodschap	in plaas van	genooolschap
twe	in plaas van	twee
wet	in plaas van	weet
voorerst	in plaas van	vooreerst
velle	in plaas van	vele
heft	in plaas van	heeft
werom	in plaas van	wederom

Ook vokaalverlenging kom voor, byvoorbeeld in die Bybelse gedeelte van die Ryksboek:

noglaans	in plaas van	nochtans
weegs	in plaas van	wegs

en in die Vredestraktaat:

oorder	in plaas van	order
oorloog	in plaas van	oorlog

In die Quellenbriewe kom ook 'n aantal voorbeelde voor:

zaal	in plaas van	zal
vaan	in plaas van	van
genootschaap	in plaas van	genootschap
oom	in plaas van	om
daroom	in plaas van	daarom
zegen	in plaas van	zeggen
looskommen	in plaas van	loskomen

Dis moontlik dat ons hier in sommige gevalle te doen het met skryffoute, byvoorbeeld:

zegen	in plaas van	zeggen
velle	in plaas van	vele
daroom	in plaas van	daarom, ensovoorts.

Die groot aantal voorbeelde met verkorte [a] laat egter die vermoede ontstaan dat ten minste hierdie variante kenmerkend was van die skrywers se spreektaal.

3.4.3.2.2 Ander vokaalvariante

'n Aantal vokaalvariante kom so min in die korpus voor dat dit as betekenisloos beskou en daarom geignoreer kan word. Dis egter interessant dat hierdie variante ooreenstem met variante in Griekwa-Afrikaans. Ten spyte van die lae frekwensie kan hierdie variante dus gebruik word ter versterking van die argument dat die Oorlams se spreektaal kenmerke van Oranjerivier-Afrikaans getoon het.

Die volgende variante kom voor:

In die Afrikanerbrief:

wiel in plaas van wil

(vgl. Van Rensburg, 1984:318,321);

In die Vredestraktaal:

een slimig in plaas van eenslimmig

(op. cit.:325);

een in plaas van in

(op. cit.:318,320);

vergadierung in plaas van vergadering

(op. cit.:318,321).

In die Vredestraktaal kom ook nog voor:

dankt in plaas van denkt
verdiegen in plaas van verdedigen

Laasgenoemde is waarskynlik 'n skryffout.

Die volgende vokaalvariante in die Quellenbrieue stem ook ooreen met Griekwa-Afrikaanse variante:

Wetbooy	in plaas van	Wilbooi
wel	in plaas van	wil
een	in plaas van	in
wiet	in plaas van	weet

vergief	in plaas van	vergeef
wier	in plaas van	weer

(vgl. Van Rensburg, 1984:318,320,322);

toen	in plaas van	tot
toeg	in plaas van	tocht

(op. cit.:326);

klien	in plaas van	klein
Kapitien	in plaas van	Kapitein

(op. cit.:345).

Die volgende vokaalpatrone in die korpus kan dan beskou word as kenmerkend van Oranjerivier-Afrikaans:

|ɛ x i|
|ə x e|
|ə x ε|

(Van Rensburg, 1984:318-321);

{ɛ x ə}

(op.cit.:325);

|e x i|

(op.cit.:322);

|ə x u|

(op.cit.:326);

[əl x i]

(op.clt.:345).

3.4.3.2.3 Stemvariante

In Griekwa-Afrikaans kom dikwels 'n stemhebbende klank voor waar ons in standaard-Afrikaans, en ook in Nederlands, 'n stemlose klank sou verwag (Van Rensburg, 1984:277). Hierdie verskynsel kom in enkele gevalle voor in die Quellenbriewe:

groedenis	in plaas van	groetenis
gegroede	in plaas van	gegroet
doe	in plaas van	toe

Omdat die Quellen nie betroubaar is nie kan daar nie veel waarde aan hierdie variante geheg word nie.

3.4.3.2.4 Sinkopee

In die Ryksboek kom die volgende voorbeeld van sinkopee voor:

onwetenheid	in plaas van	onwelendheid
gereglen	in plaas van	geregtigen
eenigten	in plaas van	eenigsten
Konlngryk	in plaas van	Koninkrijk
afhangelyk	in plaas van	afhankelijk

Die fonologiese variante toon duidelike ooreenkoms met Afrikaans en in sekere gevalle spesifiek met Oranjerivier-Afrikaans.

3.4.3.3 Samenvatting

Uit die bespreking van fonologiese variante blyk dit duidelik dat die Oorlams se klankstelsel nie meer Nederlands was nie.

Antilla (1972:34) noem tereg dat elke spellingverandering nie noodwendig dui op 'n verandering in uitspraak nie, maar spellingverandering word dikwels moontlik gemaak deur uitspraakverandering. Veranderinge in geskrewe bronne "provides us with clear evidence of linguistic change." (op.cit.:35) Die sistematiese voorkoms van fonologiese variante in die data kan onmoontlik nie afgemaak word as blote spelfoute nie. Dit dui beslis daarop dat die Oorlams se klanksleisels ooreenkoms geloon het met Afrikaans.

Dit moet in ag geneem word dat klankveranderinge nie skielik plaasvind nie maar geleidelik versprei en dat die verspreiding verskil by verskillende sosiale groepe, indiwidue en leksikale items (op.cit.:86). Veranderinge sou waarskynlik by 'n skrywer met goeie skryfkennis van Nederlands, soos byvoorbeeld Knudsen, heelwat minder waarneembaar wees as by die res van die taalgemeenskap. As nou ook nog in ag geneem word die sterk invloed van die Nederlandse spellingtradisie, die feit dat die skryftaal baie konserwatief is en dus nie alle klankveranderinge aantoon nie (op.cit.:42) en die feit dat klankveranderinge as variasie beskou word (op.cit.:85) en daarom doelbewus in die skryftaal vermy kan word, behoort dit duidelik te wees dat die Oorlams se laalgebruik op klankvlak nog heelwat nader aan Afrikaans gestaan het as wat uit die data blyk.

3.4.4 Grammatiese variante

In die moderne variasietaalkunde word onderskei tussen morfologiese en sintaktiese variante (vgl. bv. Du Plessis, 1987a:38). Waar die ontwikkeling van Afrikaans beskryf word, is dit egter nie moontlik om hierdie twee variasievlakte so absoluut te skei nie. Taalhistorici onderskei daarom liever tussen die ontwikkeling van die vormleer of woordstruktur en dié van die sinsbou of sintaksis; vergelyk byvoorbeeld Raidt (1980), Scholtz (1982) en Conradie (1986). Die vormleer is dan nie suiwer óf morfologies óf sintakties nie maar het raakpunte met albei. So byvoorbeeld word die ontwikkeling van die werkwoordelike vormstelsel beskryf waar 'n sintaktiese kwessie, naamlik *tyd* en *tempus*, van belang is (vgl. bv. Ponelis, 1979:259-272; Raidt, 1980:187-191 en Wybenga, 1983) maar ook die morfologiese, dit wil sê die woordstruktur van byvoorbeeld voltooide deelwoorde. Omdat die

morfologiese en sintaktiese in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans nie uitmekaargehou kan word nie, word dit alles saam hier beskryf as grammaticiese variante.

'n Aantal grammaticiese verskille tussen die Ryksboek en die Statebybel kom nie ter sprake nie, omdat vergelykbare variante nie in die res van die data gevind is nie en geen gevolgtrekking daaroor gemaak kan word nie.

3.4.4.1 Verbale vorme

"In Afrikaans het die volgende Nederlandse onderskeidings verlore gegaan: **persoons- en getalsverskille, sterk en swak werkwoorde** met hul kenmerkende **Imperfektum- en voltooide deelwoordsvorme**, en die **Infinitief**." (Raidt, 1980:187) Daar moes dus vasgestel word hoeveel hiervan nog in die data te sien is, omdat dit 'n aanduiding kan gee of die Oorlams se taal nader aan Afrikaans of aan Nederlands geslaan het.

3.4.4.1.1 Persoon en getal

In die Ryksboek kom 'n hele aantal variante voor wat toon dat Knudsen nie altyd die kongruensie tussen die onderwerp en die persoonsvorm in gedagte hou as hy skryf nie. In die volgende gevalle is die enkelvoudsuitsgang byvoorbeeld weggelaat:

Verblyd u ...

- .. maar behoud anderen door vreeze ...
- .. vergeld nie kwaad voor kwaad ...
- Eer uwen vader en uwe moeder ...
- .. en waak in hetzelv ...
- Gedenk den Sabbatdag ...
- .. en stel Uwe hand niet by den goddeloozen ...
- Zy verre van valsche zaken ...
- .. en gy ze hem wedergeef ...

In een geval is 'n enkelvoudsvorm in plaas van 'n meervoudsvorm gebruik:

- .. dengenen, die hem lief heeft ...

Twee keer word **zy** in plaas van **Is** gebruik:

.. dat haar die vrucht afgaal, doch geen dodelyk verder! **zy**
.. dat hy gestorven **zy** ...

Dit is moontlik dat Knudsen bewus was daarvan dat sy spreektaal van sy skrytaal verskil het wat betref die werkwoordvorme en dat hierdie dan eintlik hiperkorrekte gebruik van **zijn** is.

Ook in die Vredestraklaat kom 'n aantal variante voor waar die enkelvouds-uitgang ontbreek en waar enkelvoudsvorme in plaas van meervoudsvorme gebruik is of andersom:

.. in welkes wijk hij gevonden **word** ...
Het **word** ook bepaald ...
.. wanneer hij voor zijn Hooft gesteld **word** ...
.. hoofde **zal** bevinden ...
Wanneer een hoofd of hoofden een burger **zal** mishandel hebben of onrecht **doet**
...
.. dat een onderhoofd of Koprail ... zaken **ultmaak** en

Sommige van die enkelvoudsvorme wat in plaas van meervoudsvorme in die Afrikanerbrief gebruik is, toon duidelike ooreenkoms met Afrikaans:

Aan de Heeren alle die God lief **het** (2 keer)
.. hier **Is** ook nog veel volk die gaan leeren **wel**

In ander gevalle is onnodige (moontlik hiperkorrekte) uitgange gebruik:

Zoo **versoeke** ik ...
.. ik ... **zoek** hulpe ...
.. eer ik sterfs ...

Die opheffing van getalsverskille kom ook in die Quellenbrieve voor; vergelyk byvoorbeeld:

.. dat ons nu so ver **Is** ...

.. dat gy een zendeling **het** ...
.. dien ik U te voor gevraag **hebben** ...
.. welke ik op uwe troon op **dragen** ...
.. behalve 5 die vry geraakt **heeft** ...
.. dat zy (d.l. die Bondelzwartz) my **zou kom skielien** ...
.. **ik** heben klien toeg gedoen ...
.. dat ik tot nu nog niet klar zyn ...
.. dat myn Edeler Broeder in die stryd **staan** ...
.. maar God **heben** nie toegelaat ...

In die Quellenbrieve kom ook 'n paar voorbeelde voor waar die persoonsverskil opgehef is; vergelyk byvoorbeeld:

.. dat ons nu so ver **is** ...
.. wat ons eerst gehad **heft** ...
.. gy **heb** de plaast al gebewerk ...
.. gy **moet** zoo lang Blylt ...
.. toen ik de plaast **sal** notig **heeft** ...
.. wat ik u geschrif **heeft** ...
Zoo verwacht ik van die zyde wal
.. dat de eerwaardig Heer Knauer is ... gekomen
en **heb** ons geverhal ...

Dit kan aanvaar word dat persoons- en getalsverskille in die skrywers se spreektaal nie meer gerealiseer het soos in Nederlands nie en dat die spreektaal wat dié aspek betref reeds in 'n mate met Afrikaans ooreengestem het.

3.4.4.1.2 Sterk en swak werkwoorde

In die Ryksboek is daar geen afwyking wat betref die vervoeging van sterk en swak werkwoorde nie.

In die Vredesraktaal is **leggen** swak in plaas van sterk vervoeg:

gelegd in plaas van gelegen

Die uitgang van een voltooide deelwoord ontbreek:

mishandel in plaas van mishandeld

In die Afrikanerbrief kom geen afwykings voor nie.

In die Quellenbrieve is twee voltooide deelwoorde sonder uitgang gebruik:

gevraag	in plaas van	gevraagd
gewach	in plaas van	gewacht

Een sterk voltooide deelwoord is "verkeerd" vervoeg:

gedoen in plaas van gedaan

Bullen in die Ryksboek kom byna geen Imperfektumvorme voor nie behalwe dié van die modale hulpwerkwoorde wat ooreenstem met Afrikaans. Byna geen sterk voltooide deelwoorde is gebruik nie. Dit kan verklaar waarom so min afwykings gevind is wat betref dié aspek. Die paar variante wat wel voorkom, is dus tog wel belangrik as in ag geneem word dat bale min sterk werkwoorde vervoeg is.

3.4.4.1.3 Die Infinitief

In die Vredestraktaat is infinitiewe 'n paar keer sonder uitgang of met die verkeerde uitgang gebruik:

... de schuldige zal moet bestraft worden
Het word ook bepaald ...
... dan zal hij moet te vrede zijn
... zijne zaak zal moet onderzoek worden

In die Ryksboek kom een infinitief voor wat verskil van die Statebybel en ooreenstem met Afrikaans:

... een jaar lang zal hy vry wezen in plaas van zijn .

Ook in die Quellenbriewe kom uitganglose infinitiewe en infinitiewe met verkeerde uitgange voor; vergelyk byvoorbeeld:

... zonder myn het te **wet** ...
... dat is met te **zeg** ...
... zonder my te het **weet** ...
... om u weg te **Ja** ...
... gy moet zoo lang **Blyft** ...
... ik zeg dat gy moet **blyfde** ...
... om my te **kom bezoek** ...
... om my te **Besoek** ...
... gy kan voorerst **Blyfde** ...
U moet myn ... een antwoord **stuur** ...
Ik heb de Leeraaren **laat** halen ...
... om hier te **kom**

Dit word algemeen aanvaar dat die FI van variante in die spreektaal heelwals hoër is as in die skryftaal. As hierdie feit in ag geneem word, kan met redelike sekerheid gesê word dat die Orlams se taalgebruik wat betref die verbale vorme nie meer Nederlands was nie.

3.4.4.2 *Nominale vorme*

In Nederlands word twee klasse selfstandige naamwoorde onderskei, naamlik **de-** en **het**-woorde. "Hierdie klasse of genera bepaal in Nederlands die gebruik van die aanwysende en betreklike voornaamwoorde, en die verbuiging van die byvoeglike naamwoorde." (Raidt, 1980:180)

Nadat aandag gegee is aan bogenoemde verdeling word ook nog gekyk na persoonlike voornaamwoorde, meervoudsvorme en lidwoordweglating.

In die Ryksboek is geen aanduiding gevind van die opheffing van die nominale tweeklassesisteem nie. Daarom word in die volgende vier onderafdelings nie verder aandag gegee aan die Ryksboek nie.

3.4.4.2.1 Bepaalde lidwoord

In die Vredestraktaat word deurgaans **de** in plaas van **het** saam met **hoofd** gebruik. Die enigste kere wat **het** gebruik is, is saam met die **het-woord regt**. In alle ander gevalle is **de** gebruik in ooreenstemming met Nederlands.

In die Afrikanerbrief is **het** nooit as bepaalde lidwoord gebruik nie, maar daar kom ook geen **het-woorde** in die brief voor nie.

In die Quellenbriewe is **de** twee keer "verkeerdelik" gebruik:

de	in plaas van	het ding
de	in plaas van	het verhal

Het is drie keer gebruik in plaas van **de**, naamlik twee keer saam met **plaas** en een keer saam met **zendeling**; dit is waarskynlik hiperkorrekte vorme. Slegs vier **het-woorde** kom voor:

het woord
het binne land
het veld
het beste groedenis

Gesien in die lig van die klein getal **het-woorde** in die data is dit te verstan dat so min bepaalde lidwoorde afwyk van Nederlands. Dit maak die paar afwykings dan ook betekenisvol, want as meer **het-woorde** gebruik is, sou daar waarskynlik ook meer afwykings gewees het.

3.4.4.2.2 Aanwysende voornaamwoorde

In die Vredestraktaat kom net drie aanwysende voornaamwoorde voor:

die schuldige (Artikel 2)
die hoofd (Artikel 3)
dien hoofd (moontlik 'n skryffout vir die) (Artikel 7)

2 Artikel: En wanneer de zaak zal uit gehoord zijn van de onpartijdige Hoofden dan zal de schuldige moet bestraft worden of boete op hem gelegd ge-

worden. En als hij onwillig is zulks te voldoen en zich te zoeken verdedigen met eenen strijd van wapenen dan zullen alle tracta's hoofden verpligt zijn eenstemig hunne wapenen op te nemen tegen die schuldige en hem bestraffen.

3 Artikel: Geen Hoofd word toegelaten Comando te doen of te laten doen naar de Damras zonder wettelike oorzaak van de Damras wanneer hij hen dan daarover bestraffen wil en hen straffen opleg en zij dan onwillig zijn zich daar onder te buigen en de hoofd onmachtig is hem te bestraffen dan zal de naaste hoofd verpligt zijn om die Hoofd tot hulp te komen om die zaak te bestraffen.

7 Artikel: Wij ondergetekende hoofden besluiten ook wanneer een man uit Griqualand als vlugleling naar hier komt zich te verbergen en wanneer zijn hoofd em aanvraagt doet dan zal hij algegeven worden door dien hoofd in welkes wyk hij gevonden word alzoo ook deszelfve verpligting van die griqualand hoofd.

Die eerste is in ooreenseming met Nederlands. Omdat hoofd egter 'n **het**-woord is, is die laaste twee afwykend.

In die Afrikanerbrief kom slegs twee aanwysende voornaamwoorde voor, albei in ooreenseming met Nederlands:

die menschen
die dag

Van die agtien aanwysende voornaamwoorde in die Quellenbrieve wyk slegs drie af van Nederlands:

die Engelse Goverment
die Genootschap
die wijnige getal

Deze is sewe keer gebruik, dieser een keer (waarskynlik onder Duitse invloed in plaas van deze), dit een keer en in alle ander gevalle, soos ook in die Vredesstraktaat en die Afrikanerbrief, is die gebruik. In sommige van die ge-

valle is **die** moontlik in plaas van **de** as lidwoord gebruik; dis egter nie moontlik om te bepaal of dit wel so is nie. Omdat **die** die aanwysende voor-naamwoord by **de**-woorde is, sal dit geen verskil aan die getal afwykings maak as **die** ook as lidwoord gebruik is nie.

3.4.4.2.3 Betreklike voornaamwoorde

In die Vredestraktaat is ag betreklike voornaamwoorde gebruik waarvan twee van Nederlands afwyk:

.. strijd ... **wat** groot is ...
.. een hoofd **die** zal gestraft worden ...

In die Afrikanerbrief is deurgaans **die** gebruik, elke keer in ooreenstemming met Nederlands.

Van die twaalf betreklike voornaamwoorde in die Quellenbriewe wyk die volgende af van Nederlands:

De Damras **de** (waarskynlik 'n skryffout vir **die**)
de eerste coers **wat** in plaas van **die**
de dingen **wat** in plaas van **die** (2 keer)

Die gebruik van **wat** in ooreenstemming met die Afrikaanse betreklike voor-naamwoord is opvallend.

3.4.4.2.4 Byvoeglike naamwoorde

Slegs een van die twintig byvoeglike naamwoorde in die Vredestraktaat is nie soos in Nederlands verbulg nie:

de ander hoofde

Een van die sewe byvoeglike naamwoorde in die Afrikanerbrief wyk af van Nederlands:

de Groot revier

In die Quellenbrieve kom ook 'n paar byvoeglike naamwoorde voor wat nie soos in Nederlands verbuig is nie; vergelyk byvoorbeeld:

my **vriendlyke** verzoek
waar **zaak**
klien toeg
goede oogenmerk

Om 'n FI van gegewens oor die nominale klassesisteem te bereken, kan misleidend wees omdat baie min gegewens beskikbaar is. Daarom is liever net 'n paar getalle en voorbeeldgegee. Hieruit blyk dit in elk geval dat die skrywers die Nederlandse nominale klasseverdeling nie ten volle beheers het nie en dat sekere variante ooreenkoms loon met Afrikaans.

3.4.4.2.5 Meervoudsvorme

Enkele Afrikaanse meervoudsvorme is in die data aangetref. Die volgende variante verskil in die Ryksboek en die Statebybel (die aantal voorkomste word tussen hakies gegee):

Ryksboek		Statebybel
volkeren	(2)	volken (0)
rigteren	(1)	rigters (2)
kinders	(1)	kinderen (18) kinderkens (2)
wagenen	(1)	wagens (0)
beenderen	(1)	beenen (1)

Die gebruik van **volkeren** en **beenderen** in plaas van **volken** en **beenen** kan moontlik toegeskryf word aan betekenisvariasie soos in Afrikaans. Die neiging om -en as meervoudsmorfem te gebruik is vreemd in Afrikaans. **Rigteren** en **wagenen** is moontlik hiperkorrekte vorme. Die enkele variant **kinders** is op sigself nie betekenisvol nie, omdat so 'n enkele voorkoms van 'n variant afgemaak kan word as skryffout. Omdat die variant **kinders** egter meermale in die databasis voorkom, is dit wel van belang.

In dié deel van die Ryksboek wat deur Knudsen self geskryf is, kom die variant **kinders** twee keer voor; geen Nederlandse variant van hierdie meervoudsvorm kom voor nie. Dit is dus moontlik dat dit die spreektaalvorm was wat Knudsen gebruik het. 'n Enkele keer gebruik Knudsen die Afrikaanse **Raadsmannen** teenoor die Nederlandse **Raadsleden** wat 9 keer voorkom. Knudsen gebruik verder die meervoudsvorm **Assistens** wat nog Nederlands nog Afrikaans is. Dit kan moontlik net 'n skryffout wees.

In die Afrikanerbrief word die variant **kinders** ook gebruik. Dit versterk die vermoede dat kinders die spreektaalvariant was en dat die spreektaal 'n vroeë vorm van Afrikaans was en nie meer Nederlands nie. Die varlante **Heere** en **mense** kan moontlik spreektaalvorme wees. Dil word egter nie bevestig deur die gebruik van dieselfde variante in die res van die data nie en is dus nie betekenisvol nie.

In die Vredestraktaat word die variant **Capitjne** aangetref. Dil kan óf hiperkorreksie óf 'n skryffout wees.

3.4.4.2.6 Persoonlike voornaamwoorde

'n Paar persoonlike voornaamwoorde in die Ryksboek verskil van dié in die Statebybel:

u	in plaas van	ulieden
gy	in plaas van	gijlieden (2 keer)
zy	in plaas van	ze
men	in plaas van	gijlieden

In die Vredestraktaat kom net een onbeklemtoonde persoonlike voornaamwoord voor, naamlik **ze**; in die Afrikanerbrief en die Quellenbrieue is daar geen.

Die afwesigheid van gereduseerde forme is nie werklik betekenisvol nie, want dil kom selde in die Nederlandse skryftaal voor en dan ook net in informele geskrifte (De Villiers, 1983:27), terwyl die dalabasis uit formele, amplelike geskrifte bestaan.

Al wat opvallend is aan die persoonlike voornaamwoorde in die korpus is die konstante gebruik van ons in plaas van wij in onderwerpsposisie in een van die Quellenbrieve. Omdat dit net in een onbetroubare geskrif voorkom, kan daar nie te veel waarde aan geheg word nie.

3.4.4.3 Lidwoordweglating

In die Ryksboek is twee gevalle gevind waar die lidwoord wat in die Statebybel gebruik is, ontbreek:

- .. zyt met (de) ootmoedigheid bekleed
- .. schatting dien gy (de) schatting schuldig zyt

Albei bogenoemde variante is aanvaarbaar in Afrikaans.

In die Vredestraktaal ontbreek die lidwoord ook in 'n paar sinne; vergelyk byvoorbeeld:

- (-) Hoofd zal alleenlik uithooren van geruchte ...
- De burgers heef (-) regt wanneer hij voor zijn Hoofd gesteld word ...
- .. dan heeft zulke een burger (-) regt om zijne zaaken aan te klagen ...
- .. zal (-) Hoofd moeten gestraft worden ...

Dieselfde tipe variant kom ook in die Afrikanerbrief voor:

- .. want ik kan niet zonder (-) Leeraar meer blyven ...

In die Quellenbrieve kom ook net een so 'n variant voor:

- .. wel broeder dan nog niet bykom om (-) zaak reg te verstaan ...

Lidwoordweglating is 'n kenmerk van Griekwa-Afrikaans (Du Plessis, 1984a:122). Lidwoordweglating in die data kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat dit, net soos Griekwa-Afrikaans, 'n Oranjeriviervariëteit is.

3.4.4.4 Besitkonstruksies

In dié deel van die Ryksboek wat met die Bybel vergelyk is, is die FI van variante wat verskil van die Statebybel meer as 11. Dit sluit die volgende in:

Des in plaas van der,
der in plaas van des:

de woning des regtvaardigen
de barmhartigheden des goddelozen
geen aannameing der persoon

Verskil in die verbuiging van die besitlike voornaamwoord, byvoorbeeld:

zyne beenderen	in plaas van	zijn
de stem zynes vaders	in plaas van	zijns
met zynes naasten vrouw	in plaas van	zijns
de Heer uwe God	in plaas van	uw
aan zynen naasten	in plaas van	zijn
voor myn altaar	in plaas van	mijnen
zyn ezel	in plaas van	zijnen
zyns naasten geld of vaaten	in plaas van	zijnen
zyne diensknecht	in plaas van	zijnen (2 keer)
onder zyne last	in plaas van	zijnen
uwe eigene mannen	in plaas van	uwen

Verskil in die naamwoorduitgang:

den oogst uws landes	in plaas van	lands
met eens ander doen	in plaas van	anders
het kleed der weduwe	in plaas van	weduwen
zyns wyngaard	in plaas van	zyns wyngaards
dal Godes is	in plaas van	dal Gods is

In nege gevalle is 'n omskrywing met van gebruik in plaas van die genitief:

Ryksboek	Statebybel
de barmhartigheid van	... onzes Heeren Jezus
onzen Heer Jezus	
in den Naam van den Heer Jezus	in den Naam des Heeren
	Jezus
in den Naam van den Heer Jezus	... des Heeren Jezus
het regt van den vreemdeling	het regt des vreemdelings
leden van Christus ligchaam	leden zijns ligchaams
de deugden van hem	de deugden desgeenen
de Geest van God	de Geest Gods
de zonen van Israël	de zonen Israëls
de dochteren van Israël	de dochteren Israëls

Volgens Hermkens en Van de Ketterij (1980:97) het daar reeds in die 17de-eeuse Nederlandse omgangstaal nie meer naamvalle in die genitief bestaan nie. Die kunsmatige fleksiesysteem is nêrens gebruik presies soos dit deur die grammatici voorgeskryf is nie. Dit is dus nie so eienaardig dat Knudsen se 19de-eeuse skryfaal soms afwyk van die Statebybel wat 'n 17de-eeuse geskrif is nie. Fleksievorme in die 19de-eeuse omgangstaal sou wel al bale minder voorgekom het as in die 17de-eeuse Nederlands. Hierdie type afwykings kan dus nie beskou word as 'n aanduiding dat Knudsen onder invloed van Afrikaans as spreektaal was nie, omdat vermindering van fleksievorme ook in Nederlands voorgekom het.

Ook die gebruik van 'n omskrywingskonstruksie met *van* in plaas van die genitief is nie betekenisvol nie. Volgens Conradie (1986:36) is in Nederlands en Afrikaans al meer gebruik gemaak van omskrywings en relasiewoorde soos voorsetsels, byvoorbeeld **God se** of **van God**. Die hoë FI van laasgenoemde konstruksie is bloot net 'n aanduiding dat Knudsen se taal verskil het van die Statebybel se 17de-eeuse Nederlands. Dis egter steeds geen bewys dat sy spreektaal 'n vroeë vorm van Afrikaans was nie.

Ook dié deel van die Ryksboek wat deur Knudsen self geskryf is, lewer geen bewyse dat sy spreektaal Afrikaans was nie. Hy maak steeds gebruik van naamvalsvorme, verbuigde en onverbuigde voornaamwoorde net soos in die Bybelgedeelte, byvoorbeeld:

Kleinzaon des ouden Kobus

Gods	wil
myne	Familie
myn	Ryk

In die Afrikanerbrief is sewe besitvorme gebruik - vyf besitlike voornaamwoorde eerste persoon enkelvoud en twee van-konstruksies. Slegs een van die besitlike voornaamwoorde lyk soos in Afrikaans, naamlik "my oopregte wille". Hierdie is heeltemal te min gegewens om 'n afleiding oor die skrywer se spreektaal te maak.

Ook besitvorme in die Vredestraktaat lewer geen bewyse dat die skrywer se spreektaal nie Nederlands was nie. Slegs een keer in een van die briewe uit die Quellen word 'n Afrikaanse besitlike voornaamwoord gebruik wat ooreenstem met dié in die Afrikanerbrief: "my lieve broeder". Die gebruik van *u* as besitlike voornaamwoord is niksseggend, omdat die uitspraak nie verskil van dié van *uw* nie en die spelling dus toegeskryf kan word aan of 'n skryffout of swak skryfvermoë van die skrywer.

3.4.4.5 *Afleidingsmorfeme*

Die gebruik van die afleidingsmorfem *-lik(e)* is kenmerkend van Oranjerivier-Afrikaans (vgl. Van Rensburg, 1989:460). In die Bybelse gedeelte van die Ryksboek is die *-lik* wat in die Statebybel gebruik is, weggelaat:

moedwillig	in plaas van	moedwilliglijk
volkommen	in plaas van	volkomenlijk
alleen	in plaas van	alleenlijk
partydig	in plaas van	partijdiglijk
gelyk	in plaas van	gelijkerwijs

Moenlik het Knudsen in bogenoemde gevalle die *-lik* weggelaat omdat dit kenmerkend was van die Orlams se taalgebruik en hy dit daarom as gestigmatisieerd aangevoel het. Dit kan dan as hiperkorreksie beskou word.

In al bogenoemde gevalle staan die Ryksboek se variante nader aan Afrikaans as die Statebybel se variante. Dit kan dus ook wees dat die -lijk nie kenmerkend was van die Oorlams se taalgebruik nie en dat dit onder invloed van die spreektaal weggetaal is.

3.4.4.6 *Samevatting*

Verbale vorme in die data loon duidelik dat die Nederlandse norm nie meer gerealiseer het nie (vgl. 3.4.4.1.3). Knudsen het blykbaar nog die nominale tweeklassesleem beheers (vgl. 3.4.4.2), maar nie die ander skrywers nie; hulle het dan ook varlante gebruik wat ooreenslem met Afrikaans (vgl. 3.4.4.2.4). Lidwoordweglating dui op ooreenkoms met Griekwa-Afrikaans (vgl. 3.4.4.3). 'n Baie sterk aanduiding van normverskuiwing in die rigting van Afrikaans is die gebruik van die variant *kinders* (vgl. 3.4.4.2.5). Ook die weglatting van die afleidingsmorfeem -lijk dui op ooreenkoms met Afrikaans (vgl. 3.4.4.5).

Ook op grammatische vlak was die Oorlams se taalgebruik dus nie meer Nederlanders nie en het dit ooreenkoms met Afrikaans getoon.

3.5 *Samevatting*

Die aard en beperkte omvang van die data maak dit baie moeilik om tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom oor die kenmerke van die Oorlams se taalgebruik.

Die Ryksboek vorm die grootste deel van die korpus. Dil is geskryf deur die sendeling Knudsen. Hy is beïnvloed deur die lede van sy taalgemeenskap onder wie hy gewerk het. Dil is egter nie moontlik om vas te stel presies hoe groot hierdie invloed was nie. Knudsen het die spreektaal boonop waarskynlik reeds op Tulbagh aangeleer (vgl. 3.3.4.1). Daar kan dus nie met sekerheid gesê word dat alle varlante in die Ryksboek toegeskryf moet word aan spreektaalinvoed van die Oorlamtaalgemeenskap nie.

Wat sake verder bemoeilik, is die feit dat die leikentaal waarna Knudsen in die Ryksboek streef die 17de-eeuse Statebybeltaal is - 'n leikentaal wat

waarskynlik sowat 150 jaar ouer is as die teikentaal in die ander geskrifte. Hoewel die skrywers van die ander geskrifte ook die Bybel moes geken het, is daar nie genoeg argaïese verbuigings soos in die Ryksboek om op so 'n ou teikentaal te dui nie.

Die Vredestraktaat is geskryf deur 'n Griekwa (vgl. 3.3.4.2). Wie die ander geskrifte geskryf het, kon nie vasgestel word nie; daar is geen bewyse dat dit deur Oorlams geskryf is nie. Ook hierdie skrywers se geskrifte sou die invloed van die taalgemeenskap moes weerspieël. Die vraag is ook hier hoe sterk dié invloed was. Die Namavertalings in die Ryksboek laat ook nog die vermoede ontstaan dat ten minste 'n deel van die taalgemeenskap nie Nederlands of Afrikaans magtig was nie.

Nie net die verskillende teikenale en skrywers bemoeilik die vergelyking van geskrifte nie, maar ook die verskil in die skrywers se skryfvermoë. Uit die aantal skryffoute is dit duidelik dat Knudsen die beste kon skryf. Dit lyk of die skrywer van die Afrikanerbrief nie gewoond was om te skryf nie, want hy maak lang sinne wat in een loop en "korrekte" taalgebruik bemoeilik. Dieselfde kan by sekere artikels in die Vredestraktaat opgemerk word (vgl. bv. Artikel 8). Die Quellenbrieve verskil baie van mekaar wat betref die taalgebruik. Bantam se brief (1845) toon byvoorbeeld duidelike Afrikaanse kenmerke, terwyl die brief aan Kolbe (1851) so baie vreemtaalinvoed toon dat dit byna nie na Nederlands of Afrikaans lyk nie.

Die omvang van die korpus is so klein dat dit beswaarlik beskou kan word as 'n verteenwoordigende monster van die taalgemeenskap se taalgebruik. Sekere variante moes heeltemal buite rekening gelaat word omdat dit net in een geskrif voorkom en dus nie kontroleerbaar is nie. Die berekening van 'n FI vir variante in so 'n klein korpus kan misleidend wees, daarom is in baie gevalle liewer getalle gegee. Dit skep byvoorbeeld 'n duideliker beeld as gesê word dat 2 van die 4 variante 'n sekere vorm het as wanneer gesê sou word dat die spesifieke variant 'n FI van 50 het.

Ten spyte van die feit dat dit nie moontlik is om vas te stel presies hoe sterk die invloed van die taalgemeenskap op 'n individu is nie, bly dit 'n feit dat 'n

spreker se taalgebruik deur die taalgemeenskap bepaal word. Hoewel die omvang van die korpus klein is en individuele kenmerke van die paar skrywers moontlik voorkom, bestaan die data uit geskrifte wat uit die Oorlamgemeenskap afkomstig is en dus kenmerke van die taalgemeenskap se taalgebruik sal hé. Die skrywer sou sy taalgebruik waarskynlik ook nog by dié van die taalgemeenskap aanpas ter wille van beter kommunikasie as hy bewus was daarvan dat dit van mekaar verskil. Verskille waarvan die skrywer nie bewus was nie, kan as ignoreerbaar klein beskou word. Volgens Bernstein (1971:26-27) is die laer sosiale groepe se taalvorme beperk. Dat 'n skrywer uit 'n hoër sosiale klas soos Knudsen hom by hierdie beperkinge probeer aanpas het, blyk duidelik uit die leksikale variasie in die Ryksboek.

Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die data wel kenmerke toon van die Oorlams se taalgebruik en dat dit op alle analisevlakke nader aan Afrikaans as aan Nederlands geslaan het (vgl. 3.4.2, 3.4.3 en 3.4.4). Op grond hiervan word daar na hierdie vroeë variëteit van Afrikaans in SWA/Namibië verwys as **Oorlam-Afrikaans** wat na alle waarskynlikheid as sub-variëteit van Oranjerivier-Afrikaans geïnterpreter moet word.

4.0 Hoofstuk 4

Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië

SENTRALE TEORETIESE STELLING

Afrikaans staan vandag sterker as ooit tevore en sterker as enige ander taal in SWA/Namibië, maar dit kan agteruitgaan as gevolg van veral politieke stigmatisering.

DOELSTELLING

Om vas te stel

1. wat die stand van Afrikaans in SWA/Namibië is in die laat 20ste eeu;
2. of die stand van Afrikaans verander het in die afgelope anderhalfeeu en, indien wel,
3. in watter opsig dit verander het.

INHOUD

- 4.1 Inleiding
- 4.2 Die stand van 'n taal
- 4.3 Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië
- 4.4 Die groei/agteruitgang van Afrikaans in SWA/Namibië

4.1 Inleiding

In die voorafgaande twee hoofstukke is reeds aangegetoond dat Afrikaans deur die Oorlams na SWA/Namibië geneem is en dat dit teen die middel van die 19de eeu reeds die lingua franca was en hoë status gehad het (vgl. 2.6 en 3.5).

In hierdie hoofstuk sal gekyk word na wat die stand van Afrikaans in SWA/Namibië is in die laat 20ste eeu en hoe dit vergelyk met die 19de-eeuse posisie - het die stand van Afrikaans verander in die afgelope anderhalfeeu en, indien wel, in watter opsig?

Dit is nodig om vas te stel wat die stand van Afrikaans is en hoe dit met verloop van tyd verander, omdat dit sal help in die bepaling van hoe daar vir die toekoms van die taal beplan behoort te word (vgl. 5.3.2.2.2).

4.2 Die stand van 'n taal

Fishman (1975:1-2) onderskei twee afdelings van taalbeplanning, naamlik taalkorpus- en taalstatusbeplanning. In albei gevalle is dit belangrik om te let op taalkennis, taalgebruik en taalvoorkeur. Die stand van 'n taal in 'n sekere taalgemeenskap kan dan ook bepaal word deur vas te stel wat die sprekers se taalkennis, -gebruik en -voorkeur is en deur die gegewens van een taal te vergelyk met dié van ander tale in dieselfde taalgemeenskap (vgl. bv. RGN, 1978; RGN, 1982; Steyn, 1980:22; Prinsloo, 1984b:126).

Omdat 'n spreker nie altyd dieselfde taal gebruik vir alle funksies nie en nie noodwendig voorkeur gee aan sy eie taal of die een wat hy die beste ken nie (vgl. 4.2.2 en 4.2.3), moet **alle** sprekers in 'n meertalige taalgemeenskap betrek word by 'n ondersoek na die stand van 'n taal en nie net die eerslestaalsprekers nie.


4.2.1 Taalkennis

Waar 'n taalgemeenskap bestaan uit sprekers van verskillende tale, moet in ag geneem word dat nie almal wat 'n taal ken moedertaalsprekers is nie. Die

gevolg van taalkontak in 'n meerstaalige gemeenskap is dikwels dat sprekers verskeie tale leer ken, maar nie almal ewe goed nie; 'n spreker se kennis van sy moedertaal/huisstaal/eerste taal is gewoonlik beter as sy kennis van ander tale.

In 'n empiriese ondersoek na 'n taalgemeenskap se kennis van 'n sekere taal kan dus nie sonder meer net aan sprekers gevra word of hulle die spesifieke taal ken nie. Sprekers se kennis van 'n taal kan wissel van baie goed tot baie swak of glad nie.

Die feit dat 'n spreker 'n taal goed genoeg ken om dit te verstaan, beleken ook nie noodwendig dat hy daardie taal kan praat of lees nie. Vraelyste om vas te stel wat sprekers se taalkennis is, sal vrae moet beval om die volgende inligting te bekom:



4.2.2 Taalgebruik

Omdat taal in so baie verskillende situasies gebruik word, onderskei taalsosioloë volgens Steyn (1980:15) tussen hoë en lae funksies. In 'n meerstaalige gemeenskap kan sprekers hul eie taal gebruik vir hoë sowel as lae funksies, of hulle kan een taal vir lae en 'n ander vir hoë funksies gebruik, of hulle kan een of verskeie tale gebruik vir lae funksies, een vir sekere hoë funksies en 'n ander vir ander hoë funksies (op. cit.:17). Hierdie toestand waar verskillende variëtelte vir verskillende funksies gebruik word, staan bekend as diglossie (Fasold, 1984:53).

In 'n ondersoek na taalgebruik kan dan nie net vir 'n spreker gevra word watter taal hy dink hy die meeste gebruik nie. Daar sal vasgestel moet word watter taal in watter situasies gebruik word; so kan bepaal word of 'n taal vir hoë of lae of vir hoë en lae funksies geruik word.

'n Taal met hoë funksies het gewoonlik hoër status as 'n taal met net lae funksies. As 'n taal net in sekere hoë funksies gebruik word, is dit moontlik dat hy llinguisties nie heeltemal funksioneel is nie. Taalkorpusbeplanners kan hieruit 'n aanduiding kry van wat in die spesifieke taal nodig is en dit llinguisties uitbou. Die gebruik van 'n ander taal/tale in sekere hoë funksies kan egter ook toegeskryf word aan die spreker se taalvoorkleur of aan praktiese oorwegings, soos byvoorbeeld dat sy hoorders sy taal nie ken nie. In so 'n geval gee dit vir die taalstatusbeplanner 'n aanduiding van waaraan hy moet aandag gee.

'n Taal met slegs hoë funksies het min kans op oorlewning, soos bewys is deur byvoorbeeld Nederlands in Suid-Afrika in die 19de en 20ste eeu. In 1908 is naamlik besluit dat "beide de Hollandsche en Engelsche taal" amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika sou wees (Steyn, 1980:188). Die meeste Afrikaanssprekendes was Nederlands egter nie meer magtig nie en dit was vir hulle makliker om Engels te gebruik (op. cit.:192). Daarom het voorstanders van Afrikaans vir hulle taal blystry toldat dit in 1925 amptelik erken is. Nederlands kon nie bly voortbestaan nie, omdat dit geen spreektaal meer was nie. Een van die voorwaardes vir die sukses van 'n taalbeweging is volgens Steyn (1980:75) dan ook dat die taal nog sprekers moet hê, dat dit huistaal en omgangstaal moet wees. Steyn (op. cit.:18) het verder bevind dat "hoe minder funksies 'n taal het, hoe kleiner is sy oorlewingskans" en 'n "verlies van hoë funksies lei dikwels tot 'n verlies van lae funksies."

Taalbeplanning moet dus nie net daarop gemik wees om óf te probeer sorg dat 'n taal sy lae funksies behou óf hoë funksies te bekom of beskerm en behou nie; beide hoë en lae funksies is belangrik.

Die toe- of afname van funksies en gebruik van 'n taal gee 'n aanduiding van die taal se groei of agteruitgang (op. cit.). Die stand van 'n taal behoort dus

met gereelde tussenpose bepaal te word. Sodoende kan taalbeplanners vassel of 'n taal voortdurend agteruitgaan en of hulle taalbeplanningsstrategieë doeltreffend en effekief genoeg is om die taal te laat groei. Dit kan ook vir hulle 'n aanduiding gee van waar meer aandag of ander strategieë nodig is.

4.2.3 Taalvoorkleur

Onder taalvoorkleur word verslaan die spreker se keuse van dié taal waarvan hy die meeste hou en wat hy die graagste sal wil gebruik of wat hy dink die beste is om te gebruik.

Net soos by taalgebruik is hier verskillende moontlikhede. 'n Spreker kan byvoorbeeld verkies om sy hulstaal in alle situasies te gebruik, of hy kan verkies om een taal vir lae en 'n ander vir hoë funksies te gebruik. Dit is selfs moontlik dat hy kan verkies om 'n heeltemal onbekende taal aan te leer en te gebruik en nie sy eie of 'n reeds bekende ander taal nie, soos byvoorbeeld dikwels in SWA/Namibië die geval is (vgl. 4.3.1.3). 'n Spreker kan ook verskillende tale vir verskillende lae of hoë funksies verkies. Taalvoorkleur is dus nie noodwendig beperk tot een of die eie of 'n bekende taal nie.

Taalvoorkleur word bepaal deur die spreker se houding teenoor verskillende tale en nie slegs deur sy taalkennis en -gebruik nie. Taalstatusbeplanners sal dus, wanneer hulle die stand van 'n taal bepaal, ook moet vassel watter faktore 'n spreker positief of negatief beïnvloed, dit wil sê waarom gee hulle voorkeur aan 'n sekere taal. 'n Spreker se houding teenoor 'n taal weerspieël dikwels sy houding teenoor die sprekers van daardie taal (Fasold, 1984:148).

Almal wat Afrikaans **ken**, sal dit dus nie noodwendig **praat** nie. Slegs dié sprekers wat hulle met ander Afrikaanssprekendes wil identifiseer of wat nie sal omgee om met ander Afrikaanssprekendes geïdentifiseer te word nie, sal Afrikaans praat. Deur 'n taal te gebruik, gee jy dus nie altyd net te kenne dat jy daardie taal ken nie; jy kan ook daardeur te kenne gee dat jy graag geïdentifiseer wil word met ander sprekers van die taal.

Die primêre funksie van taal is kommunikasie. Dit sou verwag kon word dat 'n spreker daarom sal voorkeur gee aan sy eie taal of 'n taal wat hy goed genoeg ken om doeltreffend te kommunikeer. Dit is egter nie altyd die geval nie. Sprekers gee dikwels voorkeur aan 'n ander, selfs vreemde, taal, omdat hulle glo dat daardie taal in meer funksies bruikbaar is as hul eie of 'n ander bekende taal - dus linguisties 'n beter kommunikasiemiddel.

Taal is egter nie net 'n kommunikasiemiddel nie. Dit is ook 'n middel wat die spreker self of sy hoorders kan gebruik om hom te identifiseer met ander mense (Fasold, 1984:208; Ponelis, 1987:12). 'n Spreker sal dus graag die taal wil praat van mense met wie hy hom wil identifiseer en die taal wil vermy van sprekers wat gestigmatiseer is of van wie hy nie hou nie. Leach (soos aangehaal deur Haugen, 1966:1) stel dit soos volg: "For a man to speak one language rather than another is a ritual act, it is a statement about one's personal status; to speak the same language as one's neighbours expresses solidarity with those neighbours, to speak a different language from one's neighbours expresses social distance or even hostility."

Mense vind dit dikwels moeilik om te onderskei tussen 'n taal en sy sprekers, en tussen verskillende groepe sprekers van die taal. Dit kan ongelukkig daar toe lei dat 'n taal gestigmatiseer word en agteruitgaan as selfs net 'n klein groepje sprekers onaanvaarbaar is of aanstoot gee.

Taalvoorkleur word dus bepaal deur beide die linguistiese hoedanighede (of vermeende hoedanighede) van 'n taal en die status of stigmatisering van sy sprekers.

4.3 Die stand van Afrikaans in SWA/Namibië

Soos in 4.1 genoem, is dit nodig om vas te stel hoe die stand van 'n taal met verloop van tyd verander. Daarom word in hierdie afdeling 'n vergelyking getref tussen die stand van Afrikaans in SWA/Namibië in die 20ste eeu en in die 19de eeu. Hieruit kan aangeleid word of die stand van die taal verander het en, indien wel, in watter opsig dit verander het.

Verskeie ondersoeke na die stand van Afrikaans in SWA/Namibië is in die sewentiger- en tachtigerjare van hierdie eeu gedoen, onder andere deur die RGN en die VVO se Instituut vir Namibië (UNIN). Die afdeling oor die stand van Afrikaans in die laat 20ste eeu is hoofsaaklik gebaseer op gegewens uit die RGN-verslae en die UNIN-verslag.

Aangesien daar vroeër geen empiriese navorsing gedoen is oor die stand van Afrikaans in SWA/Namibië nie, sal gepoog word om met die nodige versigheid uit gegewens in Hoofstuk 2 'n afleiding te maak oor die stand van Afrikaans in SWA/Namibië teen die middel van die 19de eeu.

Vervolgens word die stand van Afrikaans in SWA/Namibië in die 20ste eeu beskryf. Daarna word die stand van Afrikaans in SWA/Namibië in die 19de eeu beskryf, waarna 'n vergelyking getref word tussen die twee tydperke en 'n beskrywing gegee word van hoe die stand van Afrikaans in SWA/Namibië verander het.

4.3.1 Die stand van Afrikaans in die 20ste eeu

In albei die RGN-verslae (1978 en 1982) word inligting verskaf oor taalkennis, -gebruik en -voorkleur. Hierdie drie aspekte word bespreek aan die hand van inligting uit bovenoemde twee verslae en die UNIN-verslag.

Dit is moeilik om inligting uit die twee RGN-verslae en die UNIN-verslag met mekaar te vergelyk en ook om tot 'n gevolgtrekking te kom oor hoe die gegewens oor Afrikaans vergelyk met dié oor ander tale, omdat daar in SWA/Namibië tien tale/taalgroepes is volgens die RGN (1978:1) en die UNIN (1981:3) en 31 tale en dialektes volgens die RGN (1982:1).

Omdat die data persentasiegewys of op 'n puntestelsel verwerk is, is die gevolgtrekkings oor die stand van Afrikaans in alle gevalle in wese dieselfde en bestaan daar nie twyfel hieroor nie.

4.3.1.1 Taalkennis

Volgens die RGN (1978:141-142) en die UNIN (1981:5) is Afrikaans op een na die bekendste taal in SWA/Namibië; net Wambo is aan meer mense bekend. Wambo is byna uitsluitend aan Wambo-eersletaalsprekers bekend en is ook die hulstaal van die grootste groep mense; as tweede taal is dit byna heeltemal onbekend. Afrikaans daarenteen is die bekendste tweede taal en tweede grootste hulstaal; vergelyk die onderstaande tabel (RGN, 1978:142):

	As 2de taal	As hulstaal	Totaal
Afrikaans	31	14	45
Engels	19	1	20
Herero	6	7	13
Duits	4	2	6
Dam./Nama	2	13	15
Wambo	1	56	57

(L.W. In die RGN se 1978-verslag word met 'n puntestelsel gewerk en nie met persentasies soos in die 1982-verslag nie (RGN, 1978:2).)

Uit bovenoemde gegewens is dit duidelik dat Afrikaans die beste bekend is onder die meeste bevolkingsgroepe. Hoewel Wambo meer bekend is, is dit net aan een bevolkingsgroep bekend. Engels is die tweede bekendste tweede taal, maar dit is 'n baie klein hulstaal; net Tswana het minder eersletaalsprekers (op. cit.:141). As tweede taal is Engels net meer as halffpad so bekend as Afrikaans.

In die geheel gesien is Afrikaans dus die wydste versprei onder verskillende bevolkingsgroepe en net Wambo is bekender as Afrikaans.

Onder Wambo word verstaan die verskillende dialekte wat in Owambo gepraat word, naamlik Kwanyama, Ndonga, Kwaluudi, Kwambi, Mbalantu, Ngandjera en Nkolonkadhi, waarvan Kwanyama, Kwambi en Ndonga skryftale is (RGN, 1978:2; UNIN, 1981:3). Die feit dat die sogenaamde Wambo-dialekte drie skryftale insluit, laat twyfel ontstaan of daar werkelik met Wambo as 'n eenheid

gewerk kan word. Is hier nie dalk werklik verskillende tale saamgegroepeer eenvoudig omdat hulle deur een bevolkingsgroep in een geografiese gebied gepraal word nie? Indien wel, is dit moontlik dat Afrikaans die bekendste taal is en nie een van of al die Wambo-tale saam nie.

Dat Afrikaans die bekendste taal is, is dan ook inderdaad bevind in die RGN-verslag (1982:18-19 en 46) waar al bogenoemde "dialekte" as aparte tale beskou is; vergelyk byvoorbeeld die gegewens oor watter persentasie van die bevolking elke taal as huistaal gebruik.

Afrikaans	31,8%
Engels	4,8%
Kwanyama	17,9%
Ndonga	13,4%

} Wambo-tale

Dit is dus duidelik dat Afrikaans die bekendste taal onder die meeste bevolkingsgroepe is. Die Wambotale is bekend aan die grootste enkele bevolkingsgroep, maar dit is nie aan ander bevolkingsgroepe bekend nie. Laasgenoemde is 'n belangrike feit wat in ag geneem behoort te word waar 'n groot aantal minderheidsgroepe ter sprake is. Dit is ook belangrik om te onthou dat **Wambo** 'n groot verskedenheid sogenaamde dialektes insluit, waarvan drie skryftale is - dit is dus nie een taal met een standaardvorm soos Afrikaans nie. Engels is byna heeltemal onbekend (vgl. ook UNIN, 1981:5).

4.3.1.2 Taalgebruik

Volgens die RGN (1978:143) is die posisie wat Afrikaans en Wambo betref hier omgekeer - Afrikaans word baie meer as die Wambotale gebruik. Dit kan toegeskryf word daaraan dat Afrikaans die lingua franca en 'n amptelike taal in SWA/Namibië is en Wambo net deur Wambosprekendes gebruik word. Engels is ook wel 'n amptelike taal, maar dit is so onbekend dat dit baie min gebruik word; vergelyk die tabel met gegewens oor taalgebruik in die RGN-verslag (op. cit.:145):

	As 2de taal	As huistaal	Totaal
Afrikaans	21	14	35
Engels	5	1	6
Duits	1	1	3
Herero	1	3	3
Wambo	0	26	26

Ook volgens die RGN (1982:35 en 46-47) is Afrikaans die mees gebruikte taal. Engels word baie min gebruik omdat dit so onbekend is en die Wambotale is slegs vir die Wambo's self van belang.

Daar word ongelukkig nie in die RGN-verslae of in die UNIN-verslag onderskei tussen lae en hoë funksies nie, maar dit kan aanvaar word dat Afrikaans as amptelike taal en lingua franca baie meer in hoë funksies gebruik word as Wambo wat nie 'n amptelike taal is nie. Die enigsle hoë funksies waarin die ander lokale tale in SWA/Namibië gebruik word, is as voertaal vir die eerste paar jaar op skool, radio- en koeranttaal. Vir ander hoë funksies word die amptelike tale, naamlik Afrikaans en Engels, gebruik. Sprekers van verskillende tale verkie se ook Afrikaans eerder as 'n moedertaal vir kommunikasie (UNIN, 1981:5).

4.3.1.3 Taalvoorkeur

Anders as taalgebruik word taalvoorkeur nie deur taalkennis beperk nie (vgl. 4.2.3). Dit blyk duidelik uit die sterk voorkeur vir Engels onder sekere bevolkingsgroepe in SWA/Namibië, ten spye van 'n baie geringe taalkennis.

Volgens die RGN (1978:145-146) gee elke taalgroep in SWA/Namibië voorkeur aan die eie taal. Die gewildste tweede taal is Engels en die tweede gewildste Afrikaans ten spye daarvan dat Afrikaans baie bekender is (vgl. 4.3.1.1). Omdat Afrikaans die huistaal van 'n baie groter deel van die bevolking is, is dit in die geheel gesien die taal wat die grootste voorkeur kry; vergelyk onderstaande gegewens (RGN, 1978:145):

	As 2de taal	As huistaal	Totaal
Afrikaans	49	14	63
Engels	51	1	52
Wambo	2	50	52
Duits	13	2	15
Dam./Nama	2	9	11
Herero	3	6	9
Kavango	0	6	6
Caprivi	0	5	5
Boesman	0	3	3
Tswana	0	0	1

Wat interessant is, is dat die voorkeur vir Engels as voertaal op skool toeneem en voorkeur vir die eie huistaal afneem namate die skoolvlak styg. Daarteenoor neem die voorkeur vir Afrikaans toe tot in standerd 3 en daarna neem dit af, sodat Engels as voertaal in die hoëskool baie groter voorkeur kry as Afrikaans. Dit is egter uit jongste uitsprake duidelik dat daar 'n swaal terug na moedertaalonderwys is (vgl. Taylor, 1989:v).

Engels kry dus die grootste voorkeur as tweede taal én as medium van onderrig ten spye daarvan dat dit 'n feitlik onbekende taal in SWA/Namibië is, maar in die geheel gesien kry dit minder voorkeur as Afrikaans.

Volgens die RGN (1982:49) kry Afrikaans deurgaans baie groter voorkeur as Engels in kontaksituasies met verskillende mense. Afrikaans is ook die taal wat die meeste mense die graagste praat en dit word beskou as die belangrikste taal (*op. cit.*:56-57); vergelyk onderstaande gegewens uit die verslag:

Taal	Graagste gepraal	Belangrikste taal
Afrikaans	19,2%	28,3%
Engels	3,5%	20,4%
Duits	3,9%	3,1%
Kwanyama	13,9%	10,5%
Ndonga	10,6%	9,9%
Nama-Damara	11,8%	5,7%
Herero	6,8%	4,5%
Kwangali	4,5%	4,6%

Dit is opvallend dat Engels as 'n baie belangrike taal beskou word, maar dat min mense dit graag praat. Baie mln van die mense wat Engels as belangrikste taal beskou, kan dit goed praat, terwyl die meeste mense wat Afrikaans as die belangrikste taal beskou dit goed kan praat; vergelyk:

	BELANGRIKSTE TAAL	PRAATKENNIS		
		Goed	Swak	Glad nie
	Afrikaans	28,3%	23,0%	3,4% 1,4%
	Engels	20,4%	9,1%	5,1% 6,0%

In metropolitaanse gebiede kry Engels as belangrikste taal groter voorkeur as wat die geval is onder die totale bevolking (op. cft.:59); vergelyk die gegewens vir metropolitaanse gebiede:

Belangrikste taal	
Engels	40%
Afrikaans	39%
Duits	5%
Ndonga	5%
Kwanyama	4%
Nama-Damara	3%

Ten spye daarvan dat Afrikaans die taal is wat die meeste mense die graagste praat en dat dit beskou word as die belangrikste taal, daal die voorkeur vir Afrikaans as onderrigmedium en dié vir Engels slyg namate die skoolvlak slyg (**op. cit.:63**); vergelyk:

SKOOLVLAK			
	Laer Primêr %	Hoër Primêr %	Sekondêr %
Afrikaans	40,7	39,9	38
Engels	30,2	46,4	53,9

Afrikaans word as voertaal verklein hoofsaaklik omdat dit 'n omgewingstaal is, terwyl die voorkeur vir Engels daaraan toe te skryf is dat dit beskou word as toekomststaal (**op. cit.:64-66**).

Die grootste persentasie leesbedrevenheid word ten opsigte van Afrikaans aangetref. Afrikaans is ook die taal wat die meeste mense die graagste lees en die gewildste koerante en tydskrifte is Afrikaans. In metropolitaanse gebiede word koerante en tydskrifte in hoër persentasies gelees as in nie-metropolitaanse gebiede (**op. cit.:88**). Wat betrek radioluisterpatrone is die Afrikaanse diens van die SWAUK die gewildste (**op. cit.:92**).

Dit is uit albei die RGN-verslae duidelik dat Afrikaans die grootste voorkeur kry in SWA/Namibië waar dit gaan om taalgebruik; dit kan daaraan toegeskryf word dat Afrikaans die bekendste taal is. Ouers verkies egter Engels as voertaal op skool omdat hulle dit beskou as toekomststaal.

Die voorkeur vir Engels as medium van onderrig is só sterk dat die Akademieraad, op aandrang van die Rektoraat, Senaat, Studieraad en VSR, besluit het dat Engels die enigste onderrigmedium van die Akademie sal word sodra dit deur wetswyisiging toelaatbaar word (Akademie vir Tertiêre Onderrig, 1988a:4).

Die vraag ontstaan nou waaraan die sterk voorkeur vir Engels as onderrigmedium toegeskryf kan word; dit is immers so dat studente en

skoliere akademies baie beter kan presteer indien 'n bekende taal soos Afrikaans as onderrigmedium gebruik word.

Uit die RGN-verslag (1982:64-66) blyk duidelik dat ouers Engels verkie as onderrigmedium omdat hulle dit beskou as toekomstaal. Hierdie beskouing kan toegeskryf word aan positiwe propaganda vir Engels en negatiewe propaganda teen Afrikaans in die pers. In koerantberigte van die laasle tien jaar wat van die INEG-stelsel bekom is, word telkens erken dat Afrikaans die *lingua franca* is, maar daarby word gesê dat Engels in 'n onafhanklike SWA/Namibië die enigste amptelike taal sal wees (vgl. bv. Anon., 1988:9; Combrink, 1981:6). Ouers sal dus ter wille van hulle kinders se toekoms Engels verkie. As die kind Engels nie op skool aanleer nie, sal hy nie kan oorleef in 'n onafhanklike SWA/Namibië met Engels as enigste amptelike taal nie.

Uit die dokument oor die onderrigmedium aan die Akademie vir Tertiêre Onderrig (1988b:4-5,8,12) blyk duidelik dat bogenoemde ook geld vir studente se voorkeur vir Engels as medium van onderrig aan die Akademie. Die studente se voorkeur vir Engels word baie versterk deur die stigmatisering van Afrikaans as taal van die onderdrukker en van apartheid (*op. cit.*:9,11,13). Ook hierdie stigmatisering is die gevolg van negatiewe propaganda; dit blyk duidelik uit die INEG-koerantknipsels (vgl. bv. Anon, 1982a:11; Louw, 1982:10; Oberholzer, 1982:3).

Swapo-aanhangers wat in baie van die koerantberigte aangehaal word, besef egter dat die grootste deel van die bevolking steeds voorkeur gee aan Afrikaans (vgl. bv. Anon., 1982b:39; Anon., 1982a:11). Ook by die Akademie verkie die meeste studente steeds Afrikaans (Akademie vir Tertiêre Onderrig, 1988b:7).

Ander redes wat aangevoer word vir die keuse van Engels as onderrigmedium aan die Akademie is dat Afrikaans linguistiese beperkings en tekortkominge het wat Engels nie het nie en dat Engels internasionaal bruikbaar is as kommunikaslemiddel en Afrikaans nie (Akademie vir Tertiêre Onderrig, 1988b:11; vgl. ook Du Plessis, 1987c:12-13).

Hoewel Afrikaans tans nog die grootste voorkeur kry in SWA/Namibië, kan die taal geleidelik agteruitgaan as gevolg van propaganda oor Afrikaans se linguistiese beperkings en oor die stigmatisering van Afrikaans en sy blanke Suid-Afrikaanse sprekers. Dat die moonlike agteruitgang van Afrikaans en die gelykydigte vooruitgang van Engels toegeskryf kan word aan propaganda, blyk uit die groter voorkeur vir Engels in metropolitaanse gebiede waar koerante in hoër persentasies gelees word as in nie-metropolitaanse gebiede (vgl. 4.3.1.3.).

4.3.1.4 *Samevatting*

Afrikaans is tans die bekendste taal onder die meeste bevolkingsgroepes (vgl. 4.3.1.1), dit word die meeste in alle funksies gebruik deur die meeste sprekers (vgl. 4.3.1.2) en dit kry die grootste voorkeur, maar voorkeur vir Engels neem toe (vgl. 4.3.1.3).

4.3.2 Die stand van Afrikaans teen die middel van die 19de eeu

Soos reeds in 4.3 genoem, bestaan daar geen verifieerbare feite oor die stand van Afrikaans in die 19de eeu nie. Afleidings sal gemaak word hoofsaaklik op grond van gegewens uit Hoofstuk 2.

4.3.2.1 *Taalkennis*

Die Oorlams wal aan die begin van die 19de eeu in SWA/Namibië gekom het, was Afrikaanssprekend (vgl. 2.2, 2.3 en 3.5). Die ander Afrikaanssprekende bevolkingsgroepes, naamlik die Basters en blankes, kom eers na die middel van die 19de eeu in SWA/Namibië aan (vgl. 2.4).

Die feit dat die Oorlams Afrikaans gepraat het, het egter nie meegebring dat alle ander bevolkingsgroepes wal voor hulle reeds in SWA/Namibië gewoon het meteens ook leer Afrikaans praat het nie. Uit die sendelinge se geskrifte is dit baie duidelik dat 'n groot deel van die bevolking geen Afrikaans verstaan het nie (vgl. 2.5).

Afrikaans was dus nie in die 19de eeu so bekend as in die 20ste eeu nie. Slegs die Oorlams het Afrikaans goed geken; ander bevolkingsgroepe het dit geleidelik aangeleer.

4.3.2.2 Taalgebruik

Dit kan aanvaar word dat elke bevolkingsgroep sy eie taal as omgangstaal gebruik het, dit wil sê vir die meeste lae funksies (vgl. 2.5). Waar persone van verskillende taalgroepe met mekaar wou kommunikeer, is Afrikaans gebruik as lingua franca (vgl. 2.5). Op grond hiervan kan gesê word dat Afrikaans bekender was en meer gebruiklik is in lae funksies as die ander lokale tale.

Vir hoë funksies, dit wil sê vir die skryf van wetboeke, as kerktaal en onderrigmedium, is Afrikaans gebruik (vgl. 2.5) deur die Oorlams en die Namas.

Afrikaans was dus reeds in die 19de eeu die mees gebruikte taal in alle funksies in SWA/Namibië.

4.3.2.3 Taalvoorkleur

Die feit dat Afrikaans gebruik is vir alle hoë funksies ten spyte daarvan dat 'n groot deel van die bevolking dit nie geken het nie, gee 'n aanduiding van Afrikaans se hoë status. Dit blyk dan ook duidelik uit die sendelinge se geskrifte dat die Namas hul eie taal verag het en Afrikaans verkies het (vgl. 2.5).

Blanke Suid-Afrikaners was reeds in die 19de eeu in 'n mate gestigmatiser, soos blyk uit Heese (s.j.:14) se aanhaling van Jager Afrikaner: "As you are sent by the English, I welcome you to the country; for though I hate the Dutch, my former oppressors, I love the English; for I have always heard that they are the friends of the poor black man." Du Plessis (1987c:11) merk op dat dit hoogs onwaarskynlik is dat bogenoemde uitslating oorspronklik in Engels gemaak sou wees. Net soos die Oorlams se trek oor die Oranjerivier (vgl. 2.2), dul bogenoemde aanhaling op die sosiale skeiding, onaanpasbaarheid en nie-aanvaarding tussen blanke en nie-blanke Afrikaanssprekendes. Ten spyte

van hierdie stigmatisering het die Oorlams Afrikaans gepraal en die kultuur aangehang van hulle sogenaamde onderdrukkers. Dit was moontlik omdat die stigmatisering van blanke Suid-Afrikaners 'n eeu gelede nog nie so ver gevorder was nie.

Afrikaans was dus reeds in die 19de eeu die taal wat die grootste voorkeur in SWA/Namibië gekry het.

4.3.2.4 Samevatting

Afrikaans was teen die middel van die 19de eeu nog nie so bekend soos tans die geval is nie, maar dit was toe reeds die mees gebruikte taal en die taal wat die grootste voorkeur gekry het (vgl. 4.3.2).

4.4 Die groei/aggeruitgang van Afrikaans in SWA/Namibië

Uit 'n vergelyking van gegewens in 4.3.1 en 4.3.2 blyk dit duidelik dat Afrikaans sedert die begin van die 19de eeu geweldige gegroei het in SWA/Namibië. Dit is vandag die eerste taal van 17,5% van die bevolking, te wete die Basters, Kleurlinge en die meeste van die blankes en dit word deur 31,8% van die bevolking as huistaal gebruik (RGN, 1982:18). Afrikaans is tans die bekendste taal onder die meeste bevolkingsgroepe (vgl. 4.3.1.1) en nie meer net onder een groep (vgl. 4.3.2.1) nie. Die bevolking van SWA/Namibië se kennls van Afrikaans het dus baie toegeneem.

Wat betref taalgebruik was Afrikaans reeds in die 19de eeu die lingua franca en as gevolg van die feit dat dit as prestigetaal beskou is, is dit ook vir alle hoë funksies gebruik (vgl. 4.3.2.2). Dit is vandag steeds die lingua franca en die amptelike taal wat die meeste in hoë funksies gebruik word, aangesien die ander amptelike taal, Engels, byna heeltemal onbekend is (vgl. 4.3.1.2).

As gevolg van die prestigewaarde van Afrikaans het dit in die 19de eeu reeds die grootste voorkeur gekry (vgl. 4.3.2.3). Later het dit 'n bruikbare taal geword as gevolg van amptelike erkenning en omdat dit die bekendste amptelike taal is en die taal van die meeste werkgewers in SWA/Namibië, kry dit steeds die grootste voorkeur (vgl. 4.3.1.3).

Dit is duidelik dat Afrikaans gegroei het as gevolg van 'n toename in lae funksies en dat die taal se reeds hoë status verder verhoog is deur amplelike erkenning. Hierdie hoë status kan egter geleidelik afneem. Dit kan dan lei tot die verlies van hoë funksies (byvoorbeeld die funksie van onderrigmedium) en hou dus die gevaar van 'n verlies aan lae funksies in. Die statusverlies van Afrikaans kan toegeskryf word aan 'n toenemende stigmatisering van blanke Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners as gevolg van negatiewe propaganda. Nog in 1980 is Afrikaans "die taal van vry wording" in SWA/Namibië genoem (Anon., 1980:6). Daarna het negatiewe propaganda al meer toegeneem en word Afrikaans voortdurend die taal van die onderdrukker en Engels die taal van vry wording genoem.

Hoewel Afrikaans op die oomblik nog baie sterk staan in SWA/Namibië, moet taalbeplanners werk aan 'n taalbeplanningsprogram om te voorkom dat Afrikaans agteruitgaan en om te verseker dat die taal bly groei.

5.0 Hoofstuk 5

Taalbeplanning

DOELSTELLING

Om

1. 'n definisie van taalbeplanning te gee;
2. die anatomie van taalbeplanning te bespreek;
3. 'n aanduiding te gee van wie vir taalbeplanning verantwoordelik behoort te wees;
4. 'n aanduiding te gee van wat gedoen kan word om te verseker dat taalbeplanning suksesvol sal wees.

INHOUD

- 5.1 Inleiding
- 5.2 'n Definisie van taalbeplanning
- 5.3 Die anatomie van taalbeplanning
- 5.4 Taalbeplanners
- 5.5 Voorwaardes vir die sukses van taalbeplanning

5.1 Inleiding

Taalbeplanning is vir enige meerstalige land van die uiterste belang. Besluite rakende taalaangeleenthede raak elke spreker se daaglikse lewe, omdat dit bepaal of hy 'n bekende taal en 'n taal van sy keuse kan gebruik in alle funksies of nie. Daarom kan dit nie ligtelik geneem word nie.

Taalbeplanning word dikwels deur die regering van 'n land gedoen. Die regering stel dan 'n taalbeleid op wat bepaal watter tale watter funksies sal hê in die bepaalde land. Hierdie besluite van regeringskant berus dikwels op 'n bepaalde ideologie en hou nie altyd rekening met sprekers se kennis en gebruik van en voorkeur vir tale nie. Taalbeplanning is daarom nie altyd tot voordeel van alle sprekers nie.

Om te verseker dat taalbeplanning vir alle sprekers die grootste moontlike voordeel inhoud, moet dit deur kundiges op die gebied gedoen word op so 'n wyse dat dit rekening hou met die taalwerklikheid.

Met die oog op voorstelle vir die nodige beplanning van Afrikaans in SWA/Namibië (vgl. 4.4 en Hoofstuk 6), word in hierdie hoofstuk meer lig gewerp op wat presies onder taalbeplanning verstaan word, op die anatomie van taalbeplanning, op wie vir taalbeplanning verantwoordelik behoort te wees en op wat gedoen kan word om te verseker dat taalbeplanning suksesvol sal wees.

Eerstens word 'n definisie van taalbeplanning gegee. Daarna word die anatomie van taalbeplanning bespreek, waarna gekyk word na die persone wat vir taalbeplanning verantwoordelik behoort te wees. Laastens word die voorwaardes vir die sukses van taalbeplanning bespreek.

5.2 'n Definisie van taalbeplanning

Elke taalbeplanner en taalbeplanningstudent moet kan rekenskap gee van wat presies onder taalbeplanning verstaan word. 'n Groot aantal definisies en omskrywings van taalbeplanning word dan ook aangetref in literatuur oor die

onderwerp. Om duidelikheid oor die aard en omvang van taalbeplanning te kry, word vervolgens kortlik aandag gegee aan enkele van hierdie definisies.

Uit Haugen (1972a:422) se definisie van taalbeplanning kan aangelei word dat hy taalbeplanning lank beskou het as bestudering van en besluitneming oor die taalstruktur. In 1983 haal hy egter ook nog die funksies van taal by (Haugen, 1983:286), dit wil sê die gebruik van taal binne 'n sekere konteks in hoë of lae funksies. Ook ander taalbeplanners beskou taalbeplanning as beplanning van sowel die struktur (vorm) as funksies van taal (vgl. onder andere Du Plessis, 1989:4; Rubin & Jernudd, 1971b:xvi).

Die meeste taalbeplanners is dit eens dat taalbeplanning verandering in die rigting van die beplanner se keuse tot gevolg behoort te hê (vgl. onder andere Ferguson, 1983:32; Rubin & Jernudd, 1971b:xvi). Ander is egter van mening dat taalbeplanning juis ook daarop gemik kan wees om verandering teen te werk (vgl. Du Plessis, 1989:9 - hoewel hy in sy definisie van taalbeplanning (**op. cit.:9-10**) nie hiervoor voorsiening maak nie).

Die doel met taalbeplanning is om taalprobleme op te los. 'n Taalprobleem kan die oorsaak of gevolg wees van sosiale, politiese, ekonomiese, kulturele of godsdiensprobleme. Daarom moet alle fasette van 'n gemeenskap by taalbeplanning in berekening gebring word (Cobarrubias, 1983a:25; Du Plessis & Du Plessis, 1987b:xlii; Haugen, 1966:16; Kelman, 1971:46; Lewis, 1983:309; Paulston, 1984:55; Prinsloo, 1984a:137-138; Rubin, 1971:218-219; Rubin, 1984:5,9; Rubin & Jernudd, 1971b:xiv,xvi).

Uit bogenoemde gegewens blyk dit duidelik dat taalbeplanning beskou kan word as **die doelbewuste manipulasie van 'n variëteit/variëteite se vorm (struktuur) en/of funksie(s) met die doel om taalprobleme op te los**.

5.3 Die anatomie van taalbeplanning

5.3.1 Inleiding

Op grond van die onderskeid wat alle taalbeplanners tref tussen die beplanning van variëteite se **vorm** en **funksies**, dit wil sê op grond van die tipe taalverandering wat beplanners wil tweegbring of probeer teenwerk, kan taalbeplanning verdeel word in respektiewelik **korpusbeplanning** en **statusbeplanning**.

Volgens Cobarrubias (1983b:42) was Kloss die eerste om hierdie onderskeid te tref. Jernudd se "language development" is min of meer dieselfde as korpusontwikkeling, terwyl sy "language determination" (Fasold, 1984:246-247) ooreenkom met statusbeplanning. Volgens Fasold (op. cit.:250) kan taalbeplanning op twee maniere benader word, naamlik instrumentele of sosiolinguistiese. Die instrumentele benaderingswyse gaan uit van die standpunt dat taal 'n instrument is wat deur middel van taalbeplanning verbeter kan word ter wille van beter kommunikasie. Die uitgangspunt van die sosiolinguistiese benaderingswyse is dat taal 'n hulpbron is wat gebruik kan word ter verbetering van 'n gemeenskap se sosiale lewe; die beginpunt van taalbeplanning is dan 'n taalverwanlike sosiale probleem. By die instrumentele benadering gaan dit blykbaar om die beplanning van 'n beter taalvorm, terwyl die sosiolinguistiese benadering meer ingestel is op beplanning van taalfunksies. Ook Neustupny se onderskeid tussen "cultivation approach" en "policy approach" (Fasold, 1984:246) hou verband met die beplanning van variëteite se vorm en funksie.

Ten spye van terminologiese verskille is dit duidelik dat taalbeplanners saamstem dat daar len opsigte van die vorm én die funksies van variëteite beplan kan en moet word. Om praktiese redes en ter wille van 'n sistematische werkswyse kan op grond van die onderskeid tussen die vorm en funksie van taal onderskei word tussen korpus- en statusbeplanning. Met die tref van hierdie onderskeid word geensins bedoel dat korpus- en statusbeplanning onafhanklik van mekaar gedoen kan word nie. Besluite oor 'n variëteit se status kan die korpusbeplanning daarvan beïnvloed, terwyl veranderinge in

die korpus wat die resultaat is van korpusbeplanning weer kan lei tot statusverandering. Korpus- en statusbeplanning is interafhanglik van en in interaksie met mekaar. Besluite op een gebied raak ook die ander gebied (Kozelka, 1984:5). Die aanwys van taalfunksies, dus statusbeplanning, word gewoonlik bepaal deur buitetalige faktore en kan korpusverandering tot gevolg hê (Cobarrubias, 1983b:42). Dit is ook onmoontlik om korpusbeplanning te doen sonder om die status in ag te neem en vice versa. 'n Ondersoek na die graad van standaardisasie en modernisering sal byvoorbeeld nodig wees om te bepaal of 'n variëteit gesik is om in sekere funksies gebruik te word alvorens daardie funksies deur welgewing aan die variëteit toegeken word. 'n Korpusondersoek moet dus soms statusbeplanning voorafgaan. As funksies egter reeds deur welgewing aan 'n variëteit toegeken is, dit wil sê as statusbeplanning gedoen is, moet deur middel van korpusbeplanning gesorg word dat die variëteit linguisties voldoende is vir gebruik in daardie funksie(s). Statusbeplanning moet dus ook weer gevolg word deur korpusbeplanning. Die onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning hou bloot die voordeel in dat dit taalbeplanning in die praktyk vergemaklik, omdat meer aandag, tyd en geld in sekere gevalle aan of die een of die ander gegee kan word.

5.3.1.1 *Korpusbeplanning*

Korpusbeplanning behels beplanning ten opsigte van die vorm of struktuur van elke aspek van die gesproke en geskrewe taal: die fonologie, morfologie, sintaksis, leksikologie en ortografie (Cobarrubias, 1983b:42; Du Plessis, 1989:3; Fasold, 1984:246; Kozelka, 1984:4).

Korpusbeplanning sal nie vir alle tale dieselfde wees nie. Dit sal verskil afhangende van die ontwikkelingspell van elke taal. Vir onontwikkelde tale moet eerstens 'n ortografie ontwikkel word. Die volgende stap is standaardisasie en bevordering van onder ander die letterkunde, sodat die taal kan ontwikkel tot 'n volwaardige kultuurtaal. Selfs vir gevestigde kultuurtale moet voortdurend korpusbeplanning gedoen word, naamlik in die vorm van modernisering sodat die taal altyd in pas bly met die snel onwikkelende wetenskap en tegnologie en die veranderende lewenswyse van sprekers. As

Iaasgenoemde nie gedoen word nie, kan 'n taal gevaar loop om sekere van sy funksies te verloor omdat hy nie geskik bly vir gebruik in daardie funksies nie.

5.3.1.2 *Statusbeplanning*

Statusbeplanning behels beplanning van die funksiegebruik van variëteite. Dit is beplanning vir 'n hoë of lae status wat onder ander verkry kan word deur regeringsbesluite oor die funksies waarvoor elke taal gebruik mag/moet word asook deur standaardisasie van 'n sekere variëteit van 'n taal. Statusbeplanning sal dus die stand van 'n variëteit met betrekking tot ander variëteite beïnvloed (Cobarrubias, 1983b:42; Du Plessis, 1989:12; Fasold, 1984:246-247; Haugen, 1983:275; Prinsloo, 1984b:126; Rubin, 1983:275).

5.3.1.3 *Hulpbronbeplanning*

Sommige taalbeplanners onderskei ook nog 'n derde tipe taalbeplanning naas korpus- en statusbeplanning, naamlik hulpbronbeplanning (vgl. Du Plessis, 1989:12; Kozelka, 1984:6). Dit is beplanning om te verseker dat mense met genoeg kennis en tyd om taalbeplanning te doen beskikbaar sal wees asook geld om hulle te betaal en hulle werk te finansier.

Hulpbronbeplanning is beslis noodsaaklik, omdat sowel korpus- as statusbeplanning daarsonder onmoontlik is. Taalbeplanning verg immers, soos enige ander onderneming, mense om die werk te doen (die beplanners), tyd en geld. Hulpbronne hou egter nie direk verband met die **aard van taalverandering** nie, en dus huis "(o)op grond van 'n mens se bekouing van die aard van taalverandering" wat taalbeplanning volgens Du Plessis (1989:10) en ander taalkundiges (vgl. 5.3.1) geklassifiseer kan word. Om hierdie rede, en ook omdat taalbeplanning beplanning vir **taal** is, word hulpbronbeplanning nie in hierdie studie as 'n derde tipe taalbeplanning beskou nie.

Voordat met korpus- of statusbeplanning begin kan word, moet die beplanner eers vasstel watter hulpbronne beskikbaar is. Dit kan wel beskou word as inligtingversameling oor hulpbronne. Sodra hy egter besluit watter hulpbronne waar, wanneer en hoe aangewend moet word om inligting te verkry oor die taal se korpus of status, of om die korpus of status te probeer beïn-

vloed, is hy reeds weer besig met korpus- of statusbeplanning. Hulpbronbeplanning kan daarom eerder beskou word as die eerste stap by taalbeplanning - 'n noodsaaklike voorvereiste vir die res van die taalbeplanningsproses. Dit moet ook by elke ander stap in die taalbeplanningsproses in berekening gebring word, omdat **geen** deel van taalbeplanning moontlik is sonder die nodige hulpbronne nie.

5.3.2 Die taalbeplanningsproses

Die taalbeplanningsproses vir korpus- en statusbeplanning is dieselfde. Dit behels die volgende:

1. hulpbronbeplanning;
2. Inligtingversameling;
3. doelwitbepaling;
4. Implementering;
5. evaluasie.

Laasgenoemde vier slappe word algemeen deur taalbeplanners aanvaar (vgl. onder andere Rubin, 1984:6; Du Plessis, 1989:20). Eersgenoemde is waarskynlik so vanselfsprekend dat dit tot dusver bale min aandag gekry het in taalbeplanningsteorie en nie beskryf is as deel van die taalbeplanningsproses nie.

Fishman (1984:40-43) onderskei tussen mikrotaalbeplanning vir 'n beperkte variëteitsgemeenskap en makrotaalbeplanning vir die omvatende taalgemeenskap. Taalbeplanning kan gedoen word op streeksgrondslag (mikrotaalbeplanning) of op nasionalevlak vir die hele land (makrotaalbeplanning). Die omyang van taalbeplanning sal dan wel verskil, maar die metode bly dieselfde (Du Plessis, 1989:9).

Vervolgens word die verskillende slappe van die taalbeplanningsproses bespreek.

5.3.2.1 *Hulpbronbeplanning*

Taalbeplanning moet nou saamhang met ekonomiese beplanning (Kelman, 1971:46). Taalbeplanningsdoelwitte word dikwels geformuleer in terme van behoeftes eerder as met inagneming van beskikbare hulpbronne (Fishman, 1984:52). Die onkoste verbonde aan taalbeplanning in terme van tyd, geld en energie is 'n beperkende faktor (Rubin & Jernudd, 1971b:xvii). As daar nie beplan word vir die sinvolle en korrekle aanwending van hulpbronne nie en die beperkte hoeveelheidtyd, geld en energie nie in gedagte gehou word nie, kan taalbeplanning dikwels neerkom op bloot idealistiese doelwitbepaling. By gebrek aan hulpbronne sal die nodige inligtingversameling, implementering en evaluasie nie moontlik wees nie.

Omdat taalbeplanning sonder die nodige hulpbronne nie moontlik is nie, is hulpbronbeplanning die eerste stap in die taalbeplanningsproses. Mense met genoeg kennis en tyd moet gevind word om die werk te doen, asook geld om hulle te betaal en hulle werk te finansier. Hulpbronbeplanning kan egter nie beperk word tot die eerste fase van taalbeplanning nie - dit moet by elke fase in berekening gebring word.

5.3.2.2 *Inligtingversameling*

Die doel met taalbeplanning is om probleme op te los (vgl. 5.2). Om dit te kan doen, moet die probleme eers geïdentifiseer word (Thorburn, 1971:254). Probleemidentifisering en wetenskaplike taalbeplanning is nie moonlik sonder deeglike kennis van beslaande toestande nie. Om rekening te kan hou met die taalwerklikheid, moet die beplanner dus deeglike navorsing en 'n situasieanalyse doen voordat hy begin beplan. Soos reeds genoem, moet inligting verkry word oor alle aspekte rakende die taalgemeenskap, omdat die gebruik van taal 'n sosiale aktiwiteit is - ook sosiale, politiese, ekonomiese en ander faktore moet in ag geneem word (vgl. 5.2).

5.3.2.2.1 *Inligtingversameling vir korpusbeplanning*

Inligting oor alle faselle van die gesproke en geskrewe taal moet ingewin word. Die hele taal is ter sprake, daarom moet alle variante en variëteite (of

dan soveel as moontlik) bestudeer word. In werklikheid kan gesê word dat elke taalkundige wat navorsing doen oor 'n aspek van 'n taal besig is met die tweede slap van korpusbeplanning, omdat hy inligting versamel oor die taal se vorm. Nadat probleme geïdentifiseer en doelwitte vir die oplossing daarvan opgestel is, kan meer inligting oor elke spesifieke probleemarea ingesamel word om sodoende probleemoplossing moontlik te maak.

5.3.2.2.2 Inligtingversameling vir statusbeplanning

Om inligting te bekom met die oog op statusbeplanning, moet 'n ondersoek geloods word na die stand van alle tale in die geografiese gebied waarvoor beplan moet word, dit wil sê inligting aangaande die taalkennis, taalgebruik en taalvoorkleur van alle sprekers in die gebied moet ingewin word (vgl. Hoofstuk 4 waar 'n ondersoek na die stand van 'n taal bespreek word).

Om doelwitte vir korpus en status op te stel wat met die werklikheid verband hou en alle realiteite in berekening bring, moet nie alleen 'n verteenwoordigende databasis versamel word nie; data moet ook behoorlik verwerk en geïnterpreteer word.

5.3.2.3 Doelwitbepaling

Die doel met taalbeplanning is om taalprobleme op te los. Taal het twee funksies: dit is 'n kommunikasiemiddel en 'n identifikasiemiddel (Fishman, 1968:6; Ponelis, 1987:12). Die algemene doelstelling van taalbeplanning moet dus wees om probleme uit die weg te ruim sodat

(a) kommunikasie kan verbeter en

(b) dit vir sprekers moontlik sal wees om taal te gebruik as identifikasiemiddel.

By die bepaling van spesifieke doelwitte vir korpus- en statusbeplanning moet deurgaans met bogenoemde doelstelling rekening gehou word.

Kozelka (1984:19) wys daarop dat die kliënte van taalbeplanning (dit is die lede van die taalgemeenskap vir wie beplan word) in ag geneem moet word

Indien taalbeplanning suksesvol wil wees. Dit gaan by taalbeplanning immers om die werklike gebruik van taal wat beplan word (Du Plessis, 1984b:166), daarom kan die gebruiker en sy behoeftes, voorkeure en afkeure nie buite rekening gelaat word by die bepaling van doelwitte nie. Taalbeplanning is gemik op die oplossing van probleme (Rubin & Jernudd, 1971b:xvi; Rubin, 1984:4) wat hul oorsprong het in die sosiale opset (Rubin, 1984:5) en as die taalbeplanningsdoelwitte nie die gebruiker in ag neem nie, sal dit probleme eerder vererger as oplos. Nahir (1984:298) en Rubin (1984:5-6) stel dit dan ook baie duidelik dat taalbeplanningsdoelwitte saam met die taalgemeenskap se behoeftes en aspirasies moet verander.

Taalbeplanners hoef nie taalbeplanningsdoelwitte een-een te probeer bereik nie - taalbeplanningsorganisasies kan verskeie doelwitte gelyklydig nastreef. Beplanners moet egter ook 'n prioriteitslys opstel om te bepaal watter doelwitte voorkeur moet kry by die implementeringsfase (Nahir, 1984:298; Rubin, 1984:6). Hier is hulpbronbeplanning en Interpretasie van inligting oor probleme van die allergrootste belang, omdat die beskikbaarheid van fondse en die erns van probleme sal bepaal watter doelwitte moet voorkeur kry.

Volgens Rubin (1984:8) kan taalbeplanningsdoelwitte linguisties, semi-linguisties of buite-linguisties van aard wees. Hier kry ons dus weer die verdeeling tussen korpus (linguisties) en status (buite-linguisties) asook die wisselwerking en interafhanglikheid tussen korpus en status (semi-linguisties).

Vervolgens word spesifieke doelwitte vir korpus- en statusbeplanning bespreek.

5.3.2.3.1 Doelwitbepaling vir korpusbeplanning

Fishman (1984:37) noem drie gevolge van taalbeplanning:

- ortografisering;
- standaardisasie;
- modernisering.

Bogenoemde kan ook beskou word as die doelwitte vir korpusbeplanning, afhangende van die ontwikkelingsvlak van die taal waarvoor beplan moet word. Volgens Prinsloo (1984a:143) moet daar by taalbeplanning rekening gehou word met ontwikkeldes én onontwikkeldes. Vir die onontwikkelde tale moet begin word met die ontwikkeling van 'n skryftaalvorm. Daarna kom standaardisasie aan die beurt. By ontwikkelde tale bly modernisasie voortdurend van belang.

Omdat taal voortdurend verander, moet die doelwitte vir korpusbeplanning voortdurend aangepas word. Taalstruktuurverandering vind nie oornag plaas nie, daarom is doelwitte vir korpusbeplanning gewoonlik langtermyn doelwitte.

Korpusbeplanning word gewoonlik vir 'n taalgemeenskap as geheel gedoen. Dit raak meestal net die standaardtaal en skryftaal direk, terwyl spreektaalvariëteite sonder doelbewuste inmenging kan bly ontwikkel. Korpusbeplanning is dus makrotaalbeplanning en doelwitte moet altyd rekening hou met die probleme, behoeftes, aspirasies, voorkeure en afkeure van alle sprekers.

5.3.2.3.2 Doelwitbepaling vir statusbeplanning

Statusbeplanning behels beplanning van die funksiegebruik van variëteite (vgl. 5.3.1.2). Taalstatus is direk verwant aan taalfunksies (Cobarrubias, 1983b:48). 'n Variëteit met hoë en lae funksies het gewoonlik hoër status as 'n variëteit met net lae funksies. Deur die funksiegebruik te beplan, word dus eintlik beplan vir 'n hoë en/of lae status vir die variëteit.

'n Taal kan funksies verkry deur middel van welgewing - die owerheid kan byvoorbeeld bepaal watter taal/tale gebruik moet word as onderrigmedium, administratiewe taal, ensovoorts. Waar welgewing 'n keuse tussen tale toelaat, byvoorbeeld as 'n gebied twee amptelike tale het, sal taalvoorkleur bepaal word deur die sprekers se kennis van en houding teenoor die tale. Sprekers wat net een van die amptelike tale ken, sal noodwendig daardie taal moet gebruik. Dit beteken egter nie dat hulle voorkeur sal gee aan die taal wat hulle ken nie (vgl. 4.2.3). Sprekers se houding teenoor 'n taal word bepaal deur

daardie taal se kommunikatiewe en identifikasiewaarde (Fasold, 1984:186, 188, 208; vgl. ook 4.2.3). Positiewe of negatiewe propaganda oor 'n sekere taal of lede van die taalgemeenskap wat die taal gebruik, kan sprekers se houding teenoor daardie taal beïnvloed. 'n Taal kan byvoorbeeld gestigmatiseer word deur 'n politieke ideologie (Paulston, 1984:61). Sprekers sal dan verkies om die gestigmatiseerde taal te vermy al word gebruik van die taal nie deur welgewing verbied nie. Taalgebruik en taalvoorkleur weerspieël ideologiese en kulturele waardes (Schjerva, 1981:214). Deur middel van positiewe of negatiewe propaganda kan 'n taal dus ook funksies, en sodoende status, wen of verloor.

Die doelwitte vir statusbeplanning kan soos volg opgesom word:

- om 'n sekere variëteit van 'n taal tot standaardtaal te verhef;
- om in 'n meerlalige gebied te poog om funksiewinstle of -verliese vir 'n sekere taal te verkry deur middel van welgewing en/of propaganda.

Statusbeplanning kan gedoen word op nasionale en/of plaaslike vlak. Die plaaslike owerheid van elke streek kan byvoorbeeld bepaal watter taal in hulle streek as administratiewe taal gebruik moet word, terwyl die regering kan besluit watter taal die nasionale taal moet wees. 'n Taal kan dan amptelike status hê op munisipale of streeksvlak, maar nie op federale (of nasionale) vlak nie, soos byvoorbeeld Ibo in Oos-Nigerië (Cobarrubias, 1983b:73). Statusbeplanning kan dus mikro- en makrobeplanning insluit, maar by mikrobeplanning moet rekening gehou word met die doelwitte van makrobeplanning.

Statusbeplanning kan lang- en korttermynndoelwitte hê. Korttermynbesluite word volgens Jernudd & Das Gupta (1971:208) meestal geneem op laer administratiewe vlak, dit wil sê dit is mikrobeplanning, en dit word dikwels hereoorweeg. Dit word veroorsaak en beperk deur minder frekwente hoëvlakbesluite (*op. cit.*), dit wil sê deur makrobeplanning. Makrotaalbeplanning kan dus verskeie mikrotaalbeplanningsprogramme insluit.

Die belangrikste langtermynndoelwil op makrovlak word deur die regering van 'n land geformuleer en staan bekend as die taalbeleid. Taalbeleid word in

hierdie studie nie beskou as 'n beskrywing van die huidige stand van sake en die **gevolg** van taalbeplanning soos wat Du Plessis (1989:14-15) dit sien nie, maar eerder as 'n beskrywing van hoe die regering graag die talesituasie in die land sal wil hê - dus formulering van hulle langtermynndoelwit. Taalbeleid is volgens Kozelka (1984:31) dan ook besluitneming oor die politieke en/of sosiolulturele **doelwitte** wat bereik moet word. Hierdie langtermynndoelwit op makrovlak kan bereik word deur middel van verskillende korttermynndoelwitte op mikrovlak. Die regering kan byvoorbeeld besluit op taal X as amptelike taal. As taal X onbekend is aan bale sprekers, kan dit nie onmiddellik die enigste taal met hoë funksies in die hele gebied word nie. Die langtermynndoelwit kan dan wees om te sorg dat genoeg sprekers taal X binne 'n sekere tydperk leer ken sodat dit die enigste hoëfunksieertaal kan word. Elke streek kan hierdie doelwit deur middel van sy eie korttermynndoelwitte bereik. In die tussentyd kan verskillende tale dan op streeksvlak funksioneer as amptelike tale.

Taalbeleid is volgens Ansre nie permanent nie (Kozelka, 1984:345). Die langtermynndoelwitte vir statusbeplanning moet voortdurend aangepas word by sosiolinguistiese veranderinge, want dit moet daarop gemik wees om te voorsien in die bevolking se instrumentele (dit is die kommunikatiewe) en sentimentele (dit is die identifikasie-) behoeftes (Kelman, 1971:48). Omdat taalbeleidsbesluite meestal gebaseer is op die Ideologieë van die besluitnemende owerhede (Cobarrubias, 1983b:41, 63), sal 'n regeringsverandering dikwels ook 'n taalbeleidsverandering meebring. Tipiese taalideologieë is volgens Cobarrubias (1983b:63) die volgende:

- **taalassimilasie;**
- **taalpluralisme;**
- **vernacularisering;**
- **internasionalisering.**

Hierdie ideologieë kan oorvleuel in een beleid (Reagan, 1987:134).

5.3.2.4 Implementering

Rubin (1984:7) stel dit baie duidelik dat "policymaking is not planning." Geen beleid gaan slaag en geen taalbeplanningsdoelwitte bereik word net omdat besluite daaroor geneem is nie. Volgens Haugen (1983:272) bly taalbeplanning dan ook net 'n oefeninkie op papier as implementering nie deel is van die werklike taalbeplanningsproses nie.

Die Implementeringsfase behels volgens Rubin (1984:7) die mobilisering van fondse en personeel, die motivering van diegene wat betrokke is by die taalbeplanningsprogram en die koördinasie van verskillende aspekte van die taalbeplanningsprogram. Volgens Kozelka (1984:31) behels implementering die vestiging van strukture en instansies om die beleid toe te pas, die aanwys van autoriteite wat verantwoordelik sal wees vir die beleidstoepassing en die wettigheid van die beleid.

Tydens die Implementeringsfase moet die beplanners dus personele en/of instansies aanwys/aanstel om hulle besluite uit te voer en die personele/instansies voorsien van die nodige fondse en gesag om te kan optree. Waar nodig kan beleidsbesluite deur wetgewing afgedwing word; iemand moet dan toesien dat hierdie wette gehoorsaam word.

Implementering beteken dus dat iets daadwerklik **gedoen** word aan die taalsituasie in 'n bepaalde gebied sodat die taalbeplanningsdoelwitte bereik kan word.

5.3.2.4.1 Implementering van besluite vir korpusbeplanning

Doelwitte vir korpusbeplanning sluit in ortografisering, standaardisasie en modernisering (vgl. 5.3.2.3.1). Personele/instansies moet dus aangestel word om:

- vir die taal (waar nodig) 'n ortografie te ontwikkel;
- besluite te neem oor die vorm van die standaardtaal, om spelreëls op te stel en grammaticaboeke, woerdeboeke, ensovoorts te skryf;

- die taal , veral die leksikon, voortdurend aan te pas by die ontwikkelende wetenskap en tegnologie en die veranderende lewenswyse van die sprekers.

Besluite rakende die korpus kan bekend gesetel en versprei word deur gebruik in koerante, tydskrifte, boeke en alle ander vorme van geskrewe taal, en deur gesproke en geskrewe taal wat gebruik word in die geïnstrialiseerde organisasies, soos byvoorbeeld skole, geregtshawe, ensovoorts asook oor die massamedia soos radio en televisie (Haugen, 1983:272). Die onderwys is volgens Fasold (1984:252) die hoofinstrument wat regerings gebruik vir die implementering van taalbesluite. Dit is waarskynlik die beste manier om alle sprekers te bereik, omdat kinders dit wat hulle op skool leer weer verder versprei.

5.3.2.4.2 Implementering van besluite vir statusbeplanning

Die doelwitte vir statusbeplanning is om die funksie(s) van 'n variëteit/variëteite te beplan (vgl. 5.3.2.3.2). Dit kan onder andere gedoen word deur welgewing - die regering of plaaslike overheid kan byvoorbeeld bepaal watter taal gebruik moet word as medium van onderrig of as administratiewe taal, ensovoorts. Implementering van overheidsbesluite sal betekenis dat wette oor taalsake toegepas moet word.

Taalfunksies en dus taalstatus kan egter ook beplan word deur sprekers se houding teenoor tale te probeer manipuleer. Deur propaganda ofte wel beplande bewusmaking kan 'n taal of so gestigmatiser word dat sprekers dit sal probeer vermy of dit kan bevoordeel word deur die positiewe gesindheid van sprekers. Hier gaan dit dus om die emosionele manipulasie van sprekers. As die beplanners se doelwil is om sprekers se houding teenoor 'n taal te verander, sal iemand moet sorg vir propaganda wat hierdie houdingsverandering kan teweegbring. Propaganda is nie altyd gegrond op die ware feite nie. Waar leuens en halwe waarhede verkondig word wat 'n taal skade kan berokken, moet iemand sorg dat die ware feite bekendgestel word.

Taalbeplanning Is volgens Haugen (1981:114) 'n bemarkingsonderneming (vgl. ook Steyn, 1984:12-13 en Du Plessis, 1989:12). 'n Taal se prys is die moeite om dit aan te leer. Die taal se waarde is die voordele wat gebruik van die taal inhoud (Haugen, 1983:114), naamlik beter kommunikasie met dié mense met wie die spreker wil/moet kommunikeer en identifikasie met ander gebruikers van die taal. Waar tale in kontak is met mekaar ding hulle mee om sprekers. Beplanners kan 'n sekere taal bemark deur daarvan funksies toe te ken deur welgewing wat sprekers sal dwing om ter wille van oorlewning die taal te gebruik, of hulle kan dit bemark deur by sprekers 'n positiewe houding te kweek deur middel van propaganda, of hulle kan dit bemark deur middel van welgewing én propaganda wat aan die taal kommunikaliewe (instrumentele) en identifikasie- (sentimentele) waarde gee.

Implementering van besluite rakende taalstatusbeplanning sluit dus in:

- die aanstel van persone en instansies om toe te sien dat wette toegepas word;
- die aanwys van persone en instansies om propaganda te maak vir of teen 'n taal.

In die USSR is die skole en massamedia volgens Lewis (1983:323) verantwoordelik vir die grootsle mate van taalverandering. Skole en die massamedia kan in enige gebied gebruik word om suksesvolle implementering van taalstatusbesluite te verseker.

5.3.2.5 Evaluasie

Evaluasie is die gereelde analyse en terugvoer van die verloop van die taalbeplanningsprogram (Rubin, 1984:7). Beplanners moet bepaal watter deel van die bevolking die gekose/voorgeskrewe vorme gebruik (Cooper, 1984:19). Dit help hulle om trod te hou met taalveranderinge (Rubin, 1971:229).


Evaluasie is 'n noodsaaklike deel van die taalbeplanningsprogram. Dit stel beplanners in staat om vas te stel of taalbeplanningsdoelwitte binne die be-

plande tyd bereik is. Indien nie, moet die metodes aangepas of verander word om meer doeltreffend te wees.

Die vyf taalbeplanning-stappe is interafhangklik van mekaar. Nadat doelwitte bepaal is, kan dit byvoorbeeld nodig wees om verdere inligting in te samel. 'n Doelwit vir statusbeplanning kan byvoorbeeld wees om 'n sekere taal die nasionale taal te maak. Voordat pogings aangewend word om hierdie doelwit te bereik, sal dit wenslik wees om eers met behulp van kwalitatiewe formules (Fasold, 1984:74 e.v.) vas te stel of die taal voldoen aan die vereistes vir 'n nasionale taal. Hulpbronbeplanning kan ook nie beperk word tot fase 1 nie - dit moet deel wees van elkeen van die ander fases, omdat tyd, geld en mannekrag vir elke fase benodig word en dus voortdurend beplan moet word.

Stappe 2 - 4 van die taalbeplanningsproses is sikkies van aard: evaluasie van wat bereik is, verskaf reeds weer inligting vir 'n volgende taalbeplanningsproses.

5.3.2.6 Skematische voorstelling van die taalbeplanningsproses



5.4 Taalbeplanners

Enigiemand kan volgens Fasold (1984:251) taalbeplanning doen. Dit beteken egter nie dat almal suksesvolle taalbeplanners sal wees nie.

Korpusbeplanning behoort deur taalkundiges gedoen te word (Cobarrubias, 1983b:58). Die taalbesluitnemingsproses is egter ook in die hande van taalstratege, maatskappye, regeringsinstansies, ensovoorts (Du Plessis & Du Plessis, 1987b:xiii).

Taalkundiges kan wel inligting oor taalaangeleenthede versaf, maar hulle hulp word meestal nie ingeroep by die besluitnemingsproses nie (Whiteley, 1984:69). Statusbeplanning is in die verlede deur staatkundiges en politici gedoen (Cobarrubias, 1983b:58, 62). Besluite is dan ook geneem op grond van politieke Ideologieë (Whiteley, 1984:69) en onder druk van die buiteland se dreigemente met sanksies en boikotte (Fishman, 1984:52).

Uit bogenoemde is dit reeds duidelik dat taalbeplanning nie die werk van net een mens is nie. Verskillende persone kan verantwoordelik wees vir korpus- en statusbeplanning en vir die verskillende fases van elke program onderskeidelik. Die persoon wat inligting versamel, het nog net aan een fase van die taalbeplanningsprogram gewerk en nie regtig **taalbeplanning** gedoen nie. Net so kan die owerheid op grond van inligting wat deur taalkundiges versaf is besluite neem en wetgewing deurvoer, maar dit is weer net 'n deel van die taalbeplanningsproses wat ter sprake is en nie taalbeplanning in die geheel nie. Om die taalbeplanningsprogram in sy geheel deur te voer, is samewerking tussen 'n verskedenheid persone en instansies nodig.

Volgens Haugen was daar by alle voorbeeld van suksesvolle taalbeplanning taalkundiges betrokke. Hy stel dit dan ook duidelik dat taalbeplanning gebaseer behoort te wees op die werk van professionele taalkundiges (Haugen, 1966:295-296). Taalbeplanningspersoneel moet volgens Fishman (1984:53) formeel opgeleid word en nie by die politiek betrokke wees nie. Dit moet dus persone wees wat in staat sal wees om die nodige inligting te versamel, dit te verwerk en op grond daarvan doelwitte te bepaal en nie op grond van een of

ander politieke ideologie nie. Sodoende kan verseker word dat taalbeplanning tot voordeel van alle sprekers sal wees. Die persone wat die beste in staat sal wees om inligting oor tale te versamel, dit te verwerk en op grond daarvan besluite te neem, is taalkundiges wat opgelei is om navorsing te doen oor tale en om taalbeplanning te doen. Uit die aard van hulle opleiding behoort hulle in staat te wees om besluite te neem op grond van die inligting tot hulle beskikking en nie op grond van hulle persoonlike voor- en afkeure nie.

Dit is dikwels onduidelik wie verantwoordelik is vir die Implementeringsfase en evaluasie. Sogenaamde beplanning kom daarom dikwels neer op bloot net die neerlê van regeringsbeleid (Fishman, 1984:52), dit wil sê doelwitbepaling, omdat taalkundiges nie altyd toegerus is om taalbeplanningsbesluite deur te voer nie. Om 'n taal te verhef tot amptelike of nasionale taal is immers welgewing nodig en daarvoor is samewerking van politici noodsaaklik.

Die ideaal sou wees dat elke fase van die taalbeplanningsproses gedoen word deur persone en/of instansies wat daardie fase die beste kan doen; samewerking tussen taalkundiges en onder ander politici sal dan noodsaaklik wees. Taalkundiges is die beste toegerus om inligting te versamel; hulle is immers opgelei om taalnavorsing te doen. Hulle is vanweë hulle taalkundekennis ook die aangewese persone om doelwitte vir korpusbeplanning te formuleer, dit te implementeer en te evaluateer. Hiervoor sal hulle egter finansiële bystand nodig hé asook samewerking van byvoorbeeld onderwysowerhede, joernaliste en ander gebruikers van die massamedia.

Statusbeplanning berus in 'n groot mate op politieke ideologieë en propaganda (vgl. 5.3.2.3.2) in plaas van inligting oor die stand van tale. Ook hier is taalkundiges uit die aard van hulle opleiding die beste in staat om inligting te versamel en doelwitte te formuleer wat berus op die korrekte inligting en nie op politieke voor- en afkeure nie. Volgens Whiteley (1984:71) het sosiolinguistiese ondersoeke géén invloed op die hedendaagse sosiopolitieke klimaat nie en soos reeds genoem is statusbeplanning in die verlede meestal deur politici en staatkundiges gedoen. Om besluite te kan neem wat sowel rasioneel as moreel is (Cobarrubias, 1983b:80), is dit egter nodig dat taalkundiges ook inspraak sal kry in die doelwitbepaling vir statusbeplanning.

By die implementering van besluite sal hulle, net soos by korpusbeplanning, ook finansiële steun en samewerking van byvoorbeeld die onderwysowerhede en massamedia nodig hé, maar daarby ook nog samewerking van owerheidskant.

